# VALIDERING VAN GRAFIESE GESINSBEELDING

# AS PSIGODIAGNOSTIESE TEGNIEK

CHRISTO FRANÇIS VAN HOEK, B.COMM,
HONS. B.COMM (EKON), HONS. B.A.

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium (Voorligtingpsigologie) in die Departement Psigologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Dr. C.A. Venter

Hulpleier : Prof. S. Oosthuizen

Potchefstroom
1991

**"Sing and dance together and be joyous,**
**but let each one of you be alone**
**Even as the strings of a lute are alone**
**though they quiver with the same music**
**And stand together yet not too near together;**
**For the pillars of the temple stand apart,**
**And the oak tree and the cypress grow**
**not in each other's shadow**
**But let there be spaces in your togetherness**
**And let the winds of the heavens dance**
**between you."**

("About Marriage" : The Prophet - Kahill Gibran, 1968: 20)

# VALIDERING VAN GRAFIESE GESINSBEELDING

# AS PSIGODIAGNOSTIESE TEGNIEK

CHRISTO FRANÇIS VAN HOEK, B.COMM,
HONS. B.COMM (EKON), HONS. B.A.

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium (Voorligtingpsigologie) in die Departement Psigologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Dr. C.A. Venter

Hulpleier : Prof. S. Oosthuizen

Potchefstroom
1991

**"Sing and dance together and be joyous,**
**but let each one of you be alone**
**Even as the strings of a lute are alone**
**though they quiver with the same music**
**And stand together yet not too near together;**
**For the pillars of the temple stand apart,**
**And the oak tree and the cypress grow**
**not in each other's shadow**
**But let there be spaces in your togetherness**
**And let the winds of the heavens dance**
**between you."**

("About Marriage" : The Prophet - Kahill Gibran, 1968: 20)

**INHOUDSOPGAWE**

**HOOFSTUK 1**

1. **INLEIDING EN DOELSTELLING** .................... 1

**HOOFSTUK 2**

2. **LITERATUUROORSIG** ............................ 4

2.1 Oriëntering ..................................... 4

2.2 Begripsverklaring ............................... 5
2.2.1 Inleiding ..................................... 5
2.2.2 Validering .................................... 5
2.2.2.1 Konstrukgeldigheid .......................... 8
2.2.2.1.1 Metodes om konstrukgeldigheid te ondersoek.. 10
2.2.2.1.2 Die toepaslikheid van konstrukgeldigheid in hierdie studie ............................. 12
2.2.2.2 Betroubaarheid en geldigheid van projektiewe tegnieke ................................. 13
2.2.2.2.1 Betroubaarheid ............................ 13
2.2.2.2.2 Geldigheid ................................ 14
2.2.3 Gesinsbeelding ................................ 15
2.2.4 Grafiese Gesinsbeelding ....................... 16

2.3 Die Projeksiefenomeen ........................... 19
2.3.1 Verskillende betekenisse van die begrip ... 19
2.3.2 Verklaringe (teorieë) van projeksie ....... 23
2.3.2.1 'n Psigoanalitiese verklaring: Sigmund Freud 23
2.3.2.2 Die Antropologies psigologiese verklaring: Sierksma ..................................... 23

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.2.3 | Die Amerikaanse opvatting: Frank, Rapaport, Bellak en Murray .......................... | 24 |
| 2.4 | Klassifikasie van projektiewe tegnieke ...... | 26 |
| 2.4.1 | Lindzey se klassifikasiesisteem ........... | 26 |
| 2.4.2 | Semeonoff se klassifikasie ............... | 28 |
| 2.4.3 | Frank se indeling ........................ | 29 |
| 2.5 | Basiese eienskappe onderliggend aan projektiewe tegnieke ...................... | 31 |
| 2.6 | Vereistes vir 'n doeltreffende projektiewe tegniek ........................ | 33 |
| 2.7 | Die interpretasieproses van projektiewe tegnieke ................................ | 33 |
| 2.7.1 | Moontlike veranderlikes wat die response kan beïnvloed ........................ | 33 |
| 2.7.2 | Kwantifisering ........................... | 35 |
| 2.8 | Modaliteite van die psigies gesonde gesin ... | 36 |
| 2.8.1 | Begripsomskrywing en oriëntering .......... | 36 |
| 2.8.2 | Kerndimensies van die psigies gesonde gesin uit die perspektief van skole in die psigologie .............................. | 38 |
| 2.8.2.1 | Inleidend ................................ | 38 |
| 2.8.2.2 | Die Circumplex Model van huwelik- en gesinsisteme van Olson en sy medewerkers .. | 40 |
| 2.8.2.2.1 | Gesinskohesie: dimensie I ............... | 41 |
| 2.8.2.2.1.1 | Verbandhoudende teoretiese konsepte ....... | 41 |
| 2.8.2.2.1.2 | Konseptuele definisie en betekenis van gesinskohesie ........................... | 47 |
| 2.8.2.2.2 | Gesinsaanpasbaarheid: dimensie II ........ | 49 |
| 2.8.2.2.2.1 | Verbandhoudende teoretiese konsepte ....... | 49 |

2.8.2.2.2.2 Konseptuele definisie en betekenis van gesinsaanpasbaarheid ........................ 52
2.8.2.2.3 Gesinskommunikasie ........................ 54
2.8.2.2.4 'n Tipologie van huwelik- en gesinsisteme .. 54
2.8.3 Teoretiese konsepte van die psigies gesonde gesin uit die perspektief van ander gesinsterapeute ........................... 58

2.9 Die Grafiese Gesinsbeeldingstoets en die algemene sisteemteorie ...................... 61

2.10 'n Tipologie vir die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) ................. 62
2.10.1 Faktor 1: "Struktuur" ...................... 64
2.10.1.1 Huwelikskoalisie ......................... 65
2.10.1.2 Hiërargie ................................. 66
2.10.1.3 Patroon/Gestalt ........................... 67
2.10.1.4 Naaste ................................... 69
2.10.1.5 Ruimte op papier ......................... 71
2.10.1.6 Samevatting .............................. 75
2.10.2 Faktor 2: "Intra-psigiese belewinge" ..... 76
2.10.2.1 Kykgedrag ................................ 76
2.10.2.2 Risiko ................................... 78
2.10.2.3 Volgorde ................................. 78
2.10.2.4 Grootte .................................. 80
2.10.2.5 Ervaring ................................. 82
2.10.2.6 Kindersubsisteem ......................... 83
2.10.2.7 Emosie ................................... 85
2.10.2.8 Uitvee ................................... 86
2.10.2.9 Samevatting .............................. 88
2.10.3 Faktor 3: "Proses" ........................ 88
2.10.3.1 Plasing van gesin op papier .............. 89
2.10.3.2 Etikettering ............................. 91
2.10.3.3 Horisontale gedrag ....................... 94

2.10.3.4 Lynkwaliteit ............................ 95
2.10.3.5 Belewing ................................ 97
2.10.3.6 Samevatting ............................. 97
2.10.4 Slotbeskouing ............................ 98

**HOOFSTUK 3**

3. **METODE VAN ONDERSOEK** ........................ 100

3.1 Oriëntering ................................. 100

3.2 Proefpersone ................................ 100
3.2.1 Wyse van seleksie ......................... 100
3.2.2 Beskrywing van die ondersoekgroep ......... 101

3.3 Psigologiese meetinstrumente ................ 102
3.3.1 Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) ...... 102
3.3.1.1 Ontwikkeling en rasionaal van die GGBT .... 102
3.3.1.2 Beskrywing van die GGBT ................... 107
3.3.1.3 Afname en toepassing van die GGBT ......... 108
3.3.1.4 Nasien en interpretasie van die GGBT ...... 115
3.3.2 Die "Family Assessment Device" (FAD) ...... 136
3.3.2.1 Rasionaal van die vraelys ................. 136
3.3.2.2 Beskrywing van die vraelys ................ 136
3.3.2.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys .. 139
3.3.2.3.1 Betroubaarheid ............................ 139
3.3.2.3.2 Geldigheid ................................ 140
3.3.2.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys ................................ 141
3.3.3 Die Gesin-van-oorsprong Skaal (GVOS) ...... 142
3.3.3.1 Rasionaal van die vraelys ................. 142
3.3.3.2 Beskrywing van die vraelys ................ 142
3.3.3.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys .. 144

3.3.3.3.1 Betroubaarheid .......................... 144
3.3.3.3.2 Geldigheid .............................. 145
3.3.3.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys ............................ 145
3.3.4 Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF) ......... 146
3.3.4.1 Rasionaal van die vraelys ................ 146
3.3.4.2 Beskrywing van die vraelys ............... 147
3.3.4.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys .. 149
3.3.4.3.1 Betroubaarheid .......................... 149
3.3.4.3.2 Geldigheid .............................. 149
3.3.4.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys ............................ 150
3.3.5 Die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) ... 150
3.3.5.1 Rasionaal van die vraelys ................ 150
3.3.5.2 Beskrywing van die vraelys ............... 151
3.3.5.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys .. 154
3.3.5.3.1 Betroubaarheid .......................... 154
3.3.5.3.2 Geldigheid .............................. 155
3.3.5.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys ............................ 155

3.4 Statistiese verwerking ...................... 157
3.4.1 Statistiese beduidendheidspeil en hipoteses. 157
3.4.2 Navorsingsontwerp en statistiese prosedure . 159

**HOOFSTUK 4**

4. **STATISTIESE RESULTATE** ...................... 160

4.1 Inleiding ................................... 160

4.2 Benadering tot statistiese toetsing van hipoteses ................................... 161

4.2.1 Produkmomentkorrelasies ........................ 161
4.2.2 Statistiese beduidendheidspeil ................ 161

4.3 Die gemiddeldes en standaardafwykings van die items van die GGBT ............................. 162

4.4 Faktorontledingsresultate van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) ..................... 163
4.4.1 Faktore van die GGBT ......................... 163

4.5 Die verband tussen die faktore van die GGBT en die ander vraelyste ............................ 173

4.6 Meervoudige regressieontleding: GGBT as afhanklike veranderlike ........................ 184

4.7 Samevatting .................................... 188

**HOOFSTUK 5**

5. **SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS** .................. 190

5.1 Slotopmerkings ................................. 190

5.2 Aanbevelings ................................... 191

**OPSOMMING** .......................................... 194

**SUMMARY** ............................................ 196

**BRONNELYS** .......................................... 198

**LYS VAN TABELLE**


Tabel 2.1: Gesinskohesiedimensie: verbandhoudende teoretiese konsepte .......................... 42

Tabel 2.2: Dimensies van kohesie in huwelik- en gesinsisteme ................................ 48

Tabel 2.3: Dimensies van aanpasbaarheid in huwelik- en gesinsisteme ................................ 53

Tabel 3.1: Lys van etikette ............................ 112

Tabel 3.2: Gevoelskaart ................................ 113

Tabel 3.3: Cronbach alpha-betroubaarheidskoëffisiënte vir die FAD ................................ 139

Tabel 4.1: Gemiddeldes ($\bar{x}$) en standaardafwykings (s) vir elke veld van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets: (N = 89) .............. 162

Tabel 4.2: Pearson produkmomentkorrelasies tussen die 18 velde van die GGBT ....................... 164

Tabel 4.3: Eiewaardes van die korrelasiematriks: Totaal = 18, Gemiddeld = 1 ................. 167

Tabel 4.4: Ortogonale transformasiematriks ............ 167

Tabel 4.5: Geroteerde faktorpatroon .................. 168

Tabel 4.6: Hoofas-faktoroplossing vir 3 faktore: (N = 89) 169

Tabel 4.7: Produkmomentkorrelasie tussen faktore van die GGBT: (N = 89) ......................... 173

Tabel 4.8: Produkmomentkorrelasie tussen faktore van die GGBT met ander toetse .................. 174

Tabel 4.9: Gemiddeldes ($\bar{x}$) en standaardafwykings (s) op alle toetse en nuutgeskepte veranderlikes ... 177

Tabel 4.10: Eiewaardes van die korrelasiematriks: Totaal = 51, Gemiddeld = 1 ................. 180

Tabel 4.11: Ortogonale transformasiematriks ............ 180

Tabel 4.12: Geroteerde faktorpatroon .................... 181
Tabel 4.13: Meervoudige regressieontledingsresultate met die faktore van die GGBT as afhanklike faktore: (N = 89) ........................... 185

## LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1: Huwelik- en gesinsisteme soos voorgestel deur die Circumplex Model ....................... 57
Figuur 2.2: Voorstelling van die gesin se gesondheidsiklus ............................ 60

Figuur 3.1: Voorbeeld van kykgedrag .................... 111
Figuur 3.2: Masker - plasing van gesin op papier (PLA) .. 117
Figuur 3.3: Masker - ruimte op papier (RUIM) ........... 119
Figuur 3.4: Patroon/Gestalt (GES) - A .................. 122
Figuur 3.4: Patroon/Gestalt (GES) - B, C, D, E & F ...... 123
Figuur 3.5: Huwelikskoalisie (HUW) ..................... 126
Figuur 3.6: Kykgedrag (KYK) ............................ 130
Figuur 3.7: Hiërargie (HIER) ........................... 133
Figuur 3.8: Ideale en swak Grafiese Gesinsbeelding ...... 135

Figuur 4.1: Plot van eiewaardes van 18 faktore: Hoofas-faktorontleding: (N = 89) ........... 166
Figuur 4.2: Plot van eiewaardes van 51 faktore: Hoofas-faktorontleding: (N = 89) ........... 179

**BEDANKINGS**

Hiermee word my opregte dank en waardering betuig teenoor:

1. dr. C.A. Venter, as studieleier, vir sy persoonlike belangstelling en bemoeienis, bekwame leiding en waardevolle opbouende kritiek en insig, geduld en motivering;

2. prof. S. Oosthuizen, as hulpleier, vir sy hantering en bystand insake die verwerking van tegniese data;

3. Die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO wat sorg geneem het met die statistiese verwerking van data;

4. Cas Coetzee, dept. Sielkunde - UNISA, vir sy waardevolle insette en onbaatsugtige hulp met die interpretering van sommige van die statistiese resultate;

5. dr. A. Bisschoff wat die taalversorging en stilistiese wenke so noukeurig gedoen het;

6. Danie Bisschoff, 'n jarelange vriend, vir die rekenarisering van die nasien van sommige toetse, wat hy foutloos gedoen het;

7. Craig Hughes, 'n kollega, wat met ywer en belangstelling die vertaling van die Opsomming gedoen het;

8. die 89 studente wat sonder teenspraak en met 'n jeugdige entoesiasme hulself aan die toetsing onderwerp het;

9. my ouers, wat oor die jare hulself tekort sou doen terwille van hierdie studie. Hul bydrae het veel verder gegaan as bloot net finansiële steun, en my dankbaarheid sal hulle bydrae kwalik kan weerspieël;

10. my dank aan my vrou, Mignon, wat soms onder groot druk 'n steunpilaar was en wat my tot groot hoogtes aangevuur het. Haar onderskraging en blymoedige geaardheid het nie ongemerk verby gegaan nie. Dit is dan ook vir my 'n voorreg om hierdie skripsie aan haar en ons huwelik op te dra;

11. My dank aan my Skepper wat vir my talente en die geleentheid gegun het om verder in die Sielkunde te kon studeer.

**ERKENNING**

GELDELIKE BYSTAND VAN DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING WORD ERKEN. MENINGS IN HIERDIE WERK UITGESPREEK OF GEVOLGTREKKINGS WAARTOE GERAAK IS, IS DIE VAN DIE SKRYWER EN MOET NIE BESKOU WORD AS DIE VAN DIE RGN NIE.

**INHOUDSOPGAWE**

**HOOFSTUK 1**

**1. INLEIDING EN DOELSTELLING** .................... 1

**HOOFSTUK 2**

**2. LITERATUUROORSIG** ............................ 4

2.1 Oriëntering .................................. 4

2.2 Begripsverklaring ............................ 5
2.2.1 Inleiding ................................... 5
2.2.2 Validering .................................. 5
2.2.2.1 Konstrukgeldigheid ........................ 8
2.2.2.1.1 Metodes om konstrukgeldigheid te ondersoek.. 10
2.2.2.1.2 Die toepaslikheid van konstrukgeldigheid in hierdie studie ........................... 12
2.2.2.2 Betroubaarheid en geldigheid van projektiewe tegnieke ............................ 13
2.2.2.2.1 Betroubaarheid .......................... 13
2.2.2.2.2 Geldigheid .............................. 14
2.2.3 Gesinsbeelding .............................. 15
2.2.4 Grafiese Gesinsbeelding ..................... 16

2.3 Die Projeksiefenomeen ........................ 19
2.3.1 Verskillende betekenisse van die begrip ... 19
2.3.2 Verklaringe (teorieë) van projeksie ....... 23
2.3.2.1 'n Psigoanalitiese verklaring: Sigmund Freud 23
2.3.2.2 Die Antropologies psigologiese verklaring: Sierksma ................................ 23

2.3.2.3 Die Amerikaanse opvatting: Frank, Rapaport, Bellak en Murray ........................ 24

2.4 Klassifikasie van projektiewe tegnieke ...... 26
2.4.1 Lindzey se klassifikasiesisteem ........... 26
2.4.2 Semeonoff se klassifikasie ................ 28
2.4.3 Frank se indeling ......................... 29

2.5 Basiese eienskappe onderliggend aan projektiewe tegnieke ....................... 31

2.6 Vereistes vir 'n doeltreffende projektiewe tegniek ......................... 33

2.7 Die interpretasieproses van projektiewe tegnieke .................................. 33
2.7.1 Moontlike veranderlikes wat die response kan beïnvloed ............................ 33
2.7.2 Kwantifisering ............................ 35

2.8 Modaliteite van die psigies gesonde gesin ... 36
2.8.1 Begripsomskrywing en oriëntering .......... 36
2.8.2 Kerndimensies van die psigies gesonde gesin uit die perspektief van skole in die psigologie ................................ 38
2.8.2.1 Inleidend .................................. 38
2.8.2.2 Die Circumplex Model van huwelik- en gesinsisteme van Olson en sy medewerkers .. 40
2.8.2.2.1 Gesinskohesie: dimensie I ................ 41
2.8.2.2.1.1 Verbandhoudende teoretiese konsepte ....... 41
2.8.2.2.1.2 Konseptuele definisie en betekenis van gesinskohesie ............................. 47
2.8.2.2.2 Gesinsaanpasbaarheid: dimensie II ........ 49
2.8.2.2.2.1 Verbandhoudende teoretiese konsepte ....... 49

| | | |
|---|---|---|
| 2.8.2.2.2.2 | Konseptuele definisie en betekenis van gesinsaanpasbaarheid ...................... | 52 |
| 2.8.2.2.3 | Gesinskommunikasie ......................... | 54 |
| 2.8.2.2.4 | 'n Tipologie van huwelik- en gesinsisteme .. | 54 |
| 2.8.3 | Teoretiese konsepte van die psigies gesonde gesin uit die perspektief van ander gesinsterapeute ........................... | 58 |
| 2.9 | Die Grafiese Gesinsbeeldingstoets en die algemene sisteemteorie ...................... | 61 |
| 2.10 | 'n Tipologie vir die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) ................ | 62 |
| 2.10.1 | Faktor 1: "Struktuur" ...................... | 64 |
| 2.10.1.1 | Huwelikskoalisie ........................... | 65 |
| 2.10.1.2 | Hiërargie .................................. | 66 |
| 2.10.1.3 | Patroon/Gestalt ............................ | 67 |
| 2.10.1.4 | Naaste ..................................... | 69 |
| 2.10.1.5 | Ruimte op papier ........................... | 71 |
| 2.10.1.6 | Samevatting ................................ | 75 |
| 2.10.2 | Faktor 2: "Intra-psigiese belewinge" ..... | 76 |
| 2.10.2.1 | Kykgedrag .................................. | 76 |
| 2.10.2.2 | Risiko ..................................... | 78 |
| 2.10.2.3 | Volgorde ................................... | 78 |
| 2.10.2.4 | Grootte .................................... | 80 |
| 2.10.2.5 | Ervaring ................................... | 82 |
| 2.10.2.6 | Kindersubsisteem ........................... | 83 |
| 2.10.2.7 | Emosie ..................................... | 85 |
| 2.10.2.8 | Uitvee ..................................... | 86 |
| 2.10.2.9 | Samevatting ................................ | 88 |
| 2.10.3 | Faktor 3: "Proses" ......................... | 88 |
| 2.10.3.1 | Plasing van gesin op papier ............... | 89 |
| 2.10.3.2 | Etikettering ............................... | 91 |
| 2.10.3.3 | Horisontale gedrag ......................... | 94 |

2.10.3.4 Lynkwaliteit .......................... 95
2.10.3.5 Belewing .............................. 97
2.10.3.6 Samevatting ........................... 97
2.10.4 Slotbeskouing ........................... 98


**HOOFSTUK 3**


3. **METODE VAN ONDERSOEK** ....................... 100

3.1 Oriëntering ................................. 100

3.2 Proefpersone ................................ 100
3.2.1 Wyse van seleksie ......................... 100
3.2.2 Beskrywing van die ondersoekgroep ......... 101

3.3 Psigologiese meetinstrumente ................ 102
3.3.1 Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) ...... 102
3.3.1.1 Ontwikkeling en rasionaal van die GGBT .... 102
3.3.1.2 Beskrywing van die GGBT ................... 107
3.3.1.3 Afname en toepassing van die GGBT ......... 108
3.3.1.4 Nasien en interpretasie van die GGBT ...... 115
3.3.2 Die "Family Assessment Device" (FAD) ...... 136
3.3.2.1 Rasionaal van die vraelys ................. 136
3.3.2.2 Beskrywing van die vraelys ................ 136
3.3.2.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys .. 139
3.3.2.3.1 Betroubaarheid .......................... 139
3.3.2.3.2 Geldigheid .............................. 140
3.3.2.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys .............................. 141
3.3.3 Die Gesin-van-oorsprong Skaal (GVOS) ...... 142
3.3.3.1 Rasionaal van die vraelys ................. 142
3.3.3.2 Beskrywing van die vraelys ................ 142
3.3.3.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys .. 144

3.3.3.3.1 Betroubaarheid .......................... 144
3.3.3.3.2 Geldigheid .............................. 145
3.3.3.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys ................................ 145
3.3.4 Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF) ......... 146
3.3.4.1 Rasionaal van die vraelys ................ 146
3.3.4.2 Beskrywing van die vraelys ............... 147
3.3.4.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys .. 149
3.3.4.3.1 Betroubaarheid .......................... 149
3.3.4.3.2 Geldigheid .............................. 149
3.3.4.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys ................................ 150
3.3.5 Die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) ... 150
3.3.5.1 Rasionaal van die vraelys ................ 150
3.3.5.2 Beskrywing van die vraelys ............... 151
3.3.5.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys .. 154
3.3.5.3.1 Betroubaarheid .......................... 154
3.3.5.3.2 Geldigheid .............................. 155
3.3.5.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys ................................ 155

3.4 Statistiese verwerking ...................... 157
3.4.1 Statistiese beduidendheidspeil en hipoteses. 157
3.4.2 Navorsingsontwerp en statistiese prosedure . 159

**HOOFSTUK 4**

4. **STATISTIESE RESULTATE** ...................... 160

4.1 Inleiding ................................... 160

4.2 Benadering tot statistiese toetsing van hipoteses .................................. 161

4.2.1 Produkmomentkorrelasies ........................ 161
4.2.2 Statistiese beduidendheidspeil ................ 161

4.3 Die gemiddeldes en standaardafwykings van die items van die GGBT ............................. 162

4.4 Faktorontledingsresultate van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) ...................... 163
4.4.1 Faktore van die GGBT ......................... 163

4.5 Die verband tussen die faktore van die GGBT en die ander vraelyste ............................ 173

4.6 Meervoudige regressieontleding: GGBT as afhanklike veranderlike ........................ 184

4.7 Samevatting ..................................... 188

**HOOFSTUK 5**

5. **SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS** .................. 190

5.1 Slotopmerkings ................................. 190

5.2 **Aanbevelings** .................................. 191

**OPSOMMING** ......................................... 194

**SUMMARY** ........................................... 196

**BRONNELYS** ......................................... 198

**LYS VAN TABELLE**


Tabel 2.1: Gesinskohesiedimensie: verbandhoudende teoretiese konsepte ........................ 42

Tabel 2.2: Dimensies van kohesie in huwelik- en gesinsisteme ................................ 48

Tabel 2.3: Dimensies van aanpasbaarheid in huwelik- en gesinsisteme ................................ 53

Tabel 3.1: Lys van etikette ........................... 112

Tabel 3.2: Gevoelskaart ................................ 113

Tabel 3.3: Cronbach alpha-betroubaarheidskoëffisiënte vir die FAD ................................ 139

Tabel 4.1: Gemiddeldes ($\bar{x}$) en standaardafwykings (s) vir elke veld van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets: (N = 89) .............. 162

Tabel 4.2: Pearson produkmomentkorrelasies tussen die 18 velde van die GGBT ....................... 164

Tabel 4.3: Eiewaardes van die korrelasiematriks: Totaal = 18, Gemiddeld = 1 ................. 167

Tabel 4.4: Ortogonale transformasiematriks ............ 167

Tabel 4.5: Geroteerde faktorpatroon ................... 168

Tabel 4.6: Hoofas-faktoroplossing vir 3 faktore: (N = 89) 169

Tabel 4.7: Produkmomentkorrelasie tussen faktore van die GGBT: (N = 89) ......................... 173

Tabel 4.8: Produkmomentkorrelasie tussen faktore van die GGBT met ander toetse .................. 174

Tabel 4.9: Gemiddeldes ($\bar{x}$) en standaardafwykings (s) op alle toetse en nuutgeskepte veranderlikes ... 177

Tabel 4.10: Eiewaardes van die korrelasiematriks: Totaal = 51, Gemiddeld = 1 ................. 180

Tabel 4.11: Ortogonale transformasiematriks ............ 180

Tabel 4.12: Geroteerde faktorpatroon .................... 181
Tabel 4.13: Meervoudige regressieontledingsresultate met die faktore van die GGBT as afhanklike faktore: (N = 89) ............................ 185

**LYS VAN FIGURE**

Figuur 2.1: Huwelik- en gesinsisteme soos voorgestel deur die Circumplex Model ........................ 57
Figuur 2.2: Voorstelling van die gesin se gesondheidsiklus ............................ 60

Figuur 3.1: Voorbeeld van kykgedrag ..................... 111
Figuur 3.2: Masker - plasing van gesin op papier (PLA) .. 117
Figuur 3.3: Masker - ruimte op papier (RUIM) ............ 119
Figuur 3.4: Patroon/Gestalt (GES) - A ................... 122
Figuur 3.4: Patroon/Gestalt (GES) - B, C, D, E & F ...... 123
Figuur 3.5: Huwelikskoalisie (HUW) ...................... 126
Figuur 3.6: Kykgedrag (KYK) ............................. 130
Figuur 3.7: Hiërargie (HIER) ............................ 133
Figuur 3.8: Ideale en swak Grafiese Gesinsbeelding ...... 135

Figuur 4.1: Plot van eiewaardes van 18 faktore: Hoofas-faktorontleding: (N = 89) ............ 166
Figuur 4.2: Plot van eiewaardes van 51 faktore: Hoofas-faktorontleding: (N = 89) ............ 179

# HOOFSTUK 1

## 1. INLEIDING EN DOELSTELLING

Sedert die vroeë vyftigerjare het die sogenaamde gesinsterapie=beweging baie veld begin wen in die V.S.A. (Epstein & Bishop, 1973; Gurman & Kniskern, 1978; Haley, 1971; Olson, 1970; Zuk, 1971). Daar het 'n klemverskuiwing van die individu na die gesin as geheel gekom waar Ackerman (soos aangehaal deur Venter, 1979: 8) die aanname soos volg saamvat: **". . . the sphere of intervention is not the isolated individual patient, but rather the family viewed as an organismic whole".**

Hiérdie nuwe epistemologie blyk duidelik uit die toenemende literatuur en die groot aantal werkwinkels daaroor. So byvoorbeeld is daar in 1986 by een byeenkoms in die V.S.A. 230 werkswinkels deur 484 terapeute (onder andere Luigi Boscolo, James Framo, Carl Whitaker, Peggy Papp, Minuchin, Bowen, Andolfi, Satir) aangebied (Everett & Sollee, 1986: 1.)

Gedurende die sewentigerjare het hierdie belangstelling ook in Suid-Afrika posgevat en het universiteite in toenemende mate psigologie-studente begin oplei om hierdie dinamiese terapie te beoefen.

Soos ander psigoloë, maak gesinsterapeute ook soms gebruik van toetse in hul diagnosering van en hulpverlening aan mense. Hierdie toetse is soms tydrowend en uiteraard beperk tot die spesifieke veld van ondersoek waarvoor hulle opgestel is.

Die afgelope aantal jare het talle kreatiewe diagnostiese en terapeutiese tegnieke die lig gesien om tred te hou met genoemde ontwikkeling van gesinsterapie.

So is daar byvoorbeeld die Kinetic Family Drawings, van Burns & Kaufman (1970); Personal Space: An Objective Measure of Marital Quality, van Crane & Griffen (1983); The Symbolic Drawing of the Family Life Space, van Geddes & Medway (1977); The Kvebaek Family Sculpture Technique, van Kvebaek et al. (1980); Family Art Therapy, van Kwaitkowska (1967); en Family Choreography, van Papp (1976).

In die vroeë tagtigerjare het Venter (1988: 268) ook so 'n diagnostiese en terapeutiese tegniek ontwikkel, naamlik Grafiese Gesinsbeelding, wat 'n gewysigde vorm van gesinsbeelding is. Sover bekend, is die enigste ander gewysigde vorm van gesinsbeelding (dit wil sê wanneer die tegniek 'n groter grafiese aard het) die sogenaamde Kvebaek Family Sculpting Technique (Kvebaek et al., 1980: 1-39).

Soos blyk uit die definisie (vgl. 2.2.4) en rasionaal (vgl. 2.10 en 3.3.1.1) van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT), poog die toets om die gesinsdinamika van gesinne te evalueer.

Grafiese Gesinsbeelding kan beskou word as 'n tematiese tekentegniek wat gesinsdinamika en sekere persoonlikheidsaspekte uitbeeld. Daar is in die algemeen ooreenstemming dat teken, as een voorbeeld van 'n persoon se ekspressiewe gedrag, in 'n sekere sin 'n refleksie is van sekere aspekte van sy persoonlikheid (Harris, 1963: 46).

Daar is aanduidings in die literatuur dat alhoewel tekeninge 'n refleksie van persoonlikheid is, daar nog onsekerheid bestaan oor die geldigheid van afleidings gemaak uit tekeninge (Harris, 1963: 46; Machover, 1949; Koppitz, 1968; en Cronbach, soos aangehaal deur Bing, 1970: 174).

Die doel van hierdie studie is om te bepaal of die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) geldig is. Vanweë die resentheid van die tegniek en die feit dat daar nog geen navorsing daaroor gedoen is nie, is so 'n studie noodsaaklik en tydig. Vir die bereiking hiervan word die GGBT gekorreleer met die Personal Orientation Inventory (POI) en bestaande toetse wat gesinsdinamika tipeer. Hierdie toetse is die Family of Origin Scale (FOS), Family Assessment Device (FAD), en die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF).

Alhoewel die POI nie gesinsdinamika uitbeeld nie, is die rasionaal van die POI-konstrukte in die groei- en opvoedkundige terapiemodel gefundeer (vgl. Shostrom, 1974: 2), wat dit 'n gepaste meetinstrument maak ten einde die toepaslikheid van die GGBT op aspekte van positiewe geestesgesondheid na te gaan.

Daar word in hierdie studie klem gelê op konstrukgeldigheid. Verwantskappe tussen die GGBT, POI, FOS, FAD, en PHSF is met behulp van faktorontleding op die korrelasiematriks en meervoudige regressieontleding ondersoek.

# HOOFSTUK 2

## 2. LITERATUUROORSIG

### 2.1 Oriëntering

In hierdie hoofstuk sal tien afdelings bespreek word. Weens die aard en omvang van hierdie studie sal sekere afdelings se omvang beperk word. In afdeling 2.2 sal gekyk word na die breedvoerige verklaring van begrippe soos validering, gesinsbeelding en Grafiese Gesinsbeelding. Ander begrippe sal deur die loop van die teks verklaar word.

In afdelings 2.3 tot 2.7 sal na projeksie gekyk word. Daar sal gefokus word op verskillende betekenisse van die begrip en daarna op verskillende teorieë oor projeksie uit die perspektief van sekere skole in die psigologie. Verder word gelet op die klassifikasie, eienskappe en vereistes van projektiewe tegnieke. Laastens sal 'n oorsig van die interpretasieproses van projektiewe tegnieke gegee word.

As motivering vir die breë dekking van projeksie, moet genoem word dat die Grafiese Gesinsbeeldingstoets sterk steun op die modaliteite en kerndimensies van projeksie en dat die uiteindelike krag van die tegniek in sy projeksiewaarde geleë is (vgl. 2.2.2, 2.2.4, 2.4, 2.10).

In afdeling 2.8 sal 'n breedvoerige bespreking van die psigies gesonde gesin gegee word. Hier gaan veral na die epistemologie en kerndimensies van die belangrikste psigologiese skole in die literatuur gekyk word. In afdeling 2.9 word veral gefokus op die beklemtoning van 'n sisteem teenoor 'n individugerigte benadering uit die perspektief van die Grafiese

Gesinsbeeldingstoets en die algemene sisteemteorie.

In afdeling 2.10 sal daar breedvoerig gekyk word na die teoretiese uitbouing van die 18 velde van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets gebaseer op faktore genoem in afdeling 2.8, 2.9, en ander tekentegnieke.

## 2.2 Begripsverklaring

### 2.2.1 Inleiding

Die drie begrippe validering, gesinsbeelding en Grafiese Gesinsbeelding sal vervolgens omskryf word. Die verklaring van ander begrippe sal op relevante plekke by die toepaslike temas bespreek word.

### 2.2.2 Validering

Vir die logiese ordening van gegewens word in hierdie onderafdeling, buiten die definiëring van validering, ook klem gelê op konstrukgeldigheid, en die betroubaarheid en geldigheid van projektiewe tegnieke. In die bereiking van die doelwitte van hierdie studie is die keuse van 'n valideringstegniek van uiterste belang om die uiteindelike sukses, al dan nie, van 'n valideringstudie te bepaal. (Vgl. 2.2.2.2.2.)

In die literatuur is daar eenstemmigheid dat die validering van 'n toets te doen het met die uitvoer van empiriese navorsing ten einde die geldigheid van 'n teorie, hipotese of meetinstrument te bepaal (Leedy, 1980; Plug et al., 1986; Smit, 1983).

Omskrywings deur Downie (1967: 17,92), Leedy (1980: 37), Huysamen (1978: 80), Sundberg (1977: 43), Adams (1966: 103), Guion (1965: 31), French et al. (1966: 165) en Cook & Cambell (1979: 37) geniet wye aandag in die literatuur. Die meer omvattende omskrywings sal in hierdie studie egter aandag geniet. Magnussen (1966: 123) omskryf validering soos volg:

> **"The validity of a method is the accuracy with which meaningful and relevant measurements can be made with it, in the sense that it actually measures the traits it was intended to measure."**

Seltiz et al. (1976: 168 soos aangehaal deur Smit, 1983: 45) lê meer klem op die verskille tussen tellings en individue: **"The validity of a measuring instrument may be defined as the extent to which differences in scores on it may reflect true differences among individuals on the same characteristic that we seek to measure rather than constant or random errors."**

'n Sintese van bogenoemde omskrywings kom dus neer op die mate waarin 'n meetinstrument, byvoorbeeld 'n psigologiese toets, meet wat dit bedoel om te meet en dat dit moontlik is om daarmee 'n onderskeid tussen individue te kan maak.

Die geldigheid van 'n toets kan onder andere bepaal word deur 'n korrelasie te bereken tussen prestasies in die toets en 'n onafhanklike, objektiewe maatstaf van die gedragsaspek wat gemeet word (kriterium). In die onderhawige ondersoek is die korrelasie bereken tussen die GGBT en die POI, FOS, FAD en PHSF, en die teoretiese kriterium is die psigies gesonde funksionering van die gesin - vgl. 2.8, 4.2, en 4.4.

Huysamen (1975: 408 soos aangehaal deur Smit, 1983: 47) omskryf 'n kriterium as **"... the variable that is to be predicted"**,

terwyl Gekoski (1964: 242 soos aangehaal deur Smit, 1983: 47) dit omskryf as: **"... a measure of performance. It is not to be confused with a standard to be achieved. It is simply a method for describing the degree to which performance exist or behaviour is possessed."**

Dit is in hierdie studie belangrik dat die genoemde kriterium aan bepaalde voorwaardes voldoen ten einde 'n objektiewe meting te verkry. 'n Goeie kriterium moet volgens Smit (1983: 47) aan die volgende vereistes voldoen:

- Die kriterium moet 'n stabiele maatstaf van gedrag wees (met ander woorde betroubaar).
- Die kriteriummeting moet geldig wees; dit is slegs die geval wanneer die kennis, vaardighede en basiese aanleg van sukses, ooreenstem met dit wat deur die uiteindelike taak vereis word.
- Die kriterium moet vry wees van vooroordeel of partydigheid.
- Die kriterium moet bepaalde praktiese voordele hê, byvoorbeeld beskikbaarheid.
- Die kriteriummeting moet 'n hoë diskriminasiewaarde hê.

Die volgende voorbeelde van algemene kriteriummetings, volgens Anastasi (1976), kan dien as 'n verdere verklaring van die definisies en vereistes soos bo bespreek:

- prestasie van kontrasgroepe;
- korrelasies met ander toetse (in die onderhawige studie is dié meting toegepas - vgl. 4.2.1);
- akademiese prestasie;
- ouderdomsdifferensiasie;
- geslag;
- rassedifferensiasie.

### 2.2.2.1 Konstrukgeldigheid

'n Belangrike eienskap vir die praktiese gebruik van 'n meetinstrument lê in die mate van geldigheid waaroor die instrument beskik. (Vgl. 2.2.2.2.2.) In hierdie verband word verskillende bepalings van geldigheid onderskei, naamlik inhoudsgeldigheid, voorspellingsgeldigheid, samevallende geldigheid en konstrukgeldigheid (Smit, 1983: 46 & Kerlinger, 1986: 417; vgl. 2.2.2).

Die belangrikste klassifikasietipes van geldigheid is saamgestel deur 'n gesamentlike komitee van die American Psychological Association (APA), die American Educational Research Association, en die National Council on Measurements used in Education. Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat konstrukgeldigheid die belangrikste vorm van geldigheid uit die oogpunt van die wetenskaplike navorsing is (Kerlinger, 1986: 417).

Dit is ook dan om bogenoemde rede (en verskeie ander redes) dat konstrukgeldigheid as tegniek in hierdie studie toegepas word (vgl. 2.2.2.1.1 en hoofstuk 4) asook die konsekwente verwysings in die literatuur na die toepaslikheid van konstrukgeldigheid as valideringsprosedure.

Alhoewel die begrip **konstrukgeldigheid** reeds in 1952 deur die APA-komitee geskep is, het dit eers in 1955 algemene erkenning begin geniet (Oosthuizen, 1978, soos aanhehaal deur Smit, 1983: 63-64).

Vervolgens 'n kort samevatting van die historiese verloop van die definiëring van die begrip konstrukgeldigheid:

- Cronbach & Meehl (1955: 142, soos aangehaal deur Smit, 1983: 64): **"An analysis of the meaning of test scores in terms of psychological concepts or constructs."**
- Freeman (1962: 99, soos aangehaal deur Smit, 1983: 64): **"Construct validity will indicate the psychological operations on the basis of which one's test performance may be explained and evaluated."**
- Guion (1965: 128, soos aangehaal deur Smit, 1983: 64): **"The construct validity of a measure is assessed in order to find out whether the theory upon which the test is based is actually acceptable and useful."**
- APA (1974: 29, soos aangehaal deur Smit, 1983: 64): **"Construct validity is implied when one evaluates a test or other set of operations in the light of a specified construct."**

Uit bogenoemde kan afgelei word dat konstrukgeldigheid veral belangrik is indien 'n toets opgestel word met die doel om 'n sekere attribuut of konstruk te meet wat individue veronderstel is om in variërende grade te besit. Die volgende vrae kan deur middel van konstrukgeldigheid vir die toetsverbruiker beantwoord word:

- Watter psigologiese konstruk word deur die toets gemeet?
- Hoe goed meet die toets die konstruk?

In 'n resenter omskrywing van konstrukgeldigheid deur Plug et al. (1986: 187), wat grootliks ooreenstem met die omskrywings van die APA en Cronbach & Meehl hierbo, blyk dat inligting uit verskillende bronne gewoonlik tot die bepaling van konstrukgeldigheid bydra. Hierdie bronne waarna Plug et al. (1986: 187) verwys, is:

- Tellings op ander toetse wat ook die betrokke konstruk meet behoort positief met die toetstellings te korreleer.
- Die bepaling van korrelasies tussen verwante toetse word soms aan faktorontleding onderwerp met die doel om die onderliggende konstruk met 'n algemene faktor te identifiseer. Konstrukgeldigheid word dan aangedui deur middel van die faktorladings van die toetse.

**2.2.2.1.1 Metodes om konstrukgeldigheid te ondersoek**

'n Aanvaarbare benaderingswyse vir die verkryging van konstrukgeldigheid, is deur die inagneming van die verhouding tussen toetsmetings en voorgenome konstrukte binne 'n nomologiese plan of strategie (Cronbach & Meehl, 1955; Messick, 1975 soos aangehaal deur Sussmann & Robertson, 1986: 464-465).

Die waarde van die valideringsontwerp word geaksentueer deur die graad waartoe aanneemlike hipoteses (waarby alternatiewe konstrukte betrokke is) deur die valideringsontwerp uitgekanselleer kan word.

Namate konstrukgeldigheid van 'n toets deur vroeëre navorsing vasgestel is, is dit minder afhanklik van ontwerpeienskappe (Sussmann & Robertson, 1986: 465).

Konstrukgeldigheid verwys dus na 'n metode wat gevolgtrekkings tot hoërorde konstrukte toelaat. Die aanneemlikheid van hierdie gevolgtrekkings is voortdurend afhanklik van die graad van die wetlike verhouding wat die meting betreë. 'n Verdere aanvaarbaarheid van die gevolgtrekkings is of dit van 'n nomologiese plan of strategie afgelei kan word (Arnold, 1982; Bobko & Bartlett, 1986, soos aangehaal deur Sussmann & Robertson, 1986: 461).

Brown (1976, aangehaal deur Smit, 1983: 65-67) bespreek die volgende klassifiseringsmetodes soos saamgevat deur Cronbach & Meehl (1955) en Cronbach (1970) om die konstrukgeldigheid van 'n toets te bepaal:

- Intratoetsmetodes:

  Hierdie metodes is gemik op die bestudering van die interne struktuur van die toets: die inhoud daarvan; die verwagte responderingspatroon; die verband tussen die items en/of die subtoetse.

- Intertoetsmetodes:

  Hierdie metodes impliseer die gelyktydige evaluering van die interkorrelasies van 'n hele aantal toetse. Die volgende intertoetstegnieke vir die bepaling van konstrukgeldigheid kan onderskei word:

  * Die metode van kongruente geldigheid: Indien die berekende korrelasiekoëffisiënt behaal tussen tellings in die nuwe en 'n reeds erkende bestaande toets hoog is, kan daar aanvaar word dat die twee toetse dieselfde konstruk meet.
  * Die metode van faktorontleding van interkorrelasies verkry van 'n aantal toetse: Deur middel van faktorontleding word daar gepoog om te bepaal hoeveel gemeenskaplike faktore die interkorrelasies laat ontstaan het; watter faktore prestasie in elke toets bepaal; en watter persentasie van die variansie in die toetstellings deur dié faktore verklaar word. In die onderhawige studie is die laasgenoemde twee tegnieke gebruik.
  * Die metode van konvergente en diskriminante geldigheid: Hierdie metode hou in dat 'n toets nie net hoog moet korreleer met alle ander toetse wat ook 'n meting van die bepaalde konstruk is nie (konvergente geldigheid) maar dat dit ook laag moet korreleer met alle toetse wat nie 'n meting

van die konstruk is nie (diskriminante geldigheid)

- Kriteriumgerigte studies:

  Die tipe en aard van die kriterium wat deur die toets voorspel kan word, gee 'n aanduiding van 'n toets se konstrukgeldigheid.

- Interne konsekwentheid

  Die bestudering van 'n toets se interne konsekwentheid kan ook 'n nuttige bron van inligting wees oor die konstrukgeldigheid daarvan.

**2.2.2.1.2 Die toepaslikheid van konstrukgeldigheid in hierdie studie**

Die volgende redes kan aangedui word vir die toepassing van konstrukgeldigheid in hierdie studie:

- Konstrukgeldigheid verbind psigometriese idees en praktyke met teoretiese idees.
- Die rasionaal van die tegniek is die soeke na die verklaring van individuele verskille in toetstellings.
- Die intrinsieke waarde van konstrukgeldigheid lê eerder in die kwaliteite wat gemeet word as in die toetse wat gebruik word om die meting te behaal.
- Konstrukgeldigheid poog om die teorie agter die toets te valideer.
- Konstrukgeldigheid word op grond van die volgende drie faktore van ander tegnieke onderskei:
  * die uitwysing van konstrukte wat bepalend is vir toetsprestasie;
  * die daarstelling van hipoteses wat verhaal word uit die teorie betrokke by die konstruk;

* die empiriese toetsing van hipoteses.

- Soos dit uit bogenoemde blyk, onderskei konstrukgeldigheid hom daarin dat dit per definisie verder gaan as bloot die suksesvolle voorspelling van 'n kriterium (Kerlinger, 1986: 420-421).

#### 2.2.2.2 Betroubaarheid en geldigheid van projektiewe tegnieke

Die literatuur (Rabin, 1981: 107) toon dat daar 'n duidelike verband is tussen die bekwaamheid van die interpreteerder en die geldigheid van die toets. Blatt (1975: 335) beklemtoon juis dat (ongeag die betroubaarheid of geldigheid van 'n projektiewe tegniek) een van die belangrikste faktore by diagnostiese toetsing die sensitiwiteit en vlak van opleiding van die klinikus is: **"Interpretation of clinical procedure is dependant on the clinician's capacity for careful and thouhtful observation of a variety of psychological testing."**

##### 2.2.2.2.1 Betroubaarheid

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is die validering, met ander woorde die geldigheidsbepaling, van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets waar betroubaarheid as sodanig onderbeklemtoon word. Daarom word slegs kortliks na betroubaarheid verwys. Indien die tegniek later gestandaardiseer sou word, sal die bespreking en toepassing van betroubaarheid uiteraard 'n noodsaaklike onderdeel van die studie vorm. Daar moet egter melding gemaak word van die kritieke noodsaaklikheid van betroubaarheid in enige wetenskaplike studie en veral in die ontwikkeling en toepassing van 'n projektiewe tegniek, soos geaksentueer in die werk van Murstein (1963), Weinstein (1969), Entwistle (1972), Ray (1973) en Maletesha (1971) (vgl. 2.6).

#### 2.2.2.2.2 Geldigheid

Uit die literatuur wil dit voorkom asof projektiewe meetinstrumente blootgestel word aan die kritiek en deurtastende analisering van wetenskaplikes binne en buite die kader van die psigologie. Dit is daarom geen wonder nie dat veral die geldigheid van 'n projektiewe meetinstrument wyd onder die soeklig geplaas word en soms kontroversiële uitsprake die lig laat sien, volgens Kerlinger (1986: 476):

> **"Projective measures are probably the most controversial of psychological measurement instruments. In evaluating them, we must not confuse noble sentiments with reliable and valid methods of observation. The fact of the projective matter seems to be that the scientific canons of reliability, vali= dity, and objectivity have not been adequately satisfied."**

Wat is dan 'n gebalanseerde siening ten opsigte van die geldigheid van 'n projektiewe meetinstrument? Volgens Kerlinger (1986: 476-477) moet daar veral op die volgende drie faktore gelet word:

- Projektiewe metodes moet beskou word as metodes van observering en meting, net soos in die geval van enige ander metodes. Dit sal dus die doel van die metodes wees om getalle aan objekte en gebeure na aanleiding van vasgestelde reëls toe te ken. Die vraag wat hier gevra moet word is: Hoe geldig is die prosedure in die toekenning van getalle aan objekte en gebeure?
- Projektiewe metodes moet onderwerp word aan dieselfde tipe empiriese valideringstegnieke as enige ander psigometriese prosedure, omdat: **"Such empirical testing is almost more important with projectives than with other kinds of instruments because of the very long inferential leaps involved"** (Kerlinger, 1986: 476).

- Daar moet gepoog word om die subjektiewe objektief te maak. In hierdie verband word objektiwiteit gedefinieer as ooreenstemming in die persepsies van observeerders.

### 2.2.3 Gesinsbeelding

Daar is 'n groeiende literatuurkorpus in die V.S.A. oor gesinsbeeldingstegnieke (Constantine, 1977; Duhl, Kantor & Duhl, 1974; Geddes & Medway, 1977; Kvebaek, Cromwell & Fournier, 1980; Papp, Silverstein & Carter, 1973; Papp, 1976; Simon, 1972). In Suid-Afrika is die literatuur nog in sy kinderskoene alhoewel klinici die tegniek al geruime tyd in terapie toepas. Daar kan veral na die werk van Venter (1979, 1988), Bronkhorst (1984) en De Wet (1985) gekyk word.

In die literatuur het verskeie skrywers (byvoorbeeld Simon, 1972: 49 en Papp, et al., 1973: 202) uitsprake ten opsigte van die definiëring van gesinsbeelding gelewer. Sekere omvattende omskrywings word kortliks uitgelig.

Glick & Kessler (1980: 144) definieer gesinsbeelding as 'n tegniek waarin die terapeut een of alle gesinslede vra om 'n fisiese voorstelling te maak van hulle verhoudings met mekaar deur hulle liggame te rangskik en te groepeer. Koalisies en vervreemding word dan gekonkretiseer deur só 'n gesinsbeelding. Die tegniek is veral bruikbaar by gesinne wat hulle nie maklik verbaal uitdruk nie.

Papp, et al. (1973: 202) beskou gesinsbeelding as relatief staties, soos haar omskrywing aantoon: **" . . . a therapeutic art form in which each family member arranges the other members in a tableau which physically symbolizes their emotional relationship with one another."**

Venter (1979: 9) noem dat daar iets van dinamika kortkom in Papp, <u>et al</u>., (1973: 202) se definisie. Venter (1979: 9) noem dat Duhl, <u>et al</u>. (1974) gesinsbeelding beskou as 'n dinamiese, aktiewe proses, terwyl Simon (1972: 49) weer aantoon dat 'n gesinsbeelding die emosionele verhoudings tussen gesinslede uitwys soos wat dit op 'n bepaalde tydstip bestaan. Andolfi (1979: 79) sluit aan by bogenoemde deur die volgende stelling te maak: **"Sculpting is a creative, dynamic, nonverbal modality . . . ."**

'n Integrasie van genoemde skrywers se beskouings kom ooreen met die omvattender omskrywing van Plug <u>et al</u>. (1986: 122):

> **"'n Aksietegniek waarin die terapeut 'n gesinslid (of gesinslede) vra om die res van die gesin in 'n lokaal te rangskik. Die aanname is dat die ruimtelike rangskikking en spasiëring 'n aanduiding gee van die emosionele verhoudings soos dit op 'n bepaalde tydstip, volgens die rangskikker, tussen die gesinslede bestaan."**

Skrywers soos Kvebaek <u>et al</u>. (1980) en Andolfi (1979: 78) noem ook dat gesinsbeelding 'n aksietegniek is.

**2.2.4 Grafiese Gesinsbeelding**

Venter (1988: 268) definieer Grafiese Gesinsbeelding as: **" . . . die tegniek waar daar van 'n persoon verwag word om sy gesinslede deur middel van sirkels op 'n blanko vel A4-papier te teken om hulle verhoudinge aan te toon."**

Die skrywer het na aanleiding van die definisies bespreek in 2.2.3, die definisie van Venter (1988: 268) en die bespreking wat hiernaas volg, 'n omvattender omskrywing van Grafiese Gesinsbeelding gekonstrueer:

**'n Projeksietegniek** (vgl. 2.3.1) **waarin die terapeut 'n gesinslid (of gesinslede) vra om die gesin grafies (in die vorm van sirkel/s) op 'n blanko A4-papier voor te stel. Die aanname is dat die grafiese voorstelling en spasiëring 'n aanduiding gee van die emosionele verhoudings soos dit op 'n bepaalde tydstip, volgens die voorsteller, tussen die gesinslede bestaan. Die projeksie maak ook 'n integrale deel uit van die persoonlikheidsdinamika van die projekteerder en voorsteller** (vgl. 2.3.1).

Beelding ("sculpting") is 'n visueel, ruimtelike metafoor en is beide histories en metodologies verwant aan ander terapeutiese kunsvorms soos Psigodrama (Satir, 1967), Choreografie (Papp, 1976), en "Family Art Therapy" (Kwaitkowska, 1967) (Kvebaek et al., 1980: 1). Laasgenoemde is uitgebrei om die volgende in te sluit: "Joint Family Scribble" (Kwaitkowska, 1967), "Conjoint Family Drawing" (Bing, 1970), "Joint Family Mural" (Rubin & Magnussen, 1974), en "Symbolic Drawing of the Family Life Space" (Geddes & Medway, 1977) (Kvebaek et al., 1980: 1).

Skrywers soos Papp, Silverstein & Carter (1973: 203), Keeny & Cromwell (1977), en Constantine (1978: 14 soos aangehaal deur Kvebaek, et al., 1980: 3) het almal 'n deeglike oorsig van grafiese verhoudingstegnieke ("relationship mapping techniques") gemaak. Bogenoemde skrywers se bevindinge word kortliks saamgevat deur Kvebaek et al. (1980: 3): **"Evidence from various fields of investigation strongly suggests that people sort out, map, and store understanding of the complex interpersonal systems in which they are imbedded in the form of compressed spatial metaphors."**

Verder, **". . . these visual spatial metaphorical representations summarize . . . a vast amount of information in a compact and efficient manner".**

Bostaande tegnieke asook talle ander beeldingstegnieke het teoretiese bande met Salvador Minuchin se konseptualisering van strukturele gesinsterapie (Kvebaek et al., 1980: 2), want in strukturele gesinsterapie gaan dit juis daarom dat die gesinstruktuur verander word en sodoende verander die posisies van elke gesinslid dienooreenkomstig (Minuchin, 1974: 2). (Vgl. ook 2.8.2.2.1.)

Vervolgens is 'n bondige omskrywing van die term "grafies" noodsaaklik. "Grafie" is 'n woordelement afgelei uit Latyn, naamlik "graphia" wat "skrywing" of "skrywe" beteken. Grafies gaan meer spesifiek oor grafiese kunste, met ander woorde die grafiese voorstelling van gegewens of tekens. Die term is gebruik omdat dit die dinamika en verbande tussen grafiese tekens uitwys (Odendal et al., 1984: 314).

Genoemde beeldingstegnieke asook Grafiese Gesinsbeelding het bepaalde voordele en sal kortliks aandag geniet (Vgl. 3.3.1.1 vir meer spesifieke voordele van Grafiese Gesinsbeelding.)

Elkeen van hierdie tegnieke is so saamgestel dat dit iets sê van die manier waarop elke gesinslid die verhoudingstruktuur in die gesin waarneem. Dit stimuleer kommunikasie en interaksie tussen gesinslede vir die doel van observasie, diagnosering en behandeling.

Daar is ook bevind dat beelding 'n sterk bindingseffek op die gesin het. Dit dwing die gesin om aan hulself as 'n eenheid te dink met elke lid wat 'n besondere onderdeel van die eenheid vorm. 'n Verdere voordeel van beelding is dat dit oor die vermoë beskik om deur intellektualisering, verdedigings en projeksie van blamering te sny. Vanweë die kragtige nie-verbale aard van die tegniek dwing dit die gesin om op 'n

betekenisvoller vlak met mekaar te kommunikeer (Papp et al., 1973: 202). Dieselfde voordele is teenwoordig in die skrywer se ervaring met Grafiese Gesinsbeelding.

Die teoretiese rasionaal van Grafiese Gesinsbeelding steun op die krag van beide die beeldingsproses (vgl. 2.2.3) en die vermoë van mense om hulle gesinsverhoudinge grafies voor te stel. Die tegniek verskil van populêre weergawes van beelding (byvoorbeeld choreografie van Papp, 1976) in die sin dat daar 'n ruimtelike grens, die grootte van 'n blanko A4-papier, bestaan waarop die beeldingsproses plaasvind.

Waar gesinsbeelding gaan om die plasing van mense tot bepaalde verhoudinge in ruimte, vereis Grafiese Gesinsbeelding die teken en plasing van figure (naamlik gesinslede) in sirkelvorm op blanko papier. Die ruimtelike grens wat die papier verteenwoordig, word die interpersoonlike landskap waarop grafiese beelde (naamlik sirkels) gebou word (vgl. 2.10 en 3.3.1.1).

## 2.3 Die Projeksiefenomeen

### 2.3.1 Verskillende betekenisse van die begrip

In die literatuur is daar aanduidings dat projeksie 'n al ruimer betekenis ontwikkel het en vandag 'n ander inhoud het as wat selfs Freud gedink het. Murray (1951: xiii soos aangehaal deur Anderson & Anderson, 1951: xiii) het in hierdie verband sekere uitlatings gemaak oor die verbreding van Freudiaanse projeksie:

> **". . . common practice has extended the Freudian concept so that it now includes imaginative, make-believe projections of constituents that are acceptable or even admirable to the subject."**

'n Verouderde weergawe van projeksie word soos volg deur Warren (1933: 269) gedefinieer: **"the ascription by an individual to other persons of experience similar to his own."**

Saam met die verbreding van die psigoloog se kennis oor projeksie het dit ook gebeur dat sommige psigoloë byna elke uitdrukking van die mens as 'n soort projeksie interpreteer. Murray (1951: xiii soos aangehaal deur Anderson & Anderson, 1951: xiii) het egter die volgende meer verligte siening van projeksie: **"If projection means everything, it means nothing. To call something a projection, one must demonstrate that it is similar to a relevant constituent of the subject's personality."**

Wat dus sterk by bogenoemde aansluit, is die kriteria (of intrinsieke kwaliteite) waaraan 'n projeksie moet voldoen om as 'n projeksie beskou te word. Die volgende kriteria (Murray, 1951: xii soos aangehaal deur Anderson & Anderson, 1951: xii) word aangestip:

- Die voorkoms van 'n egte delusie of wangeloof. Die persoon glo werklik iets van 'n ander persoon wat nie waar is nie en ook nie afgelei kan word uit die waargenome feite nie.
- Die subjek (projekteerder) skryf 'n projeksie (neiging) toe aan die objek (persoon op wie geprojekteer word). Hierdie projeksie kan gerig wees op 'n ander objek (soos by patologiese jaloesie gebaseer op homoseksualiteit), of 'n projeksie (neiging) wat selfgerig is (soos in paranoïde toestande).
- Die toegeskryfde neiging moet 'n betekenisvolle "bestanddeel" van die projekteerder se eie persoonlikheid wees.

- Dit wat geprojekteer word, is (soms skandelik of afkeuringswaardig) vir die projekteerder onaanvaarbaar en word daarom onderdruk. Die projekteerder is onbewus (of slegs half-bewus) van die bestaan daarvan in homself.
- Die doel van die projeksieproses is die handhawing van die gevoel van eiewaarde en 'n bevryding vir die projekteerder van onuithoudbare skuldgevoelens.

Vanuit bogenoemde literatuur kan resenter definisies van projeksie soos volg daar uitsien: **"'n Verdedigingsmeganisme waarin 'n persoon op 'n onbewuste vlak sy eie onaanvaarbare wense, trekke, tekortkomings, houdings of subjektiewe gevoelens aan ander toeskryf"** (Plug et al., 1986: 288).

Volgens Veiel & Coles (1982: 441) word die waarnemingsaspek in omskrywings ontsien en indien die aspek bygevoeg word, kan 'n omvattender omskrywing as volg daar uitsien: **"... die proses waardeur 'n persoon objektiewe stimuli waarneem en interpretasies van situasies en gebeure maak, ooreenkomstig die individu se persoonlike belange, begeertes en vrese"** (Veiel & Coles, 1982: 441).

Plug et al. sowel as Veiel & Coles maak nie direk melding van Murray se opvatting dat 'n projeksie deel moet uitmaak van die inherente persoonlikheidsaard van die projekteerder nie.

In samehang met bogenoemde omskrywings en kriteria vir projeksie is dit nodig om te weet in watter vorm projeksie verskyn, met ander woorde in watter situasies dit voorkom. Die noodsaaklikheid hiervan is geleë in die feit dat die GGBT 'n projektiewe tegniek is en sodoende aan die definisie en kriteria van projeksie moet voldoen.

Van Lennep (1948: 10-12 soos aangehaal deur Helberg, 1963: 20-22) en Sierksma (1957: 4-5 soos aangehaal deur Helberg, 1963: 22-24) stel kortliks die volgende verskynsels van projeksie voor:

- By normale waarneming word soms van projeksie gepraat. Dit is ook die siening van Freud en Carp.
- Hallusinasies en verwante verskynsels word projeksies genoem.
- Projeksie word ook gebruik in die sin van oordrag.
- Wanneer 'n persoon sy waarnemingswêreld op grond van affektiewe beginsels struktureer en organiseer, kan dit ook as projeksie gesien word. Ook Carp huldig dié siening.
- Laastens is daar sprake van projeksie wanneer eienskappe, strewinge, gedragswyses van 'n persoon self (of gedeeltelike strukture, byvoorbeeld superegostrukture) aan ander mense toegeskryf word.

Projeksie het 'n doelmatige funksie binne die diagnosering en hulpverlening aan die mens en vandag het die projeksietegniek feitlik onmisbaar geraak.

Begripsbepaling en begripsverfyning is noodsaaklik vir die vooruitgang van 'n wetenskap, maar dit skep die gevaar dat die mens misgekyk word: **"Dat men door de bomen der definities, het bos, i.c. de projecterende mens, niet meer ziet"** (Sierksma, 1957: 5, soos aangehaal deur Helberg, 1963: 25).

Vir die doel van hierdie studie word geen onderskeid gemaak tussen projektiewe toetse en projektiewe tekeninge nie. So 'n onderskeid is nie noodwendig van akademiese belang nie, en dit kan ook net kunsmatig wees.

### 2.3.2 Verklaringe (teorieë) van projeksie

#### 2.3.2.1 'n Psigoanalitiese verklaring: Sigmund Freud

Die woord projeksie is oorspronklik in 1895 deur Freud gebruik en teen 1896 ken hy die term projeksie toe aan die proses waardeur die paranoïde persoon sy eie gevoelens op 'n ander persoon oorplaas (Freud, 1924: 76-106).

Freud omskryf laasgenoemde gedagte deur die meganisme van simptoomformasie in paranoia waar interne persepsies (gevoelens) vervang word deur eksterne persepsies. Gevolglik sal die stelling "Ek haat hom" getransformeer word deur 'n projeksie in iemand anders: "Hy haat (veroordeel) my" wat my regverdig om hom te haat. Dus veroorsaak die onbewuste gevoel 'n illusie van 'n gevolg van 'n eksterne persepsie "Ek het hom nie lief nie, ek haat hom omdat HY MY VEROORDEEL!" (Freud, 1911: 63).

#### 2.3.2.2 Die Antropologies psigologiese verklaring: Sierksma

Sierksma plaas die projeksieverskynsel deur middel van 'n genetiese benadering in 'n waarnemingspsigologiese verband. Hy beklemtoon die eksintrisiteit van die mens wat 'n teenstelling vorm met die sentrisitiet van die dier (Helberg, 1963: 26).

Sy teorie kom op die volgende neer: Die kind word uit die onbewuste totaliteit van die slaap gewerp in 'n waarnemingswêreld waarin geen sprake van grense is nie, selfs nie van 'n grens tussen subjek en objek nie. Met verloop van sy ontwikkeling differensieer die ongeskeidenheidsbelewing meer en meer om gedeeltelik plek te maak vir die subjek-objek-splitsing van die bewussyn wat tot selfbewussyn verhef word. Die mens bly egter tussen albei pole lewe: die ongeskeidenheidsbelewing en die absolute objektivering. Albei is in alle fases van die mens

se lewe aanwesig (Helberg, 1963: 27).

Die kind neem dan waar soos ander waarneem, en hy projekteer ook soos ander projekteer. Alleen 'n bedreiging van die verkreë ewewig sal aanleiding kan gee om óf individueel óf kollektief nuwe projeksies te skep (Helberg, 1963: 27-30).

### 2.3.2.3 Die Amerikaanse opvatting: Frank, Rapaport, Bellak & Murray

Die Amerikaanse psigoloë beskou projeksie as die toeskrywing van eienskappe, strewinge en gedragswyses van een persoon aan ander persone. Die invloed van Lewin en sy skool het die begrip so gewysig dat dit die betekenis van "subjektiewe organisasie van die persoonlike veld" insluit (Van Lennep, 1948: 17).

Frank (1948: 403) sien projeksie as 'n poging van die mens om sy buitewêreld te organiseer sonder die handhawing van kultuurvoorskrifte en konvensie. Hy stel sy standpunt as volg:

> **"This indicates that a personality is the way an individual organizes and patterns life situations and effectively responds to them, 'structuralizes his life space', so that by projective methods we are evoking the very process of personality as it has developed to that moment."**

Rapaport (1952: 6) beskou keuse en organisasie as die kernelemente van projeksie; hy sien projeksie en die uiting van persoonlikheid as identies en verklaar hierdie aspekte as volg:

> **"They are procedures in which the subject actively and spontaneously structures unstructured material, and in so doing reveals his structuring principles - which are the principles of his psychological structure."**

Teen 1950 is Bellak sterk ten gunste daarvan dat afgesien moet

word van die algemene term "projeksie" en dat daar eerder gepraat moet word van "apperseptiewe distorsies". Bellak is dan ook een van die weinige psigoloë wat trag om die begrip projeksie in 'n nog enger lig te beskou. Binne hierdie kategorie van apperseptiewe distorsies onderskei hy tussen die volgende meganismes:

- projeksie
- patologiese of omgekeerde projeksie
- eenvoudige projeksie
- sensitisering
- eksternalisering

(Abt & Bellak, 1950: 7-32.)

Murray onderskei aanvanklik tussen supplementêre en komplementêre projeksie. Supplementêre projeksie sien hy as die proses waar 'n persoon sy impulse of attribute direk op ander persone projekteer. In so 'n geval sien hy dat die persoon baie soos hyself is. Komplementêre projeksie is volgens hom weer die proses waar 'n individu sy omgewing waarneem om dit kongruent aan sy eie impulse te maak (Murray, 1933: 310-339).

Teen ongeveer 1951 is daar 'n derde onderskeidingseienskap by Murray te bemerk in sy hantering van die begrip projeksie. Hierdie eienskap noem hy die "kontrasterende projeksie". Dit verwys na die proses waar ander persone totaal anders waargeneem word as wat die waarnemer homself waarneem. So sal 'n persoon wat depressief is slegs homself as depressief evalueer, terwyl alle ander mense rondom hom gelukkig en sorgvry is (Lindzey, 1961: 29).

'n Verdere ontwikkeling rondom die begrip projeksie word in die skrywe van Murstein & Pryer (Rabin, 1981: 21) gevind waar hulle tussen die volgende vier soorte onderskei:

- klassieke projeksie
- attribute projeksie
- outistiese projeksie
- gerasionaliseerde projeksie

Lindzey (1961: 31) meen ten slotte dat alhoewel baie skrywers gepoog het om 'n fyn onderskeid tussen verskillende vorme van projeksie te tref, die term by almal in twee belangrike veralgemenings gebruik word:

- klassieke projeksie
- veralgemeende projeksie

## 2.4 Klassifikasie van projektiewe tegnieke

Persone wat uitstaande bydraes gelewer het in die groepering en klassifisering van 'n verskeidenheid projektiewe tegnieke, is onder andere Frank (1948), Lindzey (1959), en Semeonoff (1976). Ander skrywers wat ook 'n bydrae gelewer het, is Campbell (1950, 1957); Cattel & Sargent (1945), en Smit (1983: 154). Hulle bydraes sal egter nie verder in hierdie studie vermeld word nie.

### 2.4.1 Lindzey se klassifikasiesisteem

Die eerste van Lindzey se twee indelings (Lindzey, 1959) omvat ses kategorieë:

1. Eienskappe inherent aan die toetsmateriaal, byvoorbeeld:
   - gestruktureerde stimuli vs. ongestruktureerde stimuli;
   - ouditiewe stimuli vs. visuele stimuli.

2. Wyse waarop die tegniek ontwikkel is:
   - toets ontwikkel vanuit die teorie;
   - rasionalisering na ontstaan van die toets.

3. Wyse waarop die toets geïnterpreteer word:
   - kwantitatiewe analise;
   - kwalitatiewe analise.

4. Doel van die toets:
   - byvoorbeeld diagnosering van konflik vs. motivering;
   - byvoorbeeld diagnosering van psigoseksuele fiksering.

5. Verskil in administrering van die toets:
   - groepstoets;
   - individuele toets.

6. Tipe responsontlokking:
   - "storievertelling" as 'n tipe respons;
   - assosiasievorming as 'n responsontlokking.

Omdat bostaande indeling sekere beperkinge rondom uitvoerbaarheid stel, ontwikkel Lindzey (1959) sy tweede indeling waarin hy die klassifikasie maak op grond van die responsontlokking van elke tegniek.

1. Assosiatiewe tipe:
   - woordassosiasie
   - Rorschach
   - "wolkeprente"
   - ouditiewe projektiewe tegnieke

2. Konstruktiewe tipe:
   - TAT
   - "Blacky pictures"

3. Voltooiingstegnieke:
   - sinsvoltooiing
   - "Picture Frustration Test"

4. Rangskikkingstegnieke:
   - Szondi
   - prenterangskikkingstegnieke

5. Ekspressiewe tegnieke:
   - spel
   - teken of verf
   - psigodrama of rollespel

Die GGBT sal onder die ekspressiewe tegniek geklassifiseer word vanweë die feit dat gesinsbeelding, en daarom Grafiese Gesinsbeelding (vgl. 2.2.2, 2.2.3 en 2.2.4), histories en metodologies aan psigodrama en rollespel verwant is. (Vgl. 2.2.4.) Grafiese Gesinsbeelding is ook vanuit tematiese tekentegnieke afgelei. (Vgl. 2.10.)

### 2.4.2 Semeonoff se klassifikasie

Oproepe tot objektiewe benaderings en groter wetenskaplikheid het Semeonoff (1976: 15) aangemoedig tot sy voorstelling van 'n klassifikasiesisteem. Hy vereenvoudig die hele klassifikasiesisteem tot drie hoofgroepe, naamlik:

1. Stimulus:
   - verbaal
   - visueel
   - konkreet
   - ander modaliteite

2. Response:
   - assosiatief
   - interpreterend
   - manipulerend
   - vryekeuse-uitoefening

3. Intensie (of doel):
   - beskrywend
   - diagnoserend
   - terapeuties

Indien die GGBT onder een van die drie indelings onder bespreking geklassifiseer moet word, sou Semeonoff se sisteem om die volgende redes die meeste bevredig:

- Die indeling blyk eenvoudig te wees, sonder dat dit afbreuk doen aan die geldigheid van 'n doeltreffende klassifikasiesisteem.
- Dit is 'n meerdimensionele sisteem waar dit as 'n alomvattende metode dien wat sowel response as stimuli en doelstellings in ag neem.
- Dit is 'n kort, bruikbare klassifikasiesisteem wat maklik geïmplementeer kan word en tot weinig misverstande kan lei as dit by die toepassing en verstaanbaarheid daarvan kom.

### 2.4.3 Frank se indeling

Frank (1948) het die volgende vyf kategorieë in sy klassifikasie van projektiewe tegnieke gebruik (Semeonoff, 1976: 17-18):

1. **Samestellende metodes:** Die individu verleen struktuur aan onverwerkte materiaal wat nog ongestruktureerd is, byvoorbeeld die Rorschachtoets en vingerverf.

2. **Konstruktiewe metodes:** Dit sluit baie nou aan by bogenoemde, maar dit verskil in dié opsig dat die konstruktiewe metode van verwerkte materiaal gebruik maak. Hier word die materiáál eerder ingespan (of gemanipuleer) om patrone te vorm (byvoorbeeld by blokpatrone of die

mosaïektoets) as om self iets te skep of te vorm (te "mould").

3. Interpretatiewe metodes: Dit gaan hier om die response van die individu in 'n spesifieke toetssituasie waar die individu 'n betekenis moet heg aan die stimulus wat later geïnterpreteer kan word, soos die TAT.

4. Katarsismetode: Hier verskuif die klem na die resultaat eerder as die response. Binne hierdie tegniek word die geleentheid gegee om aan gevoelens en emosies uitdrukking te gee. Psigodrama en spelterapie is goeie voorbeelde.

5. Refraktiewe metode: Dit verwys na die verskynsels wat as ekspressiewe aspekte van gedrag beskryf kan word, soos grafologie.

Die Grafiese Gesinsbeeldingstoets sluit by beide metode 4 en 5 aan (vgl. 2.2.2, 2.2.3, en 2.2.4).

Volgens Lindzey (1961: 12) verkort en vereenvoudig Frank in 'n later stadium bogenoemde indeling soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Assosiatiewe tegniek | byvoorbeeld | Rorschach |
| 2. | Konstruktiewe tegniek | byvoorbeeld | TAT |
| 3. | Voltooiingstegnieke | byvoorbeeld | Sinsvoltooiingstoets |
| 4. | Rangskikkingstegniek | byvoorbeeld | Szondi |
| 5. | Ekspressiewe tegniek | byvoorbeeld | Psigodrama |

## 2.5 Basiese eienskappe onderliggend aan projektiewe tegnieke

Uit die literatuur (vgl. 2.3.1 en 2.3.2) wil dit voorkom asof projektiewe tegnieke oor sekere basiese gemeenskaplike attribute beskik. Die volgende basiese eienskappe (of ekstrinsieke kwaliteite) is volgens White (1944: 215) en Bell (1948: 4-6) eie aan 'n goeie projektiewe tegniek:

- Die stimulusmateriaal moet voldoende dubbelsinnig wees sodat meer as een tipe respons ontlok kan word;
- dit moet oor die vermoë beskik om 'n redelike vryheid ten opsigte van respondering te hê;
- dit moet sodanig opgestel wees dat die toetsling nie bewus is van watter attribuut gemeet word nie;
- so 'n toets behoort baie kort en kernagtig te wees;
- dit moet in staat wees om gedrag op 'n holistiese wyse te meet.

Lindzey (1961: 41-43) gaan heelwat verder as White (1944) en Bell (1948) wanneer hy die noodsaaklike eienskappe wat by 'n projektiewe tegniek teenwoordig moet wees in primêre en sekondêre eienskappe verdeel:

- Primêre eienskappe:
  * 'n Projektiewe tegniek moet oor die nodige sensitiwiteit beskik om die onbewuste of latente aspekte van die persoonlikheid uit te lig;
  * dit moet veelvuldige ontlokking van response op 'n stimulus kan veroorsaak;
  * die meting van 'n projektiewe tegniek moenie net beperk wees tot die meting van 'n enkele aspek nie. Dit moet meerdimensioneel wees en daar moet 'n gebrek aan objektiewe bewustheid ten opsigte van die doel van die toets wees.

- Sekondêre eienskappe:
  * Die stimuli moet dubbelsinnig wees;
  * die ontleding moet aan 'n holistiese analise voldoen;
  * dit moet fantasieresponse kan opwek;
  * geen respons moet 'n "reg of verkeerd"-status bekleë nie

Daar is egter vandag nog 'n kritieke leemte waar Zubin, Eron & Schumer (1965: 11) dit reeds 25 jaar gelede uitgewys het sodat daar weinig navorsing in die literatuur gerapporteer word waarin die wetenskaplike, metodologiese en kliniese noodsaaklikheid van die stimulus ondersoek word.

In die literatuur is daar veral twee aspekte wat konstant beklemtoon word, en verdere toeligting verdien. (Vgl. Murstein, 1965; Rabin & Hawarth, 1960; Pelser, 1958; Corne, 1949; Abt & Bellak, 1959; Bell, 1949; Nel & Esterhuizen, 1958):

- Dubbelsinnigheid van 'n stimulus: Dubbelsinnigheid verwys na die latente vermoë van 'n stimulus om 'n verskeidenheid response te ontlok en nie net een stereotiepe respons nie. Erasmus (1975: 34) noem in sy voorondersoek wat tot die TAT-Z gelei het, dat hy van die veronderstelling uitgegaan het dat die illustrasies self nie vaag moet wees nie. Dit is eerder die situasies wat oop moet wees vir verskeie vertolkings.
- Die ongestruktureerdheid van die projektiewe stimulus: Volgens Luchins (1950: 27) is dit eintlik 'n wanopvatting, want tereg vra hy: **"But what stimulus object has no structure?"** Klein & Arnheim (1953: 61) voeg met rede hierby dat: **"A visual stimulus should be called**

  > **unstructured or amorphous only when it is impossible to find an organized perceptual pattern in it."**

  Hierdie stelling word ook sterk deur Wertheimer (1957) en Schachtel (1966) ondersteun.

## 2.6 Vereistes vir 'n doeltreffende projektiewe tegniek

Pelser (1958: 156) noem 'n sewetal vereistes waaraan 'n projektiewe tegniek moet voldoen om suksesvol te wees:

- Die prikkelmateriaal moet eenvoudig en maklik beskikbaar wees.
- Die toepassing moenie te veel tyd in beslag neem nie.
- Dit moet eenvoudig wees om toe te pas.
- Die tegniek moet onbewuste gedrag wat buite bereik van die bewuste kontrole is, kan openbaar.
- Die tegniek moet ook in 'n hoë mate geldig wees (vgl. 2.2.2.2.2).
- 'n Projektiewe toets moet betroubaar wees (vgl. 2.2.2.2.1).
- 'n Goeie wetenskaplike projektiewe toets behoort gestandaardiseer te word.

## 2.7 Die interpretasieproses van projektiewe tegnieke

### 2.7.1 Moontlike veranderlikes wat die response kan beïnvloed

Soos reeds in 2.2.2.2 beklemtoon, het die interpreteerder van 'n projektiewe tegniek 'n belangrike rol in dit wat die toets uiteindelik wil sê. 'n Belangrike faktor wat die klinikus in gedagte moet hou, is die inhoud en strukturele aanbieding van die toetsling se response (Rosengrin, 1981: 176). Omdat die inhoud egter ook van dag tot dag kan verskil, is dit die klinikus se taak om die betekenis of boodskap daaragter (koverte temas) te probeer vasstel.

Blatt (1975: 334) sluit by bogenoemde aan en meen dat die toetsling se responsreaksie, hetsy vreugde of vrees tydens die toetssituasie, ook geïntegreer moet word by die inhoud en struktuur van die response.

Die noodsaaklikheid van die interpretasie van 'n projeksietoets in samehang met die toetsling se agtergrondsgeskiedenis moet sterk beklemtoon word.

Uit die werk van Lindzey (1961: 162) blyk dit baie duidelik dat dit onmoontlik is om projektiewetegniek-data te probeer interpreteer sonder genoegsame inligting aangaande die omstandighede waaronder die toets afgeneem is. Die analis moet ook baie versigtig wees en let op moontlike bydraende nie-persoonlikheidsfaktore wat response kan beïnvloed.

Opsommend verskaf Lindzey (1961: 162) die volgende verskeidenheid determinante wat die response van 'n projektiewe tegniek veral beïnvloed:

- Toevallige faktore - byvoorbeeld familiegeskiedenis en inligting uit onderhoude.
- Tydelike affektiewe toestande - byvoorbeeld vreugde, angs, depressie tydens die toets.
- Stimulusfaktore - byvoorbeeld kulturele variasies ten opsigte van die betekenis van die stimulus.
- Responssituasies - byvoorbeeld variasies in die gee van toetsinstruksies.
- Vermoë en opdraguitvoering - byvoorbeeld verskillende kognitiewe en verbale vermoëns.
- Toetssituasie - byvoorbeeld spanning of totale ontspanning tydens die toets beïnvloed die toetsling se responsvermoë.
- Situasionele faktore - byvoorbeeld die fisiese en sosiale opset waarbinne die toets afgeneem word.

Sensitiwiteit aan die kant van die toetsafnemer ten opsigte van bogenoemde determinante behoort 'n beter objektiewe evaluasie daar te stel.

Die kontroleerbaarheid van bogenoemde determinante tydens die afneem van groepstoetse is baie meer beperk as tydens individuele toetse en kan dus as 'n nadeel van groepstoetse beskou word.

### 2.7.2 Kwantifisering

Die vraag na die kwantifisering al dan nie by projektiewe tegnieke is skynbaar nog nie ten volle beantwoord nie. Die gevaar bestaan daarin dat die interpretasieproses kan verval in 'n blote statistiese prosedure met losstaande entiteite, sonder dat die analis tot 'n betekenisvolle geheelbeeld kan kom. Hierteenoor kan kwantifisering van 'n projektiewe tegniek sy betroubaarheid verhoog. Alhoewel sommige skrywers ten gunste van kwantifisering is en ander daarteen, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat kwantifisering - aangevul deur die daarstelling van konstrukgeldigheid - die doeltreffendheid van so 'n toets kan verhoog (Kerlinger, 1986: 476-481).

Volgens Kerlinger (1986: 481) is enige materiaal potensieel kwantifiseerbaar, alhoewel sekere materiaal ongunstig staan teenoor kwantifisering, byvoorbeeld: **". . . it is much easier**

> **to assign numbers to spelling performance than it is to assign numbers to original thinking or creativity. This does not mean, however, that no numbers can be legitimately assigned to children's products on the variables originality and creativity. It is not easy, but it can be done."**

Die rasionaal van hierdie studie gaan juis oor die validering van die GGBT waar kwantifisering 'n funksionele rol speel in die geslaagdheid, al dan nie, van die tegniek (vgl. Hoofstuk 3 en 4).

## 2.8 Modaliteite van die psigies gesonde gesin

### 2.8.1 Begripsomskrywing en oriëntering

In die literatuur is daar algemene eenstemmigheid dat daar nie slegs een model van gesonde of normale gesinne kan bestaan nie, hoofsaaklik vanweë 'n verskeidenheid opinies en 'n magdom teoretiese kennisleer. Daar is talle skrywers (teoretici) wat die rol van kulturele differensiasie en psigososiale faktore betrek in die definiëring van die psigies gesonde gesin (Jackson, 1967: 32, 161; Gurman et al., 1981: 274; Fisher et al., 1978: 9; Kleiman, 1981: 37; Barnhill, 1979: 94, en Fisher et al., 1983: 42).

Volgens genoemde skrywers is 'n sinvolle definisie slegs moontlik indien daar eenstemmigheid is oor die inhoud van die term "normaal" of "gesond".

Jackson (1967: 161 soos aangehaal deur Gurman et al., 1981: 274) postuleer dat dit wel gebeur dat ouers in ongekende harmonie kan saamleef, maar tog gespanne kinders het; die teenoorgestelde is egter ook waar. Die benaderingswyse wat, volgens Jackson (1967: 32 soos aangehaal deur Gurman et al., 1981: 274) gevolg moet word, is om weg te beweeg van etikette soos "reg" of "normaal" en eerder die akkurater term "konvensioneel" te gebruik.

Barnhill (1979: 94) meen egter dat die term "gesond" gebruik moet word al het dit sekere nadele. "Gesond" bedoel iets dieper as "gemiddeld", "normaal", of "nie-patologies".

Psigologiese gesondheid het egter nie 'n waardelose universele toepasbaarheid nie, omdat dít wat in 'n sekere kultuur of sosio-ekonomiese klas goed aangepas of kreatief is, in 'n ander wanaangepas kan wees (Fisher et al., 1978: 9).

Price (1979, soos aangehaal deur Hansen et al., 1982: 29) meen dat "normaal" in gedragsterme gedefinieer kan word. Hiermee bedoel hy dat dit iets sê van die statistiese gemiddelde, die meerderheid, of tipiese gedrag. "Funksioneel" word dan in terme van verskeie kwaliteite gedefinieer.

Kan ons egter van gesondheid (normaliteit) praat as 'n statistiese of ideale toestand wanneer die terapeut met gesinne werk? Gurman et al. (1981: 274) antwoord hierop deur met Jackson saam te stem dat indien so 'n standaard gevolg word sekere etnies-politiese probleme kan volg. Volgens Gurman et al. (1981: 274) is die oplossing hiervoor die gebruik van 'n statistiese konsep vir normaliteit, en word deur die term "konvensioneel" beskryf.

Hansen et al. (1982: 29) waarsku egter dat die definiëring van "gesondheid" van die volgende faktore afhang:

- die basiese aannames aangaande die aard van die mens;
- die dissipline waaruit so 'n evaluasie gedoen word;
- lê die evaluering binne die evalueerder se veld van bekwaamheid?

Dit blyk dat daar in die literatuur baie geskryf word oor begrippe, maar dat daar werklik min formele definisies bestaan van byvoorbeeld die psigies gesonde gesin. Die skrywers het eerder elkeen 'n model saamgestel en dan sekere dimensies binne hierdie model gedefinieer soos Fisher et al. (1978: 9-17), Barnhill (1979: 94-99) en Kleiman (1981: 37-42).

Dit is ook te verstane dat met die verskeidenheid modelle verskillende definisies aangetref sal word. Die skrywer gaan egter poog om in punt 2.8.2 meer helderheid hieroor te gee.

David (1978: 329 soos aangehaal deur Hansen et al., 1982: 30) gee egter 'n omskrywing wat nie noodwendig aan 'n besondere model gekoppel kan word nie: **". . . a family unit (whatever its concept in any given society), effectively coping with cultural-environmental, psychosocial, and socio-economic stresses throughout the diverse phases of the family life cycle."**

Daar is egter verskeie ander skrywers wat hul eie besondere bydrae tot die verklaring van die begrip psigies gesonde gesin gemaak het, byvoorbeeld Hansen et al., (1982: 30-33), Cromwell & Keeny (1979), Beavers (1979), Lewis et al., (1976), French (1977), en Kantor & Lehr (1975).

Ter samevatting blyk dat in die literatuur verskeie opinies bestaan rondom die begrippe "gesond", "normaal", "funksioneel" en "gemiddeld". Vir die doel van hierdie studie sal egter gehou word by die term "gesond" ("healthy"), omdat dit die bekendste is asook die meeste gebruik word in die Engelsmedium literatuur.

### 2.8.2 Kerndimensies van die psigies gesonde gesin vanuit die perspektief van skole in die psigologie

#### 2.8.2.1 Inleidend

Dit is duidelik uit die bespreking van die vorige punt dat die beskrywing en bestudering van die gesin 'n komplekse en gediversifiseerde onderwerp is, met soms uiteenlopende standpunte. Gegewe die aard en uitgangspunte van hierdie studie (vgl. 1 en 4.1), word die sisteembenadering (vgl. 2.10) as invalshoek gebruik.

Navorsingstof bevat vollop bewyse dat die sisteembenadering, desnieteenstaande sy beperkinge (vgl. Gurman, 1978: 518-519, 530, 534; Gurman, 1980: 88; Bodin, 1981: 341; Steinglass, 1978: 345, 358-361; Pinsof, 1981: 701), een van die omskrywender en oorkoepelender benaderings volg tot die verklaring en hantering van problematiek binne die huwelik- en gesinskonstellasie.

Die spesifieke model wat in hierdie studie gebruik word is die Circumplex Model van Olson _et al_. (1979). Motivering vir die gebruik en toepaslikheid van hierdie model in die studie is soos volg:

- Die model is op die algemene sisteemteorie gebaseer.
- Wat die Circumplex Model anders maak as talle ander huweliks- en gesinsterapiemodelle, is die feit dat dit nie net die homeostatiese aspek van die sisteem beklemtoon nie, maar ook die aanpasbaarheid daarvan.
- Die waarde en geldigheid van hierdie model is reeds deur verskeie navorsingsprojekte ondersteun (Olson _et al_., 1979: 4-5, soos aangehaal deur Venter, 1988: 246). Barker (1986: 77, soos aangehaal deur Venter, 1988: 246) beskou die Circumplex Model gevolglik as een van die navorsingsgebaseerde gesinsmodelle.
- Die Circumplex Model vertoon groot ooreenkomste met die teorieë van talle ander gesaghebbende teoretici. So byvoorbeeld is later gevind dat die gesinsosioloog Angell ook albei dimensies van gesinsintegrasie (-kohesie en -aanpasbaarheid), wat sentrale konsepte in die Circumplex Model is (vgl. 2.8.2.2), in sy teorie opgeneem het. Die tipologieë van gesinsisteme van Kantor & Lehr, Wertheim, en Reiss toon 'n mate van ooreenstemming met die tipologie van die Circumplex Model (Olson _et al_., 1979: 14-16, soos aangehaal deur Venter, 1988: 246-247).
- Olson en sy medewerkers het 'n groot aantal toetse

ontwikkel wat met groot vrug in terapie en navorsing aangewend kan word (Venter, 1988: 247).

Die skrywer het wel die uitgangspunte van ander skole in die psigologie aangesny (vgl. veral 2.8.3), waar dit inpas by die loop van die bespreking.

**2.8.2.2 Die Circumplex Model van huwelik- en gesinsisteme van Olson en sy medewerkers**

Die ontwikkeling van die Circumplex Model vir huwelik- en gesinsisteme het gedurende 1976 tot 1979 deur Olson, Russell & Sprenkle plaasgevind (Olson et al., 1979: 14).

Die groeiende aantal strukture wat deur verskeie navorsers ontwikkel is om huweliks- en gesinsdinamika te beskrywe, het Olson en medewerkers genoop om 'n lys op te stel van hierdie groeiende konsepte en die Circumplex Model was 'n direkte gevolg hiervan (Olson et al., 1979: 14). Verdere bydraes en ontledings insake die Circumplex Model het gevloei uit die pen van skrywers soos Fisher & Sprenkle (1978: 9-17) en Fisher, Giblin & Regas (1983: 41-54).

Genoemde lys van groeiende konsepte het aanleiding gegee tot die induktiewe konseptuele groepering van sodanige konsepte vanuit die gesinsterapie en ander sosiaal-wetenskaplike velde. Hierdie groepering openbaar twee betekenisvolle gedragsdimensies in die gesin, naamlik **kohesie en aanpasbaarheid.** Hierdie twee dimensies word binne die Circumplex Model geplaas vir die identifisering van 16 tipes huweliks- en gesinsisteme (Olson et al., 1979: 3).

Olson en medewerkers doen aan die hand dat 'n gebalanseerde vlak van beide kohesie en aanpasbaarheid die funksioneelste is in

huweliks- en gesinsaanpassing. Verder postuleer hulle die noodsaaklikheid van balans op die kohesiedimensie tussen te veel nabyheid (wat lei na verstrengelde/oorbetrokke sisteme) en te min nabyheid (wat lei na onbetrokke sisteme). Dit is ook noodsaaklik dat daar 'n balans moet wees tussen die aanpasbaarheidsdimensie tussen te veel verandering (wat lei na chaotiese sisteme) en te min verandering (wat lei tot rigiede sisteme) (Olson et al., 1979: 3).

Later het Olson en medewerkers ook 'n derde dimensie by bogenoemde twee gevoeg, naamlik kommunikasie (Olson et al., 1983: 69-71). Dit word as 'n uiters belangrike dimensie beskou waarsonder persone nie verandering op die ander twee dimensies kan inisieer nie.

Die uiteindelike doel van die Circumplex Model is om die gapings te oorbrug wat baiekeer tussen teoretici, navorsers en praktiseerders bestaan.

**2.8.2.2.1 Gesinskohesie: dimensie I**

**2.8.2.2.1.1 Verbandhoudende teoretiese konsepte**

Die ontwikkeling van die kohesiedimensie sal kortliks deur middel van verbandhoudende teoretiese konsepte verduidelik word ten einde die ontwikkeling van die dimensie uit te lig.

Die feit dat daar ten minste 40 konsepte onderliggend aan hierdie dimensie is, onderskryf die belangrikheid van kohesie as 'n bindende faktor (vgl. Tabel 2.2).

Vir die doeleindes van hierdie bespreking sal slegs enkele van die bekendste teoretici se konsepte verduidelik word, naamlik dié van Wynne et al., Stierlin, Karpel, Rosenblatt, en Minuchin. (Vgl. Tabel 2.1.)

**Tabel 2.1:**

**Gesinskohesiedimensie: verbandhoudende teoretiese konsepte**

| | EKSTREME LAE KOHESIE | GEBALANSEERDE KOHESIE | EKSTREME HOë KOHESIE |
|---|---|---|---|
| BOWEN | Emosionele egskeiding. | Gedifferensieerde self. | Ongedifferensieerde gesins-"egomassa"; emosionele smelting. |
| HESS & HANDEL | Afsonderlik. | | Samebinding. |
| KANTOR & LEHR | | | Verbond/Verbind. |
| LIDZ | Verdeeldheid, skeef. | | |
| MINUCHIN | Rigiede grense. Onbetrokkenheid. | Duidelike grense. | Diffuse grense. Oorbetrokkenheid. |
| OLSON | Lae samebinding. Onafhanklik. | Afsonderlike samebinding. | Hoë samebinding. Afhanklik. |
| | Rigiede grense. Swak koalisies. | Duidelike indivi=duele grense - huwelikskoalisie. | Diffuse grense. Ouer-kind-koalisies. |
| REISS | Interpersoonlike afstand; sensitief. | Omgewings-sensitief. | Konsensus-sensitief. |
| ROSENBLATT | Verwyderd. | | Saamwees. |
| SCOTT EN ASKWORTH | | | Buitengewone wederkerige betrokkenheid. |
| STIERLIN | Verban sentrifugale krag. | Sentripitale & sentrifugale balans. | Verbinde sentripitale krag. |
| VOGEL & BELL | Sondebok soek. | | |
| WYNNE | Pseudovyandigheid. | Wederkerigheid. | Pseudowederkerig=heid - "Rubber=omheining". |

(Olson *et al.*, 1979: 7)

Histories gesien was Wynne et al. (Olson et al., 1979: 7) een van die eerstes wat verklaar dat sommige gesinne, veral dié met 'n skisofrene lid, 'n oorheersende belang het om almal saam in te pas ten koste van die ontwikkeling van persoonlike identiteite. Hulle beskryf die proses as pseudowederkerigheid.

Stierlin (1974, soos aangehaal deur Olson et al., 1979: 9) verduidelik die gesin se stryd om verwyderdheid en verbondenheid te balanseer deur twee opponerende kragte te identifiseer, naamlik sentripitale en sentrifugale krag. Sentrifugale krag kom voor wanneer daar druk vanuit die gesin self kom om gesinslede uit die gesin te stoot, wat tot "verbanning" lei. Sentripitale krag ontstaan wanneer daar druk vanuit die gesin is om gesinslede bymekaar te hou, wat op binding uitloop. Hierdie kragte word disfunksioneel wanneer dit op 'n ontoepaslike tyd plaasvind of baie intensief is sodat net een ekstreem oorheers.

'n Teoretikus wat nie in die tabel (vgl. Tabel 2.1) opgeteken is nie, naamlik Karpel (1976: 65-82, soos bespreek deur Olson et al., 1979: 9-10), het 'n model voorgestel wat beskryf hoe individue omgaan met die tweeledigheid tussen afstand (die "Ek") en die verhouding/relasie (die "Ons"). Afstand en verhouding varieer in die proses op pad na rypwording (onvolwasse - oorgang - volwasse). Tydens die onvolwasse stadium hanteer individue afstand deur onbetrokke te wees en in verhoudings/relasies versmelt (verstrengel) te raak. Alleenlik in die volwasse stadium onderhou individue beide relasie (deur dialoog) en afstand (deur individuasie). Die belangrikheid van hierdie "Ek"- versus "Ons"- balans in volwasse verhoudinge word beklemtoon deurdat individuasie en dialoog mekaar fasiliteer.

Rosenblatt (Olson et al., 1979: 10) suggureer dat gesinne 'n optimale balans moet vind tussen tyd saam en tyd weg van

mekaar. In sy studies met Amerikaanse gesinne bevind Rosenblatt dat sommige gesinne saamwees vermy alhoewel dit voorkom asof hulle saam is (om aan die norm te konformeer). Gesinslede gaan soms weg van die huis af, maar isoleer hulself wanneer hulle wel by die huis is.

Soos vroeër bespreek (vgl. 2.2.4), het gesinsbeelding, en dus ook Grafiese Gesinsbeelding, teoretiese bande met Minuchin se strukturele gesinsterapie. Volgens Gurman & Kniskern (1981: xiv) is die strukturele model een van die hoofteorieë van huweliks- en gesinsterapie, en dit het ook reeds 'n betekenisvolle bydrae tot die gesinsterapieveld gelewer. Soos reeds aangedui, steun die kohesiedimensie ook sterk op Minuchin se teorie. Daarom sal sy teorie hier meer aandag ontvang.

Minuchin het sekere belangrike subsisteme in die gesinsisteem onderskei, naamlik die individuele, gade-, ouer- en kindersubsisteem (Minuchin & Fishman, 1981: 13). Die noue verwantskap wat daar tussen die subsisteme bestaan, wat op verskillende hiërargiese vlakke voorkom, sal kortliks bespreek word.

- Individuele subsisteem

Sodanige subsisteem inkorporeer die persoonlike, historiese en sosiale determinante waarbinne 'n persoon leef. 'n Individu sal in sy transaksies met die ander gesinslede en ook ander persone of instansies buite die gesinsisteem voortdurend ander aspekte van die self aktualiseer (Minuchin & Fishman, 1981: 14-18).

- Huweliksubsisteem

Hierdie subsisteem word gevorm as twee persone van die teenoorgestelde geslag in die huwelik tree. Binne die

huweliksubsisteem moet sekere take en handelinge uitgevoer word. Die paar moet dus patrone ontwikkel waarin hulle individuele funksies ondersteun word. Negatiewe patrone kan egter ontwikkel as die negatiewe aspekte van die eggenoot oormatig beklemtoon in plaas van aanvaar word.

Die huweliksubsisteem is onmisbaar vir 'n kind se ontwikkeling. In hierdie sisteem sien die kind maniere raak van die uitdrukking van affeksie en hantering van spanning en konflik. As disfunksie in die huweliksubsisteem voorkom, sal dit in die gesin weerspieël word (Minuchin & Fishman, 1981: 17).

- Ouersubsisteem

Die sisteem word gevorm wanneer die eerste kind gebore word. Namate die kinders ouer word, vermeerder die eise wat aan die ouersubsisteem gestel word. Die kind se veranderende behoeftes verander die ouersubsisteem se funksies, byvoorbeeld as die kind baie jonk, is oorheers die voedingsfunksie terwyl kontrole en leiding later belangrik word. Die ouersubsisteem moet dus gedurig voorsiening maak vir wedersydse aanpassing.

Minuchin & Fishman (1981: 18) is van mening dat ouers nie slegs verantwoordelikhede teenoor hul kinders het nie, maar ook regte. Die ouers het die reg om besluite te neem wat die res van die sisteem kan beïnvloed. Ouers het die reg en plig om die privaatheid van die huweliksubsisteem te beskerm en te bepaal watter rol kinders in die gesinsfunksionering sal speel.

- Kindersubsisteem

Binne hierdie konteks (subsisteem) leer die kinders hoe om vriende te maak; hoe om vyande te hanteer; leer hulle van mekaar; ontwikkel hulle eie transaksionele patrone vir

onderhandeling, samewerking en mededinging; en leer hulle hoe om erkenning te kry. Kinders neem ook dikwels verskillende posisies in die proses van gee en neem in. Hierdie proses verbreed beide hul gevoel om deel te voel van 'n groep en hul gevoel van individuele keuses en alternatiewe binne 'n sisteem. Hierdie patrone sal betekenisvol wees wanneer hulle na buite-familiale portuurgroepe beweeg, die klaskamersisteem en later hulle loopbaan.

Volgens Minuchin (1974: 52) moet daar in die gesinsisteem 'n magshiërargie aanwesig wees waar die huwelik- en die ouersubsisteme oor meer mag as die kinders beskik. Indien dit nie bestaan nie, kan dit tot allerlei koalisies en disfunksionele grense in die gesin lei (vgl. Tabel 2.1).

Elke subsisteem beskik oor spesifieke funksies en stel spesifieke eise aan sy lede. Elke subsisteem moet grense hê wat hom teen ander subsisteme se eise en behoeftes beskerm. Die grense van die subsisteme word vervolgens toegelig.

- Grense

Grense word deur Minuchin (1974: 53) omskryf as die reëls wat bepaal wie deelneem in 'n subsisteem en op watter wyse. Die funksie van die grens is dus om die subsisteem te beskerm. Volgens Minuchin funksioneer alle gesinne, dus ook huwelike, tussen twee ekstreme pole van diffuse grense en duidelik rigiede grense (Hansen & L'Abate, 1982: 133). Waar diffuse grense bestaan, tree persone op asof hulle deel vorm van mekaar. Minuchin verwys daarna as oorbetrokkenheid ("enmeshment"). Waar daar duidelik rigiede grense voorkom, tree persone op asof hulle min met mekaar te doen het en elkeen gaan sy eie gang. Minuchin verwys na laasgenoemde situasie as onbetrokkenheid ("disengagement") (Aponte & Van Deusen, 1981: 314) (Vgl. Tabel 2.1).

Minuchin (1974: 55) meld dat daar in 'n gesin, op dieselfde tydstip, oorbetrokke en onbetrokke subsisteme kan wees. Dit kan die gevolg wees van die normale ontwikkelingsproses van die sisteem. So byvoorbeeld kan die moeder en haar jong kinders oorbetrokke wees, terwyl die vader onbetrokke is. Namate die kinders egter ouer word, kan die vader meer betrokke word by hulle. Minuchin (1974: 248) vestig die aandag daarop dat diadiese groeperings probleme ondervind om in 'n oorbetrokke sisteem te funksioneer as gevolg van die bemoeiing van 'n derde of vierde party. Diadiese onderhandeling kom betreffende Minuchin weinig voor (Olson et al., 1979: 9): **"They become triadic or group transactions that promoted a sense of vagueness and confusion in all family members."**

**2.8.2.2.1.2 Konseptuele definisie en betekenis van gesinskohesie**

Volgens Olson et al. (1979: 5) bestaan sodanige definisie uit twee komponente: die emosionele binding tussen lede en die graad van individuele outonomie wat 'n lid binne die gesinsisteem ervaar. Tydens die uiterste van hoë gesinskohesie, dit wil sê oorbetrokkenheid, kom 'n ooridentifikasie tussen gesinslede voor wat voortvloei uit uitermatige binding en beperkte individuele outonomiteit. Olson et al. (1979: 5-6) en sy medewerkers se hipotese is dat 'n gebalanseerde voorkoms van gesinskohesie bevorderlik is vir gesonde gesinsfunksionering en tot optimum individuele ontwikkeling lei.

Olson en sy medewerkers het sekere dimensies geïdentifiseer waaruit die gesinskohesiedimensie opgebou is: emosionele binding, onafhanklikheid, grense, koalisies, tyd, ruimte, vriende, besluitneming, belangstellings en ontspanning. Die veranderlikes en elkeen se definisie word in Tabel 2.2 uiteengesit.

**Tabel 2.2:**

**Dimensies van kohesie in huwelik- en gesinsisteme**

| | ONBETROKKE (Baie laag) | AFGESONDER (Laag-matig) | VERBIND (Matig-hoog) | OORBETROKKE (Baie hoog) |
|---|---|---|---|---|
| ONAFHANK=LIKHEID | Hoë onafhank=likheid v. lede. | Matige onafhank=likheid v. lede. | Matige afhank=likheid v. lede. | Hoë afhanklik=heid v. lede. |
| GRENSE | Oop eksterne grense; geslote interne grense; rigiede genera=siegrense. | Semi-oop ekster=ne en interne grense; duideli=ke generasie=grense. | Semi-oop ekster=ne grense; oop interne grense; duidelike gene=rasiegrense. | Geslote ekster=ne grense. Dif=fuse interne en generasiegrense. |
| KOALISIES | Swak koalisie; swartskaap aan=wesig in sisteem. | Duidelike huweliks=koalisie. | Sterk huweliks=koalisie. | Ouer-kind=koalisies. |
| TYD | Bestee maksimum tyd weg van die gesin (fisies en/of emosio=neel). | Tye saam en afsonderlik is belangrik. | Samesyn van sis=teem is NB, maar geleentheid word soms gegun om alleen te wees. | Daar word aange=dring op maks. samesyn; min tyd word gegun om alleen te wees. |
| RUIMTE | Afsonderlike ruimte maksimum (fisiek en emosioneel). | Privaat ruimte volgehou en min sisteemruimte. | Sisteemruimte maksimum en privaat ruimte beperk. | Min of geen privaat ruimte tuis. |
| VRIENDE | Meestal individuele vriende en min sisteem=vriende. | Sommige individuele vriende en sommige sis=teemvriende. | Sommige indivi=duele vriende; geskeduleerde aktiwiteite met sisteemvriende. | Min individuele vriende, hoof=saaklik sisteem=vriende wat saam gesien word. |
| BESLUIT=NEMING | Grootliks individuele besluitneming. | Meeste besluite word individueel geneem maar ge=samentlike be=sluite kan ge=neem word oor sisteemsake. | Individuele be=sluitneming word gedeel; die meeste besluite wat geneem word neem die sisteem in ag. | Alle besluite individueel en in sisteemver=band, moet gesa=mentlik deur die sisteem geneem word. |
| BELANG=STELLING EN ONT=SPANNING | Grootliks indi=viduele aktiwi=teite waarby die sisteem nie be=trek word nie. | Soms spontane sisteemaktiwi=teite, maar in=dividuele akti=witeite word ondersteun. | Sommige geskedu=leerde sisteem=akt., & die sis=teem betrokke by die individu se belange. | Die meeste of alle aktiwiteite en belange moet deur die sisteem gedeel word. |

(Olson et al., 1979:21, soos bespreek deur Venter, 1988: 241)

Soos uit Tabel 2.2 blyk, kom vier vlakke van kohesie in die model voor, naamlik onbetrokke, afgesonder, verbind en oorbetokke.

Dit word aanvaar dat die sentrale vlakke van kohesie, dit wil sê afgesonder en verbind, aanleiding gee tot optimale gesinsfunksionering wat daarop dui dat die gesin situasionele stres en skielike veranderinge goed kan hanteer.

In die model se sentrale area is die individue in staat om onafhanklik, maar tog in kontak met die res van die gesin, te funksioneer.

Volgens Olson et al. (1979: 22) sal gesinne met ekstreme lae kohesievlakke in ses of meer areas (soos in Tabel 2.2) as 'n onbetrokke gesinsisteem beskou word. Die teenoorgestelde geld ook waar sodanige gesinne as oorbetrokke ten opsigte van kohesie beoordeel word.

**2.8.2.2.2 Gesinsaanpasbaarheid: dimensie II**

**2.8.2.2.2.1 Verbandhoudende teoretiese konsepte**

Net soos by die kohesiedimensie (vgl. 2.8.2.2.1.1) sal hier ook aangestip word watter konsepte tot die ontwikkeling van hierdie dimensie aanleiding gegee het.

Volgens Olson et al. (1979: 11) demonstreer beide Von Bertalanffy (1968) en Buckley (1967) die waarde wat sisteemaanpasbaarheid het en veral die betekenis wat positiewe en negatiewe terugvoering inhou.

Positiewe terugvoering voorsien die gesinsisteem van

konstruktiewe, sisteembevorderlike gedrag wat die sisteem in staat stel om te groei, te skep, te innoveer en te verander - naamlik sisteemmorfogenese (Olson et al., 1979: 11).

Anders gestel is morfogenese die proses waardeur die sisteem 'n nuwe struktuur ontwikkel sodat dit by die invloed van die omgewing kan aanpas. Morfogenese is 'n eienskap van alle lewende sisteme wat oor 'n genetiese basis beskik wat reeds by die ontstaan van die sisteem vasgelê is en wat daarop dui dat die sisteem oor die potensiaal beskik om in 'n komplekse sisteem te ontwikkel (Miller, 1978 soos aangehaal deur Schoeman et al., 1983: 13).

Insgelyks poog negatiewe terugvoering om die status quo te handhaaf - hierdie verskynsel staan bekend as sisteemmorfostase (Olson et al., 1979: 11). Anders geformuleer verwys morfostase na die neiging van die sisteem om homself te handhaaf ongeag die invloed van die omgewing (Miller, 1978 soos aangehaal deur Schoeman et al., 1983: 13).

Die verskil tussen oop en geslote sisteme word ook soms beskrywe net deur die begrippe morfostase en morfogenese (Schoeman et al., 1983: 13).

Speer (1970), Hill (1971), Wertheim (1973, 1975), en Wynne (1974) noem dat die rigiede toepassing van die morfostatiese model beperkend kan wees in die analise van 'n vol spektrum normale gesinsinteraksie. (Olson et al., 1979: 11.) Te veel verandering of stabiliteit en die rigiede toepassing daarvan is aanduidend van sistemiese patologie. Bogenoemde skrywers lê sterk klem op die feit dat 'n gebalanseerde hoeveelheid van beide verandering en stabiliteit nodig is vir gesonde gesinsfunksionering.

Kieren & Tallman (1971, soos bespreek deur Olson _et al_., 1979: 13) voeg buigsaamheid, empatie, en motivering by tot die handhawing van aanpasbaarheid.

Wertheim (1973: 286, soos aangehaal deur Olson _et al_., 1979: 13) som die aanpasbaarheidsdimensie raak op en sê dat die ideaal aangepaste gesin so sal lyk: **"An ideal, adaptive family system can be conceptualized as one characterized by an optimal, socio-culturally appropriate balance between stability-promoting, 'self-corrective' processes, or morphostasis and change-promoting, 'self-directive' processes, or morphogenesis"** (p.286).

'n Punt van kritiek wat hier uitgespreek kan word, is dat die uitvoerbaarheid dit wil sê konkreetheid en operasionalisasie hiervan baie moeilik is.

Alhoewel Olson _et al_. (1979) nie na Minuchin verwys het nie, het Minuchin _et al_. (1981: 20-23) hom tog in 'n groot mate uitgespreek oor die ontwikkeling en verandering wat in sisteme voorkom. Hy het meer klem geplaas op positiewe terugvoering en nie die negatiewe terugvoering oorbeklemtoon nie. Soos enige lewende sisteem het gesinsisteme ook die neiging om hulleself te handhaaf, maar terselfdertyd te ontwikkel. Hierdie ontwikkeling word geïnisieer deur veranderinge binne die gesinsisteem, byvoorbeeld die normale ontwikkelingsprosesse van individue, en buite die gesinsisteem, byvoorbeeld die afsterwe van 'n grootouer of die verhuising van die gesin na 'n nuwe gebied (Minuchin & Fishman, 1981: 20-21).

Die gesinsisteem word dus deur opeenvolgende fases van homeostase en disekwilibrium gekenmerk. Gedurende hierdie tye van disekwilibrium kan 'n gesinsisteem 'n sprong maak na 'n nuwe

en komplekser staat van stabiliteit (Minuchin & Fishman, 1981: 21-22). 'n Gesinsisteem kan beweeg na 'n progressiewe bestendige toestand. Bogenoemde aannames van Minuchin kan ook toegepas word op die gesin se subsisteme (vgl. 2.8.2.2.1.1).

**2.8.2.2.2.2 Konseptuele definisie en betekenis van gesinsaanpasbaarheid**

Die aanpasbaarheid van 'n gesin dui op die vermoë om hulle magstruktuur, rolverhouding en verhoudingsreëls te verander in reaksie op situasie- en ontwikkelingstres. Die aanname is dat 'n aangepaste sisteem balans tussen morfogenese (verandering) en morfostase (stabiliteit) kan bewerkstellig (Olson et al., 1979: 11).

Die spesifieke veranderlikes van belang in die aanpasbaarheidsdimensie is: die gesin se magstruktuur (assertiwiteit en kontrole), onderhandelingsvaardighede, rolverhoudinge, verhoudingsreëls en terugvoering (positief en negatief). Soos in die geval met die kohesiedimensie kom daar ook hier vier vlakke voor. Die vier vlakke is chaotiese, buigsame, gestruktureerde en rigiede aanpassing. Die veranderlikes en elkeen se definisie word in Tabel 2.3 uiteengesit.

Dit word gesuggereer dat indien daar meer vryvloeiende balans tussen verandering en stabiliteit is, daar 'n wederkerige assertiewe kommunikasiestyl sal bestaan; gelykwaardige leierskap; suksesvolle onderhandeling; positiewe en negatiewe terugvoeringsirkels; rolverdeling en rolskepping, met min vae reëls en meer direkte, duidelike reëls.

Gesinsaanpassing fokus op die vermoë van die huweliks- en gesinsisteme om te verander. Die model stel die hipotese dat

**Tabel 2.3:**

**Dimensies van aanpasbaarheid in huwelik- en gesinsisteme**

| | CHAOTIES (Baie hoog) | BUIGSAAM | GESTRUKTU= REERD | RIGIED (Baie laag) |
|---|---|---|---|---|
| SELFGELDINGS= DRANG | Passiewe en aggressiewe style. | Algemeen geldend. | Algemeen geldend. | Passiewe of aggressiewe style. |
| KONTROLE | Geen leierskap. | Gelyke leier= skap met vloeibare verandering. | Demokraties met stabiele leier. | Outoritêre leierskap. |
| DISSIPLINE | Laissez-faire. Baie toegeef= lik. | Demokraties onvoorspel= bare gevolge. | Demokraties voorspelbare gevolge. | Outokraties. Te streng. |
| ONDERHANDELING | Eindelose on= derhandeling. Swak pro= bleemoplos= sing. | Buigbare on= derhandeling. Goeie pro= bleemoplos= sing. | Gestruktu= reerde onder= handeling. Goeie pro= bleemoplos. | Beperkte on= derhandeling. Swak pro= bleemoplos= sing. |
| ROLVERDELING | Dramatiese rolverande= ringe. | Rolskepping, -verdeling en vloeibare rol= verandering. | 'n Mate van roldeling. | Rolrigiditeit en stereoti= pering van rolle. |
| REëLS | Dramatiese reëlverande= ring, baie vae reëls, min vaste reëls, reëls willekeurig toegepas. | Soms reëlver= andering. Meer impli= siete as eks= plisiete reëls. Reëls word dikwels afgedwing. | Min reëlver= andering. Meer ekspli= siete as im= plisiete reëls, en die reëls word gewoonlik afgedwing. | Rigiede reëls Baie ekspli= siete reëls met min im= plisiete reëls. Reëls word streng afgedwing. |
| SISTEEM= TERUGVOERING | Hoofsaaklik positiewe terugvoering. Min negatiewe terugvoering. | Meer positiewe as negatiewe terugvoering. | Meer negatiewe as positiewe terugvoering. | Hoofsaaklik negatiewe terugvoering. Min positiewe terugvoering. |

(Olson <u>et al</u>., 1979: 22, soos bespreek deur Venter, 1988: 242).

die sentrale vlakke van aanpassing, naamlik gestruktureerd en buigsaam, aanleiding gee tot effektiewe huweliks- en gesinsfunksionering, terwyl die ekstreme vlakke van aanpassing - dit wil sê rigied en chaoties - problematies is vir huweliks- en gesinsfunksionering (Olson et al., 1983: 70).

'n Funksionele gesinsisteem moet stabiel wees, maar moet ook in staat wees om te verander as dit noodsaaklik is.

Volgens Olson et al. (1979: 23) sal gesinne met baie hoë aanpasbaarheid in vyf of meer areas (soos in Tabel 2.3) as 'n chaotiese gesinsisteem beskou word. Die teenoorgestelde geld ook waar sodanige gesinne as rigied beoordeel word.

**2.8.2.2.3 Gesinskommunikasie**

Olson et al. (1983: 68) stel twee hipoteses ten opsigte van die kommunikasiedimensie (hierdie dimensie word nie grafies in die model ingesluit nie):

- Gebalanseerde pare of gesinne neig om meer positiewe kommunikasievaardighede te openbaar as ekstreme gesinne.
- Positiewe kommunikasievaardighede sal gebalanseerde gesinne of pare in staat stel om hul vlakke van kohesie en aanpassing makliker te verander as ekstreme gesinne.

Kommunikasie word in die Circumplex Model beskou as fasiliterend tot die inbewegingstelling van die dimensies van kohesie en aanpassing (Olson et al., 1983: 49).

**2.8.2.2.4 'n Tipologie van huwelik- en gesinsisteme (vgl. Figuur 2.1)**

Soos reeds onder punt 2.8.2.2.1.1 bespreek, onderskei Olson et al. (1979: 16-20) tussen 16 tipes huwelik- en gesinsisteme.

Die twee dimensies van kohesie en aanpasbaarheid word elk in vier vlakke van funksionering verdeel, naamlik: baie laag, laag tot matig, matig tot hoog en baie hoog. Hierdie vlakke vorm 'n 4 x 4-matriks van 16 selle wat elkeen 'n moontlike huwelik- of gesinsisteem tipeer.

In Figuur 2.1 vertoon die vier tipes sisteme in die sentrale gebied (buigsaam - afgesonder, buigsaam - verbind, gestruktureerd - afgesonder en gestruktureerd - verbind) gebalanseerde vlakke van beide kohesie en aanpasbaarheid en word beskou as die optimale toestand vir individuele en gesinsontwikkeling.

Die teenwoordigheid van baie hoë of baie lae vlakke kohesie en aanpasbaarheid in die vier ekstreme tipes sisteme (chaoties - onbetrokke, chaoties - oorbetrokke, rigied - onbetrokke en rigied - oorbetrokke) word as die skadelikste vir individuele en gesinsontwikkeling beskou. Hierdie ekstreme tipe sisteme kom gereelder voor as die tipes in die middelgebied, want 'n sisteem wat ekstreem op die een dimensie voorkom, sal ook in 'n ekstreme vorm op die ander dimensie voorkom (Olson et al., 1979: 17).

Die voorkoms van 'n ekstreme sisteemtipe kan wel op die regte tyd funksioneel wees. So byvoorbeeld kan ekstreme aanpassing tydens 'n jong huwelik baie funksioneel wees, veral in krisistye soos die dood van 'n familielid, of wanneer 'n gade sy/haar werk verloor. Indien dit 'n gevestigde patroon vorm of baie lank sou voortduur, kan hierdie ekstreme aanpassing disfunksioneel word (Olson et al., 1979: 18).

Die vier tipes sisteme in die middelgebied kan nie uigesonder word as die ideale tipes tydens 'n sekere lewensfase van die sisteem nie, maar hulle is funksioneler as die vier ekstreme


tipes, byvoorbeeld: Hulle kan van posisie verskuif na 'n aangrensende posisie om situasionele of ontwikkelingstres te hanteer vanweë die feit dat hulle oop sisteme is (Olson et al., 1979: 18-20).

Olson et al. (1979: 19-20) bespreek die volgende probleemareas wat die vier ekstreme tipes sisteme kan ondervind:

- Die onderskeie lede van die sisteem se behoeftes ten opsigte van die graad van kohesie en aanpasbaarheid kan verskil. Die man kan byvoorbeeld aandring op streng en outokratiese dissipline terwyl die vrou toegeefliker (laissez-faire) dissipline voorstaan. Hulle beweeg dus op die teenoorgestelde pole van die aanpasbaarheidsdimensie. Die man en vrou sal dus 'n balans moet vind wat vir albei aanvaarbaar moet wees. Dit sal egter vir hulle moeilik wees om bogenoemde balans te bewerkstellig, want in ekstreme sisteme verander sisteemlede met uitsondering hul posisies en dan slegs na die ander ekstreem toe.
- Dit is ook moontlik dat sisteemlede aan die ekstreme kant van dieselfde dimensie(s) is. So byvoorbeeld kan die man en die vrou aan die rigiede ekstreem van die aanpasbaarheidsdimensie wees, en hulle vrees om te toegeeflik te wees (met gepaardgaande verlies aan beheer) sal hulle daartoe dryf om 'n rigiede outokratiese dissiplinestyl te handhaaf. As albei aan die chaotiese ekstreem van die aanpasbaarheidsdimensie is, sal hulle vrees om te streng te wees (met gepaardgaande moontlikheid van verwerping) hulle daarvan weerhou om 'n demokratiese benadering ten opsigte van dissipline te vestig.

Die gedrag van die vier ekstreme tipes sisteme is 'n voortsetting van funksionele gedrag, maar in 'n oordrewe vorm. So byvoorbeeld is die rigied - onbetrokke tipe 'n oordrewe vorm van die gestruktureerd - afgesonderde tipe, en die

# FIGUUR 2.1: HUWELIK- EN GESINSISTEME SOOS VOORGESTEL DEUR DIE CIRCUMPLEX MODEL




(Olson et al., 1979: 17)

chaoties - onbetrokke tipe 'n oordrewe vorm van die buigsaam - afgesonderde tipe (Olson et al., 1979: 19).

### 2.8.3 Teoretiese konsepte van die psigies gesonde gesin uit die perspektief van ander gesinsterapeute

Soos reeds genoem (vgl. 2.8.2.1), is daar ook ander belangrike gesinsterapeute wat 'n besondere bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van teorieë insake die bestudering van gesonde gesinsfunksionering. Die gesin se gesondheidsiklus (vgl. Figuur 2.2), soos deur Barnhill (1979: 92-101) getipeer, sal kortliks toegelig word. In hierdie bespreking van Barnhill (1979: 92-101) word telkens verwys na ander teoretici en hoe hy hulle konstrukte gebruik het.

Die ideaal is dat individuasie en wederkerigheid gelyktydig bereik moet word, en dit impliseer die noodsaaklikheid vir buitengewone buigsaamheid in gesinsverhoudinge sowel as gedeelde rolverwagtinge (Barnhill, 1979: 96).

Volgens Figuur 2.2 sal hoë vlakke individuasie tussen gesinslede tot 'n duidelike persepsie van die self en die ander lei (Bowen, 1966).

Op sy beurt sal duidelike persepsie (met ander woorde die vermoë om jou en ander duidelik waar te neem) duidelike kommunikasie fasiliteer. Netso is die vermoë om kommunikasie effektief te gebruik nodig vir duidelike persepsie (vgl. die tweerigtingpyl in Figuur 2.2) (Satir, 1967).

Duidelike kommunikasie lei dan tot wederkerigheid (vertroue) sowel as duidelike persepsie (Lederer & Jackson, 1968: 106). Duidelike kommunikasie fasiliteer ook rolverwagtinge (Lederer & Jackson, 1968). Duidelike rolverwagtinge fasiliteer en sluit

duidelike generasiegrense in (Spiegel, 1957: 3).

Duidelike rolverwagtinge (of komplementariteit) lei ook tot stabiliteit en 'n gevoel van wederkerigheid (harmonie) in gesinsverhoudinge (Spiegel, 1957: 3).


Duidelike kommunikasie en rolverwagting fasiliteer wederkerigheid. Laasgenoemde is bevorderlik vir die stabiliteit in die gesin en dit lei tot buigsaamheid en individuasie (Ackerman, 1966: 60).

Buigsaamheid is noodsaaklik vir die daarstelling van groei en individuasie (Haley, 1962). Buigsaamheid alleen is nie genoeg nie omdat stabiliteit noodsaaklik is vir die voorsiening van voldoende kontinuïteit om 'n duidelike eerder as 'n "diffuse" self te ontwikkel (Minuchin et al., 1967: 193-194). Die kombinasie van buigsaamheid en stabiliteit lei dan tot individuasie, die beginpunt.

Volgens Barnhill (1979: 96) kan die gesondheidsiklus opsommend in die volgende vier temas ingedeel word:

- Identiteitsprosesse:
    * individuasie v/s oorbetrokkenheid
    * wederkerigheid v/s isolasie
- Verandering:
    * buigsaamheid v/s rigiditeit
    * stabiliteit v/s disorganisasie
- Inligtingsverwerking:
    * duidelike v/s onduidelike/verdraaide persepsies
    * duidelike v/s onduidelike/verdraaide kommunikasie
- Rolstruktuur:
    * wederkerige rolle v/s onduidelike rolle - rolkonflik
    * duidelike v/s diffuse of gebrugde generasiegrense

# FIGUUR 2.2: DIE GESIN SE GESONDHEIDSIKLUS




(Barnhill, 1979: 96)

## 2.9 Die Grafiese Gesinsbeeldingstoets en die algemene sisteemteorie

Volgens Von Bertalanffy (1972), wat as die grondlegger van die algemene sisteemteorie beskou word, kan die idee van 'n sisteem teruggevoer word na die mens van die Ioniese tydperk, ses eeue voor Christus. Die mens van daardie tyd het homself gesien as deel van 'n vyandige wêreld wat beheer word deur demoniese en chaotiese kragte.

Sedert die vroeë vyftigerjare het die sisteemteorie baie veld begin wen in die V.S.A. (Epstein & Bishop, 1973; Gurman & Kniskern, 1978; Haley, 1971; Olson, 1970; Zuk, 1971).

Die skrywer het in sy benadering tot hierdie studie die gesin geformuleer as 'n "oop sisteem" wat bestaan uit sisteme binne ander sisteme (individueel, huwelik, en diadies) wat in verhouding staan tot ander sisteme (byvoorbeeld die gesin-van-oorsprong).

Oop sisteme is in voortdurende wisselwerking met hul omgewing en word gekenmerk deur 'n proses van groei en verandering. Die unieke aspekte van die dinamiese gesinsgroep kan nie net eenvoudig gereduseer word tot die karaktertrekke van die individu of interaksies tussen gesinspare nie. Dit kom daarop neer dat 'n gesinsisteem as 'n geheel oor eienskappe of funksies beskik wat nie by die subsisteme aangetref word nie (Schoeman _et al._, 1983: 4-7).

Die skrywer postuleer die volgende aannames wat die basis vorm van die GGBT gesien uit die invalshoek van 'n sisteembenadering:

- Die dele van die gesin is interverbandhoudend.
- Een deel van die gesin kan nie in isolasie van die res van

die sisteem verstaan word nie.

- Gesinsfunksionering kan nie ten volle verstaan word deur slegs kennis van die dele te hê nie.
- Die gesin se struktuur en organisasie is belangrike faktore by die bepaling van gesinslede se gedrag.
- Transaksionele patrone van die gesinsisteem is vormend vir die gedrag van gesinslede.

In die lig van bogenoemde bespreking en die positiewe uitsprake van vele teoretici, het die skrywer die sisteembenadering se revolusionêre paradigma as 'n oorkoepelende raamwerk gebruik.

'n Volledige teoretiese omskrywing van die sisteemteorie, byvoorbeeld definisie, grense, ruimte, tyd, energie, entropie en negentropie, ensovoorts sal uit die aard en omvang van die studie nie volledig aandag ontvang nie. Sodanige aspekte is wel in die 18 velde van die GGBT ingebou en verdien aandag in die volgende punt (2.10).

## 2.10 'n Tipologie vir die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT)

'n Volledige beskrywing van die GGBT sal onder punt 3.3.1.1, 3.3.1.2 en 3.3.1.4 bespreek word. Wat egter hier noodsaaklik is, is die teoretiese inbouing van faktore soos bespreek in 2.8 en 2.9 asook die rasionaal van ander tekentegnieke op die 18 velde van die GGBT. Sodanige bespreking behoort 'n voller begrip vir die tegniek daar te stel asook noodsaaklike voorkennis vir die besprekings in hoofstuk 3.

Die uiteindelike doel van hierdie bespreking is om 'n rasionaal vir elke veld van die GGBT daar te stel.

Die GGBT bestaan, soos gesê, uit 18 velde, naamlik:

1. Plasing van gesin op papier
2. Ruimte op papier
3. Lynkwaliteit
4. Uitvee
5. Patroon/Gestalt
6. Volgorde
7. Huwelikskoalisie
8. Kindersubsisteem
9. Etikettering
10. Emosie
11. Horisontale gedrag
12. Kykgedrag
13. Belewing
14. Ervaring
15. Naaste
16. Hiërargie
17. Grootte
18. Risiko

In hoofstuk 4 (vgl. 4.4.1) is die 18 velde deur middel van die varimax-geroteerde faktorpatroon (faktorontleding) gegroepeer om te soek na dit wat gemeenskaplik is tussen al die velde wat 'n bepaalde faktor betekenisvol laai om so die karakter van die hipotetiese faktor of dimensie af te lei. Hierdie hipotetiese dimensie of faktor onderlê dan as 't ware die velde wat daarop laai.

Die bespreking van elke veld sal dus geskied onder die hoofde van elkeen van die drie faktore wat na rotasie geselekteer is. (Vgl. 4.4.1 asook Tabelle 4.2 tot 4.7.)

Soos verder aangetoon sal word (vgl. 4.4.1 asook die bespreking hiernaas vir die rasionaal van elke veld), is die versamelnaam "Struktuur" aan faktor 1 toegeken, "Intra-psigiese belewinge"

aan Faktor 2 en "Proses" aan Faktor 3.

Die "Struktuur" van 'n gesinsisteem se doel is die ordening of rangskikking van die subsisteme in 'n bepaalde ruimte vir 'n gegewe tydsmoment. Die struktuur verander met verloop van tyd, alhoewel die tempo van verandering kan verskil. Met "Proses" word bedoel alle verandering van die gesinsisteem wat oor 'n tydperk plaasvind (Schoeman et al., 1983: 11). "Intra-psigiese belewinge" gaan oor die emosionele interaksie wat in die sisteem voorkom, waar die gesinsisteem homself "oor" of "hoër" plaas tot beter gewaarwordinge - volgens Palazzoli (1978: 5) is dit een van die onderskeidende kenmerke van die sisteembenadering. Hierdie laaste faktor is verweef en onlosmaaklik van die vorige twee faktore, maar word vir die doeleindes van hierdie studie apart bespreek.

In die literatuur is daar een ekspressiewe tegniek wat in terme van onderliggende teoretiese rasionaal en praktiese toepassing parallel met die GGBT lê, naamlik "The Symbolic Drawing of the Family Life Space" van Geddes & Medway (1977: 219-228). Hulle tegniek vind goeie aanklank by sekere velde van die GGBT en kan dus as 'n nuttige vergelykende verwysingsraamwerk dien.

Soos sal blyk uit die bespreking van die velde is daar ook dikwels op die tradisionele interpretasies geleun wat geheg word aan individuele sketse. Laasgenoemde gedagte vind ondersteuning in die feit dat die omvangryker studies aangaande die interpretasie van tematiese tekentegnieke in die jare veertig, vyftig en vroeg sestig plaasgevind het.

### 2.10.1 Faktor 1: "Struktuur" van die gesin

Die volgende velde van die GGBT is na rotasie (vgl. 4.4.1) onder Faktor 1 gegroepeer:

- Huwelikskoalisie
- Hiërargie
- Patroon/Gestalt
- Naaste
- Ruimte op papier

Die afleidings wat hier gemaak word, kom uit ander soorte sketse (individueel en/of gesinstekeninge), maar kan moontlik ook op die GGBT van toepassing wees.

'n Analise van elke veld onder Faktor 1 word vervolgens gemaak:

### 2.10.1.1 **Huwelikskoalisie**

Hier word veral gekyk na die verhouding en hiërargie van die ma en pa se sirkel, met ander woorde daar word gelet op die posisionering van die ouers se sirkels teenoor dié van die kinders (vgl. 2.9 en 3.3.1.4).

Soos reeds vroeër aangetoon (vgl. 2.8.2.2.1.1), is dit volgens Minuchin et al., (1981: 16-18) absoluut noodsaaklik vir die huweliksubsisteem dat daar grense moet wees waarbinne die man en die vrou bevrediging kan kry van hulle psigiese behoeftes sonder die inmenging van skoonouers, kinders en ander mense. Indien daar enige disfunksie binne hierdie huwelikskoalisie bestaan, sal dit 'n negatiewe invloed regdeur die hele gesinsisteem uitoefen. Ook Olson et al. (1979) beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n sterk huwelikskoalisie, want dit lê op die sentrale vlak van kohesie. (Vgl. 2.2.)

Navorsing onderneem deur Crane & Griffen (1983: 325-327) toon aan dat die afstand tussen ouers groter word namate hulle huwelikskwaliteit afneem, dit wil sê ouers met 'n hoë huwelikskwaliteit sit en staan nader aan mekaar as ouers met 'n

laer huwelikskwaliteit.

In die konteks van die GGBT kan daar van die hipotese uitgegaan word dat 'n gesonde huwelikskoalisie een sal wees waar die sirkels van die man en die vrou naby aan mekaar sal wees met 'n bepaalde afstand tussen hulle sirkels en dié van die kinders.

**2.10.1.2 Hiërargie**

Met hierdie veld word bedoel die hiërargiese ordening van die sirkels van die ouers en die kinders, met ander woorde daar word gelet op die vlakke waar die onderskeie sirkels geplaas is. (Vgl. 3.3.1.4.)

Konseptueel kan enige komplekse lewende struktuur in verskillende hiërargiese vlakke georden word (Miller, 1978, soos aangehaal deur Schoeman et al., 1983: 6.)

Die feit dat 'n gesinsisteem volgens vlakke georden is, beteken nie dat die subsisteme op die verskillende vlakke geïsoleerd is nie, maar daar vind vertikale sowel as horisontale transaksies plaas (Jordaan & Jordaan, 1980 soos aangehaal deur Schoeman et al., 1983: 7). Lewende sisteme (soos die gesinsisteem) vorm 'n piramide van vlakke, of 'n echelon (Miller, 1978 soos aangehaal deur Schoeman, 1983: 7), waar die verskynsels op elke vlak vir hulle voortbestaan afhanklik is van die verskynsels op die ander vlakke.

Hiërargiese ordening is noodsaaklik vir die effektiewe funksionering van die sisteem in die konteks van strukturele organisasie. Soos reeds vroeër aangetoon (vgl. 2.8.2.2.1.1), ag Minuchin et al. (1981: 18-19) dit belangrik vir die ouers om vanuit 'n sentrale posisie mag en beheer oor die gesin uit te oefen sonder om te rigied of te buigsaam te wees (die sogenaamde

ouersubsisteem).

Gesien in die konteks van die GGBT (en bogenoemde bespreking) sal 'n aanvaarbare hiërargie een wees waar die ouers die boonste vlak vul en die kinders onder hulle volgens die gesinskonstellasie.

**2.10.1.3 Patroon/Gestalt**

Hier word vasgestel op watter verskillende horisontale of sirkulêre vlak/ke die sirkels geplaas is, asook die kombinasies waarin hulle kan voorkom. (Vgl. 3.3.1.4.)

In die analisering van 'n gegewe gesinstekening, word die Gestalt of die totale konsep van die produksie sterk deur Hulse beklemtoon (1951: 152-174; 1952: 66-79, soos aangehaal deur Reznikoff & Reznikoff, 1956: 167).

Die patroon of Gestalt (met ander woorde die struktuur) van 'n gesinsisteem is die ordening of rangskikking van die subsisteme in 'n bepaalde ruimte (in die geval van die GGBT is dit 'n A4-bladsy - vgl. 3.3.1.1). Die Gestalt van die gesinsisteem verander met die loop van tyd, alhoewel die tempo van die verandering kan verskil. Soos blyk uit die definisie van gesinsbeelding (vgl. 2.2.3) wil dit voorkom of die ruimtelike spasiëring van gesinslede 'n aanduiding gee van hulle emosionele verhoudings. Hierdie aanname berus op die kennis wat deur die wetenskaplike studie genaamd proksemiek ontwikkel is. (Vgl. Watson & Graves, soos aangehaal deur Combrink, 1975: 120).

Navorsing deur Guardo & Meisels (1971: 365) toon aan dat namate kinders ouer word, hulle hulself verder van die ouers af teken. Volgens hulle is dit tekenend van toenemende emansipasie van kinders teenoor die ouers met verloop van tyd.

In die studies van Reznikoff & Reznikoff (1956: 168) toon hulle aan dat seuns hulself meer as meisies in die middel van die skets plaas, wat volgens hulle 'n implikasie is van 'n behoefte om die middelpunt van aandag in die huissituasie te wees.

Nicolò (1977, soos aangehaal deur Andolfi, 1979: 83-85) het in sy navorsing bevind dat daar veral drie soorte Gestalte voorkom, naamlik:

- 'n beelding waar een persoon sentraal is en sodoende sy mag aandui. In terme van die GGBT sal so 'n uitbeelding ooreenkom met die voorstelling gedoen in Figuur 3.7 - A (vgl. 3.3.1.4).
- waar die persone op een horisontale vlak geplaas word. Hierdie tipe beelding kom algemeen voor in gesinne waar al die lede hoogs outonoom funksioneer en waar min of geen sekuriteit aan swakker lede verleen word nie. Soos reeds vroeër aangetoon (vgl. 2.8.2.2.1.1), beskou Minuchin (1974) sulke gesinne as onbetrokke ("disengaged"). In die GGBT sal so 'n uitbeelding ooreenkom met die voorstelling gedoen in Figuur 3.4 - B (vgl. 3.3.1.4).
- 'n sirkulêre plasing van persone. Soos vroeër aangetoon (vgl. 2.8.2.2.1.1), beskou Minuchin (1974) sulke gesinne as oorbetrokke ("enmeshed"). In die GGBT sal so 'n uitbeelding ooreenkom met die voorstelling gedoen in Figuur 3.4 - A of 3.8 - B (vgl. 3.3.1.4).

Gesien in die lig van bogenoemde bespreking (veral die twee aspekte van intimiteit en outonomie waarop Andolfi sinspeel) kan hierdie teorie moontlik deurgetrek word na die kohesie- en aanpasbaarheidsdimensies van die Circumplex Model (vgl. 2.8.2.2.1 en 2.8.2.2.2).

Die volgende gedeelte (naaste) sal uiteraard die vorm wat die Gestalt aanneem, kan beïnvloed.

### 2.10.1.4 Naaste

Tydens die beoordeling van hierdie veld word bepaal watter sirkels die naaste aan mekaar geplaas is en spesifiek watter sirkel/s die naaste aan die toetsling s'n geplaas is. (Vgl. 3.3.1.4.)

Hoe verwyderd gesinslede van mekaar voel, kan gereflekteer word in die afstand wat gesinslede tussen hulle en ander gesinslede plaas. Navorsing toon dat die pa meer as gewoonlik verder van ander gesinslede geteken word, met ander woorde die ma was meer gereeld deel van die kern van die skets as die pa. Dit dui op die belangrikheid van die ma in die gesin (Bing, 1970: 185-186).

Guardo & Meisels (1971: 365) bestudeer die afstand tussen ouers en kinders deur gebruik te maak van 'n silhoeëteplasingstegniek. Afstande is in millimeters bereken. Hulle bevindinge is soos volg:

- Onder prysing teken die kind hom nader aan die ouer.
- Onder bestraffing teken die kind hom verder van die ouer.
- Kinders teken hulself nader aan die vader wat prys as die moeder wat prys.
- Kinders teken hulself verder van die pa as van die ma wat straf aanbetref.

Die afleiding hieruit is dat 'n vader se prys en straf 'n groter effek op die kinders het as die moeder s'n.

Namate kinders ouer word, soos Guardo & Meisels (1971) verduidelik, teken hulle hulself in beide gevalle verder van die ouers, dit is tekenend van die toenemende emansipasie van kinders teenoor ouers wat met die verloop van die tyd al hoe groter word.

Kuethe (1962, soos aangehaal deur Weinstein, 1965: 257) vind dat volwassenes kinderfigure nader aan volwasse vroue as volwasse manlike figure plaas. Weinstein (1965: 257) het dieselfde bevindinge as Kuethe aangaande "normale" skoolseuns. Emosioneel versteurde seuns plaas egter kinderfigure verder vanaf volwasse vroulike figure, beide van volwasse manlike of portuurgroepfigure.

Volgens Weinstein (1965: 258) is die fisiese afstand tussen die figure 'n projeksie van die emosionele afstand tussen die verskillende geslagte. Literatuur toon aan dat die meeste volwassenes, en die meeste "normale" seuns geleer het om die gesimboliseerde verhouding tussen die vrou-kind-afparing as 'n besonder nabye een te sien.

Kuethe (1962, soos aangehaal deur Weinstein, 1965: 257-264) se navorsing kom dus op die volgende neer: Die nabyplasing van die moeder-kind-paar reflekteer 'n bevredigende moeder-kind-verhouding (maar nie noodwendig 'n onbevredigende vader-kind-verhouding nie). 'n Nabyplasing van die vader-kind-paar impliseer 'n onbevredigende moeder-kind-verhouding. In ooreenstemming met die teorieformulering van Sullivan (1948) en Sarason en sy kollegas (Sarason, 1960) is die hipotese dat as gevolg van die afhanklikheid van 'n kind teenoor sy moeder, 'n negatiewe moeder-kind-verhouding sal skep wat die kind kronies angsvallig maak. Anders gestel: Die moeder-kind skemata is dus negatief verbandhoudend tot beangsheid in die kind.

Die gesinskema van goed aangepaste manstudente plaas die manlike kind nader aan die ma, waar minder gesinslede tussen ma en seun toegelaat word. Swak aangepaste manstudente plaas die manlike kind verder van die moeder en laat ook meer van die ander lede tussen die kind en ouer toe (Higgens <u>et al</u>., 1969: 296-299).

In die literatuur is daar wye ondersteuning vir bogenoemde bevindinge. (vgl. Gerber, 1977: 43-47; Bing, 1970: 173-193; en Burns & Kaufman, 1971, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 15.)

Relatiewe subtiele variasies in gesinsaanpassing en die gevolglike impak wat dit op vroeë ouer-kind-verhoudinge kan hê, kan moontlik deur gesinsbeelding weerspieël word. Met Grafiese Gesinsbeelding (en dan spesifiek Naaste) word daar eintlik 'n statiese voorstelling gegee van die kwaliteit van emosionele bande tussen gesinslede.

Dit kan gehipotetiseer word dat hierdie veld (Naaste), moontlik verband kan hou met die mate van intimiteit (emosionele kontak) tussen gesinslede en daarom ook met die kohesiedimensie van die Circumplex Model (Vgl. 2.8.2.2.1).

**2.10.1.5 Ruimte op papier**

Die belangrikste aspek hier is die bepaling van die ruimte wat die totale skets op die papier inneem. (Vgl. 3.3.1.4.)

Miller (1978, soos aangehaal deur Schoeman et al., 1983: 10-11) onderskei tussen twee soorte ruimtes wat by 'n sisteem kan voorkom, naamlik 'n geografiese of fisiese ruimte en 'n abstrakte of konseptuele ruimte. Met fisiese ruimte word bedoel die ekstensies om 'n bepaalde punt. Die implikasie van hierdie omskrywing is dat die fisiese ruimte waarin 'n sisteem bestaan 'n afgebakende en gedifferensieerde gebied beslaan. In die geval van die GGBT sal die A4-bladsy (vgl. 3.3.1.1 en 3.3.1.4) die fisiese grens wees waarop die gesin hulle sisteem uitbeeld, maar dit is nie in vivo die definisie van hul gesinsisteem se fisiese grens nie.

Konseptuele of abstrakte ruimte word deur die mens self geskep

of afgelei, byvoorbeeld die konsep van sosiometriese ruimte. Gesien in die konteks van die GGBT sal die interpretasie en betekenis van so 'n ruimte die waarneming van verhoudings en die metings wat in so 'n ruimte plaasvind, afhanklik wees van die terapeut se observasies; die gesin is hier baie belangrik asook die inligting verkry van die ander velde van die GGBT.

Konseptuele ruimte vertoon nie dieselfde eienskappe as fisiese ruimte nie en dit is ook nie onderhewig aan dieselfde beperkinge nie. Konseptuele ruimte het egter dikwels 'n sterker uitwerking op die prosesse van die gesinsisteem as wat die fisiese ruimte het (Schoeman et al., 1983: 11).

Die fisiese ruimte wat die gesin in die GGBT gaan gebruik, asook die interpretasies van veral die ander velde onder Faktor 1, sal 'n hulpmiddel wees tot die verklaring van die gesinsisteem se konseptuele ruimte.

Volgens die navorsing van Handler & Reyher (1964: 264) sal 'n gespanne persoon se sketse twee patrone aanneem, naamlik engheid en uitbreiding. By eersgenoemde word die sketse klein geteken en by laasgenoemde groot.

Bennet (1964: 285) se navorsing toon dat daar geen betekenisvolle verskil is in die grootte van sketse van kinders met 'n hoë selfbeeld en dié met 'n lae selfbeeld nie. Sy het veranderlikes soos geslag, skoolprestasie, IK, en ware liggaamsgrootte geneem en gevind dat alhoewel skoolprestasie, IK, en selfbeeld positief korreleer, geeneen van die faktore betekenisvol verband hou met die grootte van 'n skets nie. Sy voel egter dat 'n klein skets nie sonder uitsondering 'n aanduiding van 'n lae selfbeeld is nie, maar dat die grootte van 'n skets nie die enigste determinant by die bepaling van selfbeeld is nie.

In haar navorsing met volwassenes vind Machover (1949: 90, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 60-69) wel 'n statistiese betekenisvolle verband tussen die grootte van sketse en selfbeeld. Volgens Machover sal volwassenes met 'n hoë selfbeeld groter sketse teken as volwassenes met 'n lae selfbeeld. Groot sketse is volgens haar aanduidend van 'n hoë energievlak. Sy het ook sketsgroottes vir die volgende patologiese toestande bestudeer:

- Skisofrenie: Klein sketsies wat aanduidend is van 'n lae energievlak en 'n "verkleinde" ego.
- Paranoia: Groot sketse wat aanduidend is van 'n hoë selfagting.
- Paranoia geassosieer met alkoholisme: Klein sketsie wat aanduidend is van 'n lae selfagting.

Skrywers soos Lehner & Gunderson (1953, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 64-65) ondersteun Machover se bevindinge dat die grootte van 'n skets verband hou met die persoon se selfbeeld, en meer spesifiek, dat dit 'n indeks is van die persoon se selfevaluasie in verhouding tot sy omgewing: Namate 'n mens ouer word en meer selfvertroue en vaardighede ontwikkel, sal hy geneig wees om sy sketse groter te teken. Wanneer die mens sy "beste" jare agter die rug het en sekere vaardighede kwyn, sal hy sy sketse al hoe kleiner begin teken. (Vgl. ook Knopf & Richards, 1952, Lakin, 1956, en Hammer, 1958.)

Lewinsohn (1964: 380-381, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 65-70) beweer dat daar 'n statisties betekenisvolle verband is tussen die grootte van sketse van depressiewe en nie-depressiewe mense. Hierdie hipotese was vroeër deur Rapaport (1946) ondersteun. Die sketse van depressiewe mense is kleiner as die van nie-depressiewe mense en die verskil is betekenisvol op die .01 vlak van beduidendheid ($F = 8.16$, $df = 1/192$).

Soos aangetoon sal word (vgl. 2.10.3.1), gebeur dit soms dat 'n kind 'n klein sketsie bo aan 'n vel papier teken vanweë 'n belewing van beperktheid in sy eie lewensmilieu. So 'n kind beleef sy gevoel as ontoereikend ten opsigte van sy omgewing en sy vrees vir eksplorasie is so sterk dat hy selfs sy tekenruimte inperk (Van Lennep, soos aangehaal deur Vorsatz, 1963: 92).

Volgens Goldstein & Rawn (1957, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 61) is 'n groot skets 'n aanduiding van die teenwoordigheid van aggressie in die persoon wat die skets teken. Ongelukkig is daar geen verdere verklaring van hierdie hipotese nie.

Namate 'n kind in relasie tot die werklikheid tree, begin hy om sy tekenruimte ekspressief te kies en dit toon die plek op die tekenvlak aan waar die kind teken soos hy sy tekenruimte deurleef (Vorsatz, 1963: 91-92). Die grootte van die bepaalde voorstelling kan dus 'n projeksie wees van die kind se werklikheidsbelewing in 'n bepaalde situasie of emosie.

Uit bostaande uitspraak sou 'n hipotese so geformuleer kan word dat 'n persoon wie se Grafiese Gesinsbeelding klein geteken is, moontlik dui op 'n beperkte belewing van sy gesin. Die teendeel is waar vir 'n groot uitbeelding (skets).

Uit die werk van Machover, Jolles, Levy & Lewinson (soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 10) blyk dit dat 'n skets van 5cm as ongewoon klein beskou kan word. Hierdie grootte sou volgens hulle aanduidend wees van kinders met breinbeserings, overte aggressiewe of skaam kinders, onsekerheid en teruggetrokkenheid, depressie, swak egofunksionering, probleme met die hantering van die omgewing, en laastens angs in kinders en volwassenes. Wanneer die skets baie klein is, kan dit 'n aanduiding van skisofrenie wees (vgl. DiLeo, 1973, Jacks, 1969, McElhaney,

1969, Hammer, 1968, Kahn & Giffen, 1960, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 69-70).

Dieselfde skrywers (soos in laasgenoemdes) meen dat 'n skets van 22.5cm as ongewoon groot beskou kan word. Dit dui weer op onrypheid en swak innerlike kontrole, aggressie en/of diefstalneigings, moontlik organisiteit en/of verstandelike vertraging, ontoereikende gevoelens en moontlik normale mense mense wat psigoses simuleer. (vgl. Buck, 1950, Gilbert, 1969, Brick, 1944, Michal-Smith & Morgenstern, 1969, Craddick, 1964, soos aangehaal deur Ogden, 1979: 69.)

Urban (1963, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 66, 69) postuleer dat 'n skets (wat op 'n A4-bladsy geteken word) tussen 15 en 17 cm as "normaal" of "gesond" beskou kan word.

Soos in die voorafgaande aangetoon, wil dit voorkom asof die grootte van 'n gesinstekening wel diagnostiese waarde inhou en dus ook toespalik is vir die doeleindes van die GGBT. Al het die voorafgaande bevindinge betrekking op tradisionele gesinstekeninge (waar lede nie deur sirkels voorgestel is nie), kan dit dalk tog ook van toepassing wees op Grafiese Gesinsbeelding.

### 2.10.1.6 Samevatting

'n Bestudering van bostaande velde deur die terapeut en die gesin kan daartoe lei dat aannames (hipoteses) gemaak kan word oor die: gesin se selfbeeld, of dit 'n oop of geslote sisteem is, die emosionele afstand tussen gesinslede en die gesin as geheel, en die stand van die ouers se huwelikskoalisie asook hul posisie van waar hulle verondestel is om mag en beheer oor die gesin uit te voer. (Vgl. 3.3.1.4 vir nasien en interpretasie van die velde.)

### 2.10.2 Faktor 2: "Intra-psigiese belewinge" van die gesin

Die volgende velde van die GGBT is na rotasie (vgl. 4.4.1) onder Faktor 2 gegroepeer:

- Kykgedrag
- Risiko
- Volgorde
- Grootte
- Ervaring
- Kindersubsisteem
- Emosie
- Uitvee

Die tradisionele interpretasie van tekentegnieke (dit wil sê gesinstekeninge en/of individuele tekeninge) is ook hier van toepassing en kan moontlik diagnostiese riglyne bied ten opsigte van die projeksie-inhoud van die GGBT se velde.

'n Analise van elke veld onder Faktor 2 word vervolgens gemaak:

#### 2.10.2.1 Kykgedrag

In die GGBT word met "kykgedrag" bedoel die nie-verbale kommuniksieproses wat tussen gesinslede plaasvind. Die aktiewe kykproses word in die GGBT uitgebeeld met 'n pyl/e wat tussen die gesinslede (sirkels) getrek word (vgl. 3.3.1.2).

Aspekte soos die rigting van die blik, wegkyk, of vermyding van die blik het 'n besondere kommunikatiewe betekenis, want volgens Gasset (soos aangehaal deur Combrink, 1975: 245), word elke vorm van kyk **"teweeg gebracht door een bepaalde bedoeling, een bedoeling die, hoe minder bewust in degene die kijkt des te**

**wesenlijker, onthullend voor ons is. De blikken vormen dus een woordelijst . . ."**

Binne die konteks van die GGBT sou meer oogkontak beteken dat daar tweerigtingpyle tussen persone geteken is en verminderde oogkontak sou beteken dat daar net 'n eenrigtingpyl of geen pyl tussen persone geteken is nie. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe betekenis van kyk word deur die navorsing van Argyle & Dean (1965: 290-291) soos volg toegelig:

- Meer oogkontak kom voor by mense wat van mekaar hou, terwyl gespanne of versteurde verhoudings gekenmerk word deur verminderde oogkontak.
- Kykgedrag bevestig bepaalde vorms van sosiale verhoudings byvoorbeeld aggressie, vriendskap en aangetrokkenheid.

Oogkontak kan ook gebruik word om afstande tussen mense simbolies te vergroot of te verklein. So byvoorbeeld kan iemand 'n te klein interpersoonlike afstand tussen hom en iemand anders simbolies vergroot bloot deur oogkontak te verminder, of indien iemand te vêr van iemand anders af voel, die interpersoonlike afstand simbolies verklein deur verhoging van oogkontak (Combrink, 1975: 251-258).

Voortspruitend uit laasgenoemde sal dit dus wenslik wees om hierdie veld (Kykgedrag) in samehang met veral die volgende velde te interpreteer: naaste, ruimte op papier, emosie, en etikettering. Hierdie velde is veral betekenisvol by die mate van betrokkenheid tussen gesinslede en die skep of handhawing van koalisies (soos ook voorgestel deur die kohesiedimensie van die Circumplex Model en Minuchin se teorie - vgl. 2.8.2.2.1), asook die daarstel van die persoonlike ruimte van en tussen gesinslede.

**2.10.2.2 Risiko**

Die beoordeling van hierdie veld kan gesien word as 'n totaaltelling van al die ander velde. Vanweë die aard van hierdie studie (vgl. Hfst. 1) is die kliniese (met ander woorde kwalitatiewe) beoordeling van die genoemde veld subjektief van aard vanweë die onbeskikbaarheid van 'n betekenisvolle afsnypunt tussen "gesond" en "ongesond." Met 'n kombinasie van ervaring, insig en kennis (veral oor die rasionaal van die 18 velde) kan die toetsafnemer wel ná die nasien van die toets sekere afleidings maak. (Vgl. 3.3.1.4 vir die puntetoekenning van RIS).

Kwantitatief gesien sal "lae" tellings op die ander velde 'n aanduiding wees van ongewenste gesinsfunksionering en "hoë" tellings weer 'n aanduiding van gunstige gesinsfunksionering (vgl. 3.3.1.4 vir die puntetoekenning van velde).

**2.10.2.3 Volgorde**

Hierdie veld dui aan wie eerste, tweede, ensovoorts geteken word. (Vgl. 3.3.1.4.)

Studies deur Weider & Noller (1950: 319-324) toon dat uit 73 seuns (ouderdomme 8 tot 10 jaar), 74% hul eie geslag eerste geteken het. Uit 80 meisies, het 97% hul eie geslag eerste geteken. Die verskil in sosio-ekonomiese vlak is aan die kansfaktor toegeskryf. Bing (1970: 179-180 en 183-185) se resultate onderskryf die kansfaktorresultate van Weider & Noller.

Machover (1949: 101, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 38) suggereer dat individue met 'n gesonde geslagsrolaanpassing hulle eie geslag eerste sal teken. Sy gaan verder deur te sê dat die geslag van die persoon wat eerste geteken word,

aanduidend is van die individu se geslagsrolidentifikasie, rolvoorkeur, en/of geslagsoriëntasie. Volgens Huysamen (1967: 38-39) kon verskeie eksperimente in die V.S.A. nie hierdie hipotese van Machover (ten opsigte van volwassenes en kinders) ondersteun nie.

Genoemde studies in die V.S.A. soos byvoorbeeld dié van Brown & Tolor (1957: 202, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 39) toon aan dat 91% van 531 manstudente en 63% van 676 vrouestudente hulle eie geslag eerste geteken het. Hierdie skrywers kom tot die volgende slotsom: **"1) it is rather common for normal adult females to draw the opposite sex first although the majority draws it's own sex; and 2) it is rather common for normal adult males to draw the opposite sex first, the great majority drawing their own sex first"** (vgl. ook Ogdon, 1979: 89-91).

Volgens Mainord (1953, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 40) is die teken van die manlike geslag deur die vroulike geslag 'n erkenning van die vrou dat die manlike rol meer voordele inhou as hul eie. Harris (1963, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 40) ondersteun nie hierdie standpunt nie.

In 'n Suid-Afrikaanse studie bevind Strümpfer (soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 40) dat slegs een manstudent uit 'n groep van 71 'n vrouefiguur eerste geteken het en 80 (59%) uit 135 vrouestudente hulle eie geslag eerste geteken het. In vergelyking met die Amerikaanse data wil dit voorkom dat beide mans- en vrouestudente in Suid-Afrika geneig is om die manlike figuur eerste te teken.

'n Skrywer soos Urban (1963, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 66) postuleer dat dit "normaal" of "gesond" is om die eie geslag eerste te teken.

Dit sou egter gevaarlik wees om enige afleidings aangaande geslagsrolidentifikasie op die basis van bogenoemde inligting te maak. By die gebrek aan enige eksterne kriteria vir geslagsrolidentifikasie is hierdie navorsing bloot net 'n aanduiding dat 'n groter getal normale volwasse vroue as normale volwasse mans die teenoorgestelde geslag eerste teken. Wat egter wel belangrik is, is dat die persoon wat eerste geteken word van betekenis is en die grootste indruk maak op die persoon wat die gesinstekening doen (Burns & Kaufman, 1971, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 18, en DiLeo, 1970, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 28).

'n Swak selfbeeld kom dikwels na vore in verskynsels soos wanneer 'n persoon homself laaste teken in die gesin of glad nie. Volgens DiLeo (1970, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 28) is die wortel van die probleem gewoonlik die ouer se onvermoë om die kind se probleme te besef en dit gaan dikwels gepaard met onregverdige dissiplinêre maatreëls.

Omvangryke navorsing het aangetoon dat in verskeie populasies die persone die eie geslag eerste geteken het. In enkele gevalle was dit nie die neiging gewees nie (Kurtzberg et al., 1966, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 89).

In die GGBT word eerder 'n onderskeid getref in die volgorde tussen ouers en kinders en nie noodwendig in die volgorde tussen geslagte nie. Enige growwe afwykings van hierdie patroon (met ander woorde die volgorde ten opsigte van manlik en vroulik) kan van diagnostiese waarde wees.

### 2.10.2.4 Grootte

Hier word bepaal watter sirkel/s die grootste geteken is. (Vgl. 3.3.1.4.)

As aanvaar word dat die gesinstekening gesinspatrone reflekteer, sal die relatiewe grootte van die individuele lede moontlik die belangrikheid en status van elke persoon in die gesinstruktuur reflekteer. Die aanname kan hier gemaak word dat die grootte van 'n lid/lede verband kan hou met sy/haar rol in die gesin en ook hoe hierdie rol/le die sisteem van tyd tot tyd kan beïnvloed. Laasgenoemde gedagte hou verband met die rolverdelingskonsep in die aanpasbaarheidsdimensie van die Circumplex Model. (Vgl. 2.8.2.2.2.) Wat egter betekenisvol is, is dat relatiewe grootte belangriker is as absolute grootte, omdat daar individuele verskille ten opsigte van die perseptuele aard van ruimte bestaan asook kontaminerende faktore soos die sosio-ekonomiese vlak en geslag (Bing, 1970: 182).

Weider & Noller (1950: 319-324) postuleer dat sosio-ekonomiese vlak nie-verbandhoudend is tot die geslag wat die grootste geteken word nie. In hulle navorsing bevind hulle dat 52% seuns hulle eie geslag groter geteken het en dat 80% meisies hul eie geslag groter geteken het. Verskille ten opsigte van sosio-ekonomiese vlak is aan die kansfaktor toegeskryf (vgl. Huysamen, 1967: 51).

Studies onderneem deur Reznikoff & Reznikoff (1956: 169) toon ander resultate as dié van Weider & Noller (1950), wat dus die kansfaktor onderstreep. Kinders in lae inkomstegroepe teken hulself die kleinste in die gesin, die moeder is afwesig en teken 'n ouer kind die grootste. Volgens hulle impliseer dit die ouer kind as 'n outoritêre figuur in die gesin en hy het moontlik die rol van 'n ouer aangeneem.

Indien een van die geslagte disproporsioneel groter as die ander geslag geteken word, verteenwoordig die groter getekende geslag die beeld van die sterke (Huysamen, 1967: 48). Hy beweer verder dat in terme van proporsionele verhoudinge die manlike figuur

groter as die vroulike figuur geteken sal word (Huysamen, 1967: 50).

Skrywers soos Knopf & Richards (1952) en Lakin (1956, albei soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 66-67) beweer dat die grootte van 'n bepaalde figuur verband hou met gevoelens van relatiewe selfbelang (narsisme). Burns & Kaufman (1971, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 14) redeneer dat individue in gesinstekeninge wat baie klein of baie groot geteken is, verband hou daarmee dat die persoon nutteloos voel of dit dui op 'n besorgdheid oor fisiese voorkoms. Wat egter belangrik is, is dat die kind die grootte van individuele figure in die gesinstekening gebruik om belangrikheid en krag uit te druk (DiLeo, 1970, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 28).

By die interpretasie van die grootte van individuele sirkels in die GGBT, sou al bogenoemde faktore van toepassing wees en Grootte kan veral in samehang met Volgorde geïnterpreteer word.

**2.10.2.5 Ervaring**

Elke toetsling word die geleentheid gegun om sy ervaringe/herinnering/emosies wat hy gedurende die toets ervaar verder te omskryf. (Vgl. 3.3.1.3.) Die kwalitatiewe interpretasie van hierdie veld hou dus meer waarde in as wat die puntetelling van die veld tydens nasien sou impliseer. Dit gaan hier dus nie net om die keuse tussen min, redelik, of baie nie, maar wel die inhoud wat die persoon aan hierdie keuse toedig. Die interpretasie van hierdie veld sou neerkom op die beoordeling van die vrae wat die toetsafnemer byvoorbeeld van 'n persoon sou vra na voltooing van 'n kinetiese gesinstekening. Die analisering van die antwoorde op die vrae sal betekenisvoller wees as die blote tekening sonder enige beskrywing.

Die Ervaringveld hou moontlik verband met die belewing van 'n persoon van sy gesin, of selfs met die beeld wat hy van sy gesin het en dié se invloed op hom.

**2.10.2.6 Kindersubsisteem**

Hierdie veld bepaal die kwaliteit van die kindersubsisteem. Is daar dus 'n hegte of 'n onbetrokke band tussen die kinders.

Die rasionaal van hierdie veld is nou verwant aan die velde Huwelikskoalisie en Hiërargie van Struktuur. Wat hier van belang is (net soos in Huwelikskoalisie en Hiërargie) is die plasing van die kinders se sirkels binne die konteks van die totale gesinskonstellasie. Dit is ook hier belangrik dat die kinders se sirkels "ondergeskik" (met ander woorde op 'n laer vlak) aan dié van die ouers s'n moet wees, om redes reeds onder Hiërargie bespreek. (Vgl. 2.10.1.1 en 2.10.1.2.)

Die groepering van die kinders se sirkels hou bepaalde diagnostiese waarde in. (Vgl. Vorsatz, 1963: 99.) Soos reeds vroeër aangetoon (vgl. 2.8.2.2.1.1), is dit nie moontlik om 'n ideale groepering voor te stel nie. (Minuchin et al., 1981: 19.) Dit is dus vir die terapeut belangrik om sodanige ontwikkelingstadium (soos bespreek in 2.8.2.2.1.1) in ag te neem en die groeperings daarvolgens te beoordeel.

Die ontwikkelingstadia van die kinders in ag geneem, moet die terapeut let op twee basiese veronderstellings: is daar enige oorvleueling (samekoeking) van sirkels, en is daar van die sirkel/s ongewoon vêr van die res (vgl. 3.3.1.1, 3.3.1.2 en 3.3.1.4). Sibbe (broers en susters) vorm 'n kind se eerste portuurgroep (die sogenaamde kindersubsisteem - soos vroeër aangetoon deur Minuchin et al., 1981: 19 in 2.8.2.2.1.1.)

Gesien in die konteks van bogenoemde bespreking, kan die ontwikkeling van onder andere individualiteit en outonomie van elke kind binne die kindersubsisteem afgelei word uit die groepering van die sirkels. Die aanname is dat sirkels te vêr uitmekaar 'n ekstreme en rigiede ontwikkelingspatroon veronderstel en sirkels te na aan mekaar veronderstel weer 'n gebrek aan individuele en outonome funksionering is. Laasgenoemde gedagte hou ook verband met die kohesiedimensie van die Circumplex Model (vgl. 2.8.2.2.1) waar te veel kohesie outonomiteit belemmer en te min kohesie intimiteit belemmer.

Die plek waar kinders die gesin op die tekenruimte plaas, asook die grootte van die voorstelling en hulle perspektief tot mekaar, is 'n openbaring van die manier waarop sulke kinders hulle wêreld ten opsigte van die beelding belewe. Dit is al gevind dat kinders weens konfliksituasies tuis verwerp voel en gevolglik teken hulle die ouers en ander kinders bymekaar, maar homself verwyderd van hulle af (Vorsatz, 1963: 99).

Toman (1976: 143-189) se basiese hipoteses lui dat belangrike persoonlikheidstrekke pas by die sibbeposisie waarin 'n individu grootgeword het. Toman se tien basiese sibbeprofiele gee onmiddellike inligting oor persone in elke sibbeposisie. Bowen gebruik hierdie profiele, asook differensiasies en projeksies, om 'n profiel van vroeë generasies daar te stel. Hy meen dat:

> **"no single piece of data is more important than knowing the sibling position of people in the present and past generations"** (Bowen, 1976: 87).

Gegewe die ontwikkelingstadia van die kinders, kan gehipotetiseer word dat sirkels wat te na (byvoorbeeld oorvleueling of samekoeking) of te vêr van mekaar is, 'n aanduiding gee van die kind se indrukke van sy gesin.

### 2.10.2.7 Emosie

Die emosie wat by elke gesinslid teenwoordig is, word op hierdie veld beoordeel. (Vgl. 3.3.1.3.)

Die lys van emosies saamgestel in 3.3.1.3 is uit die werk van Schlosberg (1941, 1952, en 1954 soos aangehaal deur Jordaan, Jordaan & Nieuwoudt, 1975: 478), maar die teoretiese begronding van die Emosieveld berus hoofsaaklik op die affektiewe responsiwiteitsdimensie van die McMastermodel van Gesinsfunksionering van Epstein et al. (1983: 171-180) (Vgl. 3.3.2.2).

Affektiewe responsiwiteit word gesien as die vermoë van die gesin om in 'n wye spektrum emosies te respondeer met die toepaslike kwaliteit en kwantiteit gevoelens (Epstein et al., 1983: 172).

Waar dit gaan oor die kwaliteit van affektiewe response is daar twee aspekte ter sprake:

- Vertoon gesinslede die vermoë om te reageer met die volle spektrum van gevoelens wat deur 'n mens ervaar kan word?
- Is die emosies wat ervaar word konsekwent tot die stimulus en/of die situasionele konteks?

Die kwantitatiewe aspekte fokus op die graad van affektiewe response en kan beskryf word op 'n kontinuum vanaf afwesigheid van respons tot oorresponsiwiteit (Epstein et al., 1983: 179-180).

Epstein et al. (1983: 175) onderskei tussen twee kategorieë van affek, naamlik:

- Welsynsemosies: Hieronder val warmte, teerheid, ondersteuning, liefde, vertroosting, geluk en vreugde.
- Noodemosies: Hier geld response soos woede, vrees, hartseer, teleurstelling en depressie.

Hoewel kulturele verskille in ag geneem moet word, kan aanvaar word dat in 'n funksionele gesin die moontlikheid van die belewing van die volle omvang emosies sal wees en toepaslike emosies in elke situasie beleef sal word.

Ontoepaslike emosionele belewing by geleentheid en lede wat meermale ontoepaslik reageer, sal nie noodwendig die gesin se funksionaliteit versteur nie. In gesinne waar ouers probleme ervaar om met affek te respondeer na die kinders (of oormatig respondeer) sal die kinders affektiewe beperkings ontwikkel wat hul persoonlike ontwikkeling kan strem (Epstein et al., 1983: 177).

Hierdie veld, as onderdeel van die faktor "Intra-psigiese belewinge", is soos vroeër gemotiveer (vgl. 2.10) ineengeweef met die ander velde van die GGBT. In die konteks van die GGBT kan gehipotetiseer word dat die Emosieveld 'n invloed kan hê op ander velde van die GGBT, maar in hierdie verband sal beslis meer navorsing nodig wees (soos aanbeveel in hoofstuk 5). Die aanname kan wel gemaak word dat die kwalitatiewe ontleding van hierdie veld vir die terapeut en die gesin inligting verskaf rondom die gesin se emosionele interaksie.

**2.10.2.8 Uitvee**

In hierdie veld word vasgestel hoeveel sirkels daar uitgevee is. (Vgl. 3.3.1.4.)

Handler & Reyher (1964: 259-264) beweer dat oormatige uitvee nie 'n indikasie van spanning of interne konflikte is nie. Hulle kom egter ooreen met tradisionele kliniese interpretasies (byvoorbeeld Buck, 1948 en Machover, 1949) wat oormatige uitvee as spanning of interne konflikte sien. Hierdie weerspreking weerspieël moontlik hulle onsekerheid oor hierdie aspek.

Volgens Burns & Kaufman (1971, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 16) en Koppitz (1964, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 87) sal die herhaling van 'n figuur neerkom op obsessiewe gedagtes, impulsiwiteit, angs, ontevredenheid met jouself, en besluiteloosheid. (Vgl. Hammer, 1958 en 1968, Schildkrout et al., 1972, Urban, 1963, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 67.)

Volgens Urban (1963, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 66) is dit "gesond" of "normaal" wanneer minimale uitvee voorkom, en dan slegs gebruik word om die beelding te verbeter. Minimale uitvee kan 'n aanduiding wees van buigsaamheid en bevredigende aanpassing teenwoordig in 'n persoon (Hammer, 1954, Jolles, 1964, Roback, 1968, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 67).

Oormatige uitvee kom selde voor in die sketse van persone met organiese versteurings, seniliteit, kroniese alkoholisme, geregresseerde skisofrenie of 'n manie (Ogdon, 1979: 67).

'n Faktor wat met betrekking tot die GGBT insiggewend kan wees, is die oormatige uitvee van 'n spesifieke sirkel. Dit kan moontlik vir die toetsafnemer diagnosties betekenisvol wees ten opsigte van die persoon wat die beelding maak en sy verhouding met die persoon wat die sirkel verteenwoordig. Die oormatige uitvee van 'n spesifieke sirkel kan 'n aanduiding van konflik wees of besondere belang wat die toetsling met die persoon (sirkel) het.

#### 2.10.2.9 Samevatting

Tydens 'n ontleding van bogenoemde velde kan die terapeut en die gesin sekere aannames maak oor die emosionele interaksie tussen die lede en elke lid met homself. Dit is verder vir die terapeut en gesin belangrik om te weet hoe die emosionele welstand van die ouers en/of kinders die sisteem beïnvloed. Daar moet vasgestel word wat die vermoë van die gesin is om in 'n wye spektrum emosies te respondeer met die toepaslike kwaliteit en kwantiteit van gevoelens. Die fokus is hoeveel, en op watter manier gesinslede belangstelling toon en emosioneel by mekaar betrokke raak. Hierdie groepering van velde lê op 'n emosionele vlak dieper as die struktuurdimensie. (Vgl. 3.3.1.4 vir nasien en interpretasie van die velde.)

In die literatuur is daar eksplisiete voorbeelde waar navorsers die intra-psigiesebelewinge-konsep ondersoek het deur gebruik te maak van tematiese gesinstekenige. So byvoorbeeld onderwerp Kwaitkowska (1967, soos aangehaal deur Bing, 1970: 174) die gesin aan 'n situasie waar hulle gesamentlik 'n gesinstekening moet doen (soortgelyk aan dié van Burns & Kaufman in hulle "Kinetic Family Drawing", 1971). Die klem val primêr op die openbaarmaking van intra-psigiese prosesse vir die ondersoeker aangesien: **"the symbolic images express unconscious feelings and gradually help to uncover and clarify ambivalent and confused attitudes within the family"** (Bing, 1970: 174).

### 2.10.3 Faktor 3: "Proses" in die gesin

Die volgende velde van die GGBT is na rotasie (vgl. 4.4.1) onder Faktor 3 gegroepeer:

- Plasing van gesin op papier
- Etikettering

- Horisontale gedrag
- Lynkwaliteit
- Belewing

Die tradisionele interpretasie van tekentegnieke (met ander woorde gesinstekeninge en/of individueel) is ook hier van toepassing en kan moontlik diagnostiese riglyne bied ten opsigte van die projeksie-inhoud van die velde van die GGBT.

'n Analise van elke veld onder Faktor 3 word vervolgens gemaak:

**2.10.3.1 Plasing van gesin op papier**

Hierdie veld beoordeel die spesifieke plasing of plek waar die beelding op die bladsy voorkom. (Vgl. 3.3.1.4.)

Navorsing gedoen deur Reznikoff & Reznikoff (1956: 169) toon aan dat kinders in lae inkomstegroepe hulself die kleinste in die gesin teken en hulle teken die gesin bo aan die papier asof die gesin in die lug hang. Volgens hulle kan dit verband hou met gevoelens van onveiligheid en minderwaardigheid.

Handler & Reyher (1964: 261) beweer dat 'n skets wat boaan die bladsy geteken word, aanduidend is van afwesige spanning en dus 'n kontra-indikasie is van bevindinge van Buck (1948) en Machover (1949) wat dit aandui as 'n indikasie vir die teenwoordigheid van spanning in die persoon.

Machover (1949, soos aangehaal deur Gray & Pepitone, 1964: 452-455) vind egter in haar navorsing met volwassenes dat persone met 'n goeie selfbeeld hulle sketse aan die bokant van die bladsy teken wat 'n indikasie van optimisme is. Dit sou 'n teken van pessimisme wees wanneer 'n persoon sy skets aan die onderkant van die bladsy teken. (Vgl. Huysamen, 1967: 64, 72.)

'n Belewing van beperktheid in sy eie lewensmilieu, byvoorbeeld die gevoel van minderwaardigheid weens 'n gebrekkige opvoeding, het heel dikwels tot gevolg dat 'n kind selfs in puberteit 'n klein skets bo aan 'n vel papier teken. So 'n kind beleef sy gevoel van ontoereikendheid ten opsigte van sy omgewing en vrees vir eksplorasie so sterk dat hy selfs sy tekenruimte inperk (Van Lennep, soos aangehaal deur Vorsatz, 1963: 92).

Skrywers soos Knopf & Richards (1952) en Lakin (1956), albei aangehaal deur Huysamen (1967: 66-67), beweer dat 'n skets wat in die middel van 'n bladsy geteken word, afhang van die persoon se sekuriteitsvlak en sy realiteitsoriëntasie. Volgens hulle inligting sal bejaarde mense hul sketse minder in die middel teken as jong persone, wat hulle hipotese bevestig dat daar in die twee groepe verskille bestaan tussen selfkonsep en liggaamsbeeld. (Vgl. ook Jolles & Beck, 1953, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 72-73 en Hammer, 1958, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 27.)

Volgens Buck (1948, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 69, 72) is die psigologiese middelpunt van 'n bladsy 12,7mm verwyderd (horisontaal en vertikaal) van die geometriese middelpunt van die bladsy. Buck beweer dat mense wat hul sketse bo die psigologiese middelpunt plaas, poog om bevrediging te put uit fantasering en/of wedywering, en mense wat hul sketse onder die psigologiese middelpunt teken, is geneig om realiteitsgebonde te wees, onveilig te voel, en/of depressief te wees (Vgl. die resultate van Jolles & Beck, 1953, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 73 asook die werk van Levy, 1950, DiLeo, 1973, Mursell, 1969, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 68).

Die resultate van Huysamen (1967: 98) toon dat hoe groter 'n skets geteken word, hoe nader word dit na die onderkant van die bladsy geteken.

Navorsing gedoen deur Urban (1963, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 66) toon aan dat dit "gesond" of "normaal" is wanneer 'n skets in die middel of effens onder die middel van die bladsy geteken word. Dit kan ook 'n aanduiding wees van 'n gevoel van veiligheid, rigiditeit in interpersoonlike verhoudinge en veral by kinders 'n neiging tot selfgerigtheid en selfgesentreerdheid (Lakin, 1956, Wolff, 1946, Alschuler & Hattwick, 1947, Levy, 1950, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 67).

Uit bogenoemde bespreking kan die afleiding gemaak word dat ook in die geval van die GGBT, die plasing van die gesin op papier sinvolle diagnostiese inligting kan bied. So byvoorbeeld kan gehipotetiseer word dat by die inperking van die tekenruimte (byvoorbeeld 'n klein gesinstekening boaan die bladsy), daar 'n beperkte belewing van die milieu kan voorkom.

**2.10.3.2 Etikettering**

In hierdie veld word aangedui hoe elke persoon in die gesin deur die gesin geëtiketteer word. (Vgl. 3.3.1.3.)

Die gesin se interaksiepatrone (-proses) ontstaan in die gesin en word ook binne gesinsverband gemodelleer. Levant (1984: 30) beskou laasgenoemde proses as die beginpunt van die gesinsprosesmodel. Sodanige prosesmodel poog om die dinamiese aard van die interaksiepatrone te beskryf.

Interaksiepatrone is 'n operasionele definisie van die interaksiereëls van die gesin, met ander woorde dit bepaal wie met wie in interaksie is, onder watter omstandighede, en op watter manier.

Kantor & Lehr (1978) gebruik die term "psigopolitiek"

("psychopolitics") in hulle verwysing na die gesin se interaksieproses: **"We use the term "psychopolitics" to denote that thematic area of family process in which family members try simultaneously to cope with the institutional requirements of the family's unit and interpersonal subsystems and the individual's right to be himself"** (p. 179).

Uit bostaande bespreking kan afgelei word dat gesinslede op 'n spesifieke manier teenoor mekaar optree. Sodanige optredes veroorsaak dat elke lid 'n sekere rol het wat hy/sy in die gesin vertolk. Hierdie rolle het 'n bepaalde funksie in die gesinsisteem. Hierdie funksies word later in die bespreking aangedui.

In die literatuur is daar voorbeelde van sulke psigopolitiese modelle van gesinsprosesse wat ontwikkel is, wat bestaan uit twee, drie en vier spelerdele. Vergelyk die tweespeler-modelle van Bowen (1966), Fogarty (1976), en Karpel (1976), die driespeler-model van Ackerman (1967), en die vierspeler-model van Kantor & Lehr (1975). Die doel van genoemde modelle is om te verklaar hoekom lede van 'n gesin soms op 'n bepaalde wyse optree.

In die onderhawige studie word egter gebruik gemaak van die vierspeler-model wat Satir (1967, soos aangehaal deur Hansen & L'Abate, 1982: 71) en Satir (1972, soos aangehaal deur Levant, 1984: 30-32) ontwikkel het. (Vgl. 3.3.1.3 vir die toepassing van hierdie model.) Hierdie model is om die volgende redes toegepas:

- Die rolle wat Satir gebruik, is van 'n permanente aard (dit wil sê die tipe rolle kom konstant voor) en is ook buigsaam van aard (dit wil sê alhoewel konstant, kan die rolle

tussen gesinslede soms verander). Laasgenoemde staan in kontras tot die model van Kantor & Lehr (1975: 181) waar die gesinsrolle tussen lede nie verander nie en waar die lede se rolle soms verdwyn of wegval (Levant, 1984: 31).

- Satir se rolle kan voorkom in enige kombinasie gesinne byvoorbeeld onbetrokke gesinne, oorbetrokke gesinne en/of rigiede gesinne (Levant, 1984: 31).
- Bogenoemde twee- en driespeler-modelle is direk van toepassing en insluitbaar by Satir se vierspeler-model wat nie die geval is met Kantor & Lehr se model nie (Levant, 1984: 31).

Satir se vierspeler-model sluit die volgende rolle in:

- "beskuldiger" ("blamer")
- "instemmende houding/ja-broer" ("placater")
- "redenaar/uiters verstandig" ("computer")
- "irrelevant/alleen" ("distracter") (Levant, 1984: 31).

Neem byvoorbeeld 'n foutvinderige vader (beskuldiger), 'n uiters verstandige moeder wat redeneer dat elke probleem opgelos kan word indien dit lank genoeg bespreek word (redenaar), 'n tienerdogter wat gretig is om te plesier (instemmende houding), en 'n laerskoolseun wat doelloos is en ontoepaslike gedrag openbaar (irrelevant).

Satir sien hierdie rolle as manifestasies van inkongruente kommunikasie (Levant, 1984: 31). Gesinne wat hierdie rolle gebruik, druk nie hul ware gevoelens uit nie, omdat hulle nie voldoende selfagting en selfvertroue het nie en hulle onbewus is dat dit aanvaarbaar is om hulle ware gevoelens uit te spreek.

Beskuldigers voel soms onbemind, alleen, leeg, en ongelukkig. Eerder as om hulle gevoelens uit te spreek, val hulle ander aan om enige moontlike rede waarvan baie bewaakte situasies was waarin die beskuldiger onbemind gevoel het. Die persoon wat die

instemmende houding aanneem, dink dat hy onbemind sal wees indien hy sou verskil, of verskillend sou wees, of onafhanklik van 'n ouer of gade sou wees. Sonder om hierdie hipoteses te toets, sal hulle eerder in 'n staat van angs lewe en hulle bestaansreg ontken om sodoende ander tevrede te stel.

Volgens Satir (Levant, 1984: 31) is die alternatief vir hierdie disfunksionele rolle nivellering ("leveling") of kongruente kommunikasie, waarin 'n persoon doen en voel presies soos wat hy sê. Dit is dan om hierdie rede dat in die onderhawige studie 'n vyfde rol bygevoeg is, naamlik "Die Kongruente" (vgl. 3.3.1.3) om sodoende vir elke toetsling die opsie van 'n "gesonde" keuse te laat. Die aanname kan dus gemaak word dat hierdie keuse die funksioneler keuse vir 'n lid of die gesin in geheel sal wees.

Gesinsetikettering sinspeel op die toekenning van rolle in die gesin asook die neerlegging van interaksiereëls (soos bo bespreek). Die gesin se aanpasbaarheidsvlak, en wel die dinamiese rolle, is dus hier ter sprake soos verduidelik in die Circumplex Model. (Vgl. 2.8.2.2.2.2.)

**2.10.3.3 Horisontale Gedrag**

By die veld word horisontale posisies aan elke gesinslid toegeken. (Vgl. 3.3.1.3.)

"Normale" individue teken mense wat in 'n staande posisie is, en betrokke is in gematigde aksies (Urban, 1963, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 86). Mense wat weer in 'n sittende posisie aangedui word, kan 'n manifestasie wees van onveilige gevoelens (Allen, 1958, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 86).

Tekens van gematigde, nie-gewelddadige aksie soos byvoorbeeld rondloop, speel, ensovoorts word gevind in die tekeninge van

buigsame, goedaangepaste en intelligente normale individue (Allen, 1958, Hammer, 1954, Jacks, 1969, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 86). Gewelddadige aksie in mense se sketse sou weer 'n teken van aggressie wees (Allen, 1958, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 86).

Dit blyk uit die werk van Burns & Kaufman (1971, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 17) dat wanneer 'n persoon in 'n gesinstekening aangedui word as iemand wat hardloop, dit 'n aanduiding is van ontvlugting van die lewe.

Hierdie veld sal in die konteks van die GGBT verband kan hou met die aktiwiteitsvlak of energie van die gesin. Energie is die vermoë om te werk, wat beteken dat in- en uitvoer van energie plaasvind oor grense heen tussen sisteme, asook tussen subsisteme onderling. Effektiewe vloei van energie tussen sisteme, sal funksionaliteit binne die gesinsisteem bewerkstellig (Venter, 1988: 218).

In die GGBT sou 'n uitbeelding van persone wat byvoorbeeld lê, sit of kniel (vgl. 3.3.1.1 en 3.3.1.3), 'n aanduiding wees van 'n lae energievlak of passiwiteit. Hardloop, loop en speel sou weer die teenoorgestelde beteken. Hierdie aspekte sou ook verband kan hou met die selfgeldingsdrang, soos bespreek in die aanpasbaarheidsdimensie van die Circumplex Model (vgl. 2.8.2.2.2.2). Dit is veral belangrik om te let op die verdere omskrywing van die aktiwiteit, byvoorbeeld "hardloop vinnig weg" of "biddend kniel" (vgl. 3.3.1.3), omdat dit 'n kwalitatiewe inhoud aan die aktiwiteit heg.

#### 2.10.3.4 Lynkwaliteit

Die lynkwaliteit van elke skets word in hierdie veld beoordeel. (Vgl. 3.3.1.3.)

Navorsing gedoen deur Handler & Reyher (1964: 263) toon die volgende resultate insake lynkwaliteit:

- Beide sagte en harde lynkwaliteit is aanduidend van angsvalligheid, maar daar is verskillende prosesse onderliggend tot hul teenwoordigheid.
- Harde lynkwaliteit reflekteer gevoelens van eksterne spanning of druk van buite af.
- Sagte lynkwaliteit is verteenwoordigend van interne spanning.
- Volgens Gutman (1952, soos aangehaal deur Handler & Reyher, 1964: 263) vertoon pasiënte wat geen vordering in terapie toon nie, kontinue harde lyne terwyl dié wat verbeter, ligte lynkwaliteit toon in hul tekeninge.
- Mense wat onder spanning verkeer en klein sketse teken, gebruik harde lyne en wanneer die sketse groot geteken word, word ligte lyne gebruik.

Van bogenoemde aspekte word ook bevestig deur Burns & Kaufman (1971, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 17 asook Ogdon, 1979: 68-69).

Bogenoemde skrywers se standpunte word ondersteun deur die siening van Van Gelder & Van Praag (soos aangehaal deur Vorsatz, 1963: 83) dat die getekende lyn, hetsy lig of swaar, 'n openbaring is van die spanning tussen die intensie van die persoon en die beheersing van die uitingsmoontlikhede.

Volgens Goldstein & Rawn (1957, soos aangehaal deur Huysamen, 1967: 61) is 'n harde lynkwaliteit 'n aanduiding van aggressie teenwoordig in die persoon wat die skets teken, maar hulle verklaar hierdie hipotese nie verder nie. Hammer (1958, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 26) beweer egter dat swaar lyne

verband hou met selfbewuste kinders en ligte lyne met onderdrukking of inhibering.

'n Skrywer soos Urban (1963, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 66) se opinie is dat dit "gesond" of "normaal" is wanneer lynkwaliteit konstant is met 'n gemiddelde potlooddruk. Laasgenoemde kan ook 'n aanduiding wees van stabiele aanpassing en moontlik verstandelike vertraging (Urban, 1963, Hammer, 1958, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 68).

Bogenoemde bespreking en resultate sal ook van toepassing wees op die interpretasie van die sirkels van die GGBT.

**2.10.3.5 Belewing**

In hierdie dimensie word vasgestel watter belewings teenwoordig was by die perso(o)n(e) tydens die afneem van die GGBT. Hierdie belewings kan moontlik dui op die gesinslede se invloed op mekaar (positief of negatief) en die beeld wat hy/hulle van die gesin het. (Vgl. 3.3.1.3.)

Die strategieë wat gebruik word om te verseker dat persone tydens die GGBT wel in kontak kom met hulle emosionele belewings oor gesinskwessies is onder 3.3.1.1 bespreek.

**2.10.3.6 Samevatting**

Die faktor "Proses" dui dus op die interaksiepatrone en interaksiereëls wat daar in die gesin aanwesig is. Hierdie faktor is uiteraard onlosmaaklik verbind aan die ander twee genoemde faktore "Struktuur" en "Intra-psigiese belewinge", want die twee faktore sal 'n invloed uitoefen op die interaktiewe prosesmatigheid van die gesin, en laasgenoemde proses sal weer die "Struktuur" en "Intra-psigiese belewinge" beïnvloed.

### 2.10.4 Slotbeskouing

In die literatuur is daar voldoende bewyse dat projektiewe tekeninge oor voldoende betroubaarheid en geldigheid beskik om gedrag te voorspel en persoonlikheidseienskappe te kan ontleed, ongeag artistieke opleiding of talent (Albee & Hamlin, 1949, Graham, 1956, Marzolf & Kirchner, 1970, en Strumpfer, 1963).

Koppitz (1968, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 30) meen dat die teken van 'n gesinsportret van groot kliniese waarde is. Sy wys daarop dat Hammer (1958), Hulse (1952, 1956) en Reznikoff et al. (1958) reeds gesuggereer het dat gesinstekeninge 'n persoon se houding teenoor sy gesinslede en sy persepsie van sy eie rol binne die gesin weerspieël. Gesinsverhoudinge word ook uitgedruk deur die relatiewe grootte en plasing van die figure op die tekening en deur die vergroting van figure.

Swenson (1968: 29, soos aangehaal deur Ogdon, 1979) het na tien jaar se ontleding van projektiewe tekeninge die volgende opmerking gemaak: **"The research published in the past ten years has been conducted at a substantially higher level of sophistication, and thus has provided more support for the Machover theory, and for the use of the human figure drawings as a diagnostic instrument"** (p. 65).

Swenson se siening bied ondersteuning aan die feit dat die globale beoordeling van tekeninge 'n vlak van betroubaarheid het wat geskik is vir die meerderheid psigometriese toetse, terwyl enkel- of gedetailleerde beoordeling minder betroubaar is:

> **". . . details do not have universal and absolute meaning. The subject's own and at times unique meaning must not be overlooked"** (Buck, 1950a: 6, soos aangehaal deur Ogdon, 1979: 101). (Vgl. Ogdon, 1979: 65).

Die sogenaamde "molukulêre" benadering moet dus met groot omsigtigheid benader word ten opsigte van spesifieke en besliste diagnoses.

Die diagnostisering van die gesinsisteem, deur middel van tematiese tekentegnieke, kan met die nodige omsigtigheid waardevolle inligting meebring, soos DiLeo (1970: 189, soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 28) met sy ervaring van die huisgesinstekening dit tereg stel:

> **"This situation, of universal interest and appeal, evokes responses that are highly revealing of the person's personality. They provide both student and diagnostician with a most valuable aid for knowledge and understanding of a person's attitudes and feelings as an individual acted upon and reacting to the most powerful forces in his environment - the members of his family."**

**HOOFSTUK 3**

# 3. METODE VAN ONDERSOEK

## 3.1 Oriëntering

In hierdie hoofstuk word aspekte van die navorsingsproses toegelig. Eerstens word die wyse van proefpersoonseleksie, die proefpersoonkriteria, asook die aard van die ondersoekgroep beskryf. Tweedens word die psigologiese meetinstrumente wat by die ondersoek betrek is, behandel. Daar word verwys na die rasionaal van die instrumente, en in sekere gevalle die toepaslikheid daarvan in Suid-Afrikaanse omstandighede. Die vernaamste geldigheids- en betroubaarheidsdata, en die ondersoeker se motivering vir die keuse van die instrumente verkry aandag. Laastens word die navorsingshipoteses geformuleer, oorweginge wat gegeld het by die keuse van 'n toepaslike statistiese tegniek meegedeel, en die beduidendheidspeil vasgestel.

## 3.2 Proefpersone

### 3.2.1 Wyse van seleksie

Dit is 'n instelling aan die PU vir CHO dat alle nuwe eerstejaarstudente met die aanvang van die akademiese jaar psigologies geëvalueer word. Van 1985 af word alle voornemende farmasiestudente reeds gedurende Oktober van hul matriekjaar aan 'n toetsbattery onderwerp ter keuring van voorgemelde studierigting. Sodanige groep nuwelinge word dan nie weer aan die massatoetsing onderwerp nie. Die skrywer het die geleentheid gehad om uit 108 farmasienuwelinge 89 ewekansig te selekteer en aan sy navorsingsproses onderwerp.

Die volgende kan dien as motivering vir die metode van seleksie vir toetsing:

- Die groep van 108 (89 na ewekansige seleksie), wat in 1986 beskikbaar was (en vir farmasie gekeur is), is geneem omdat dit op daardie tydstip die beskikbaarste populasie was;
- die studente het nog nie met die oriënteringskursus of hul vol akademiese jaar begin nie;
- die individue het pas hul ouerhuis verlaat, sodat die nuwe omgewing moontlik nog nie 'n effek op hulle emansipasie kon uitoefen nie;
- dit impliseer oënskynlik 'n "bevredigende" toetsituasie, omdat ál die nuwe studente dié dag getoets is en dit laat dus geen student verontreg voel nie.

### 3.2.2 Beskrywing van die ondersoekgroep

Aangesien hierdie studie slegs 'n verkenningstudie is en nie daarop gerig is om die Grafiese Gesinsbeeldingstoets te standaardiseer nie, is daar soos reeds genoem nie van 'n gestratifiseerde steekproef gebruik gemaak nie (vgl. 3.2.1). In hierdie steekproef is faktore soos geslag, sosio-ekonomiese status en ouderdomsgroepe daarom nie in ag geneem nie en sal daar dus nie met sekerheid gesê kan word of dit enige invloed op die resultate kan hê nie. Indien die tegniek later gestandaardiseer word, sal die steekproef beslis verteenwoordigend van die populasie moet wees om die resultate te kan veralgemeen (vgl. 4.2 en 5.2). Daar sal ook daarop gelet moet word dat die steekproef verhoudingsgewys ten opsigte van genoemde strata dieselfde samestelling moet hê as die populasie (Blommers & Lindquest, 1966: 235; Spitz, 1968: 14; Heinichen, 1970: 132).

Die steekproef bestaan uit Afrikaanssprekende eerstejaarstudente wat vir die B Pharm-rigting ingeskryf is. Die gemiddelde

ouderdom van die proefpersone is 18 jaar. Die verdeling tussen geslagte was 60% dames en 40% mans.

## 3.3 Psigologiese meetinstrumente

Die volgende instrumente word in hierdie studie ingesluit:

- die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT);
- die McMaster "Family Assessment Device" (FAD) (Epstein & Bishop, 1983: 171-180);
- die "Family of Origin Scale" (FOS) (Hovestadt et al., 1985: 287-297) - die Gesin-van-oorsprong Skaal (GVOS);
- die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF) (Fouché & Grobbelaar, 1971);
- die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI) (Shostrom, 1976).

Die PHSF is die enigste instrument met Suid-Afrikaanse norms. Tydens die toepassing van die oorsese skale, is gebruik gemaak van hulle roupunte. Daar is van oorsese skale gebruik gemaak, omdat daar nie toepaslike Suid-Afrikaanse skale beskikbaar is nie.

### 3.3.1 Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT)

#### 3.3.1.1 Ontwikkeling en rasionaal van die GGBT

Tydens 1983 het Venter die tegniek van Grafiese Gesinsbeelding ontwikkel op grond van sy teoretiese en praktiese ervaringe met gesinsbeelding ("family sculpting") (Venter 1979, 1988). 'n Loodsstudie met 100 eerstejaarstudente wat in 1984 deur hom onderneem is, het gunstige vooruitsigte aangetoon (Venter, 1988: 268-271).

Die tegniek verskil van populêre weergawes van beelding in die sin dat daar 'n ruimtelike grens, die grootte van 'n blanko

A4-papier, bestaan waarop die beeldingsproses plaasvind. (Vgl. 2.2.4.) Die teoretiese rasionaal van die GGBT steun dus sterk op die krag van beide die beeldingsproses (vgl. 2.2.3 en 2.2.4) en die vermoë van mense om hulle gesinsverhoudinge grafies voor te stel.

Waar gesinsbeelding gaan om die plasing van mense tot bepaalde verhoudinge in ruimte (vgl. 2.2.3), vereis die GGBT die teken en plasing van figure (naamlik gesinslede), in sirkelvorm, op blanko papier (vgl. 2.2.4). Die ruimtelike grens wat die papier verteenwoordig, word die interpersoonlike landskap waarop grafiese beelde (naamlik sirkels) geplaas word. GGBT-materiaal voorsien 'n spesifieke struktuur vir die beeldingsproses en die standaardinstruksies bewerkstellig kwantitatiewe en kwalitatiewe beoordeling.

'n Sirkel word gebruik omdat veral volwassenes soms skaam voel vir hulle vermoë om 'n mens te teken. 'n Sirkel is ook 'n baie "veilige" simbool om te teken en kan verder meebring dat die persoon minder weerstand toon. 'n Sirkel neem ook baie gouer om te teken. Daar gaan wel inligting verlore, maar die toetsinstruksies kompenseer vir enige gebrek aan projektiewe insette.

'n Sirkel is een van die mees basiese en primitiefste vorms waarmee die mens te doen het (byvoorbeeld die wiel) wat dit dus 'n baie bekende en aanvaarbare simbool maak. Dit is ook een van die eerste dinge wat 'n kind baasraak sonder dat hy enige basiese opleiding daarvoor ontvang het. Ogdon (1979: 118) postuleer sy siening van die gebruik van sirkel/s soos volg:

> **"The biological basis for visually perceived pattern reproduction is a vortical or circular whirling motion in the optic field. Circles and loops, then, should be considered among the most primitive Gestalt formations."**

Op driejarige ouderdom volg die kind sy kinestetiese stadium op deur verteenwoordigende tekeninge. Hy teken verskeie vorme - vertikaal, horisontaal, hoeke, en sirkels. In die sirkel ervaar hy miskien die ooreenkoms met 'n persoon se kop. DiLeo (1970: 28 soos aangehaal deur Van Zyl, 1975: 20) beklemtoon dat die kind instinktief tot hierdie ontdekking kom: **"The child is now on his way to pictography, 'hieroglyphics' and then calligraphy, just as his remote ancestors who made pictures and figures long before they learned to write."**

Die rasionaal van die tegniek word soos volg opgesom:

- Dit is 'n toets wat redelik maklik afgeneem kan word, want die toetsinstruksies is eenvoudig, 'n minimum toetsmateriaal word benodig en dit duur slegs ongeveer 25 minute. Die interpretasies kan ook redelik vinnig gemaak word;
- 'n groot hoeveelheid inligting word op 'n kompakte en effektiewe wyse opgesom;
- die terapeutiese waarde van hierdie tegniek is geleë daarin dat die persone bewus gemaak word van ervaringe (positief en negatief) rondom hulle gesinne van oorsprong. Hierdie bewusmakingsproses kristaliseer ook verder uit na die invloed wat dit kan hê op hulle inter- en intrapersoonlike verhoudinge. Inligting bekom uit die tegniek kan die mense lei om enige distorsies in hul verhoudingslewe te modifiseer. Die GGBT is dus 'n diagnostiese bron vir die strukturele konfigurasie van 'n gesin, met ander woorde diadiese en triadiese alliansies, oorbetrokkenheid, en vervreemding (vgl. 2.8 en 2.10);
- hierdie tegniek kan die persone se selfdifferensiasie binne hulle kinderdaegesinne inisieer of aanhelp (Venter, 1988: 269);

- Laasgenoemde aanname is gebaseer op Bowen se teoretiese begronding van sy styl van huweliksterapie (vgl. Bowen, 1976: 393-400; Kerr, 1981: 254-257). Uit Bowen se teoretiese aannames kan die volgende hipotese gestel word: gedurende die GGBT is elke persoon op intellektuele vlak besig om emosiebelaaide materiaal te ondersoek en tot nuwe kennis daarvan te kom. Die persone word dus objektiewer oor die gesinskwessies, hulle leer hulself beter ken en neem 'n "ek"-posisie in (Venter, 1988: 269);

- Dit is veral belangrik dat persone moet stil wees gedurende die beeldinge en die proses moet teen 'n stadige tempo afgehandel word (vgl. 3.3.1.3). Hierdie strategie kan verseker dat persone in kontak kom met emosionele belewings oor gesinskwessies (Venter, 1988: 3). Papp et al. (1973: 203) ondersteun die feit dat daar 'n individuasieproses tydens gesinsbeelding kan plaasvind;

- die toets produseer dus heelwat diagnostiese inligting wat ook terapeutiese moontlikhede inhou (vgl. vorige punt); dit bevorder byvoorbeeld kommunikasie en interaksie tussen gesinslede en het ook 'n sterk bindingseffek in die gesin. Die toets is dus veral waardevol by gesinne wat moeilik verbaal kan kommunikeer. Gesinslede is bewus daarvan dat hulle 'n integrale deel van die gesinseenheid uitmaak, en ook 'n beïnvloedende faktor kan wees tot die ander lede in die gesinsisteem (Cromwell et al., 1980: 3). Die GGBT kan dus dien as 'n terapeutiese hulpmiddel in die bepaling van die graad van intrafamiële kongruensie, met ander woorde ooreenstemming in persepsie van ruimtelike posisie binne die gesin en ooreenstemming insake die kwaliteit van kommunikasie (vgl. 2.10);

- dit kan dien as 'n navorsingsmeganisme vir die doeltreffende meting van die verandering in gesinstrukture (vgl. 2.8, 2.9, en 2.10);

- die toets hou ook alle voordele in wat aan 'n projeksietegniek gekoppel kan word (vgl. 2.10).

Die rasionaal van die GGBT gesien uit die perspektief van die algemene sisteemteorie (dit wil sê nie gerig op die geïsoleerde individu nie - vgl. 2.9), kan soos volg aangedui word:

- Die sisteembenadering gee 'n omvattender beskouing van gebeurtenisse as die vroeëre meganisties-oorsaaklike konseptuele model (Jackson soos aangehaal deur Framo, 1976: 25; Andolfi, 1979: 1). Von Bertalanffy voer dan ook aan dat een van die belangrikste oorsake vir die ontstaan van die algemene sisteemteorie 'n besef was van die ontoereikenheid van die prewetenskaplike paradigma van lineêre oorsaaklikheid (Von Bertalanffy, 1972).

- Volgens Palazzoli et al. (1978: 5) plaas 'n persoon hom eintlik "oor" of "hoër" om iets beter waar te neem wanneer daar 'n paradigmaskuif gemaak word vanaf die meganies-oorsaaklike model na die sisteembenadering.

- Daar is in die algemene sisteemteorie 'n groter vlak abstraksie en veralgemening ontwikkel (om voorsiening te maak vir die ondersoek van komplekse en interafhanklike verskynsels) as wat in die tradisionele vakteorieë aangetref word (Schoeman et al., 1983: 1). Volgens Schoeman et al. (1983: 1) stel die algemene sisteemteorie hom nie ten doel om die huidige korpus kennis te verwerp nie, maar poog eerder om kennis te interpreteer en te orden.

- Die sisteembenadering vestig die aandag op 'n groter gedeelte van die empiriese werklikheid en neem dus ook 'n interdissiplinêre karakter aan (Schoeman et al., 1983: 1).

- Die verwysing na die sisteemteorie as 'n metateorie, skep 'n breër teoretiese raamwerk waarbinne die mens die menslike persoonlikheid as 'n komplekse en interafhanklike verskynsel binne 'n groter sisteem beskrywe en kan ondersoek (Schoeman et al., 1983: 1).

Die GGBT toon sterk teoretiese bande met "The Symbolic Drawing of the Family Life Space" van Geddes & Medway (1977: 219-228). Hulle idees en teoretiese konsepte kom veral strek ter sprake in die ontwikkeling van die 18 velde van die GGBT en is reeds onder punt 2.10 bespreek.

**3.3.1.2 Beskrywing van die GGBT**

Die fisiese materiaal van die GGBT vereis een blanko vel, 'n HB-potlood, 'n skerpmaker en 'n uitveër. Daar word ook 'n gevoelskaart en 'n lys met etikette vir elke individu uitgedeel (vgl. 3.3.1.3).

Die GGBT bestaan uit 18 velde, naamlik:

1. Plasing van gesin op papier (PLA)
2. Ruimte op papier (RUIM)
3. Lynkwaliteit (LYN)
4. Uitvee (UIT)
5. Patroon/Gestalt (GES)
6. Volgorde (VOL)
7. Huwelikskoalisie (HUW)

8. Kindersubsisteem (KIN)
9. Etikettering (ET)
10. Emosie (EMO)
11. Horisontale Gedrag (HOR)
12. Kykgedrag (KYK)
13. Belewing (BEL)
14. Ervaring (ER)
15. Naaste (NA)
16. Hiërargie (HIER)
17. Grootte (GRO)
18. Risiko (RIS)

(Vgl. 2.10 en 3.3.1.4).

**3.3.1.3 Afneming en toepassing van die GGBT**

Die GGBT kan individueel, as gesin of in groepe afgeneem word. Elke individu ontvang 'n blanko vel, 'n HB-potlood, 'n uitveër, en 'n skerpmaker. Dit is baie belangrik om te onthou dat die toets teen 'n stadige tempo afgehandel moet word (vgl. 3.3.1.1). Die tye wat die skrywer telkens aandui is slegs daar om vir die toetsafnemer struktuur te verskaf ten opsigte van hoe lank die gemiddelde tydsduur van elke instruksie en die toets in geheel kan wees.

Die toetsinstruksies moet soos volg lui:

1. Skryf u naam, asook u posisie in die gesin, byvoorbeeld pa, suster of broer, regs bo in die hoek van die papier wat u ontvang het. (Laat ongeveer 1 minuut hiervoor toe.)

2. Draai nou u papier om. Stel u gesin, of die gesin waarin u grootgeword het, deur middel van sirkels voor, met ander woorde dui elke gesinslid met 'n sirkel aan. U kan die ruimte gebruik soos u wil, want sommige mense teken klein en

ander groot sketse. Vrae wat later gevra sal word, kan agterop u vel papier beantwoord word.

(Die toetsafnemer moet sorg dra dat die mense nie hul sketse met mekaar vergelyk nie en dat hulle stil is totdat almal klaar is.)

Skryf nou elke gesinslid se naam en ouderdom binne of langs die sirkel. Skryf u eie naam as **Ek** en dié van u ma en pa as **Ma** en **Pa**. Ma en pa kan hul eie name ook as **Ma** en **Pa** binne die sirkel skryf (met ander woorde moenie byvoorbeeld Kobus of Susan skryf nie). **Ek** sal deurgaans 'n kind in die gesin wees. U broer/s en suster/s (indien enige) kan u onder hulle noemname inskryf. (Die instruksies vergemaklik toekomstige identifisering. Laat ongeveer vier minute hiervoor toe.)

3. Draai die papier om en skryf langs nommer 1 of u iets nuuts van u gesin geleer het en indien wel wat dit is.

4. U moet vervolgens aantoon in watter volgorde u die sirkels geteken het. Nommer die sirkel wat u eerste geteken het met 'n 1, tweede met 'n 2, ensovoorts (Laat ongeveer een minuut hiervoor toe.)

5. Skryf net langs elke sirkel wie **lê, hardloop, sit, staan, kniel,** en **loop.** (Die toetsafnemer kan die terme 'n paar keer herhaal of dit kan op 'n swartbord neergeskryf word.) U kan die posisies ook vollediger beskrywe as u wil, byvoorbeeld **hardloop bang weg, sit stil,** ensovoorts. Indien u gladnie een kan toeken nie, merk net die sirkel/s met 'n vraagteken. (Laat ongeveer twee minute hiervoor toe.)

6. Blaai om en skryf langs nommer 2 neer of u iets nuuts van u gesin geleer het en wat dit is.

7. Toon aan in watter rigting elke persoon kyk. Dit doen u deur ('n) pyl/e van een sirkel na 'n ander te trek. 'n Persoon kan selfs wegkyk of wanneer dit moet, vir almal kyk - trek dan slegs een pyl met 'n byskrif **almal**. Elke persoon kry dus net een kykrigting. Indien dit vir u onmoontlik is om 'n keuse uit te oefen, merk die sirkel/s met 'n vraagteken. Wanneer twee individue vir mekaar kyk, kan u 'n tweerigtingpyl teken soos in meegaande voorbeeld (vgl. Figuur 3.1) tussen ma en pa en ma en suster. (Laat ongeveer drie minute hiervoor toe.)


8. Blaai om en skryf langs nommer 3 of u iets nuuts van u gesin geleer het en wat dit is.

9. Ons bly nog op die agterkant van die bladsy. Skryf almal wat u geteken het se name ondermekaar neer. U gaan nou aan u en die ander gesinslede 'n etiket toeken. (Verduidelik aan die mense dat persone in gesinne soms vir mekaar name gee, byvoorbeeld Jannie is die **slimme** in ons gesin; Susan is die **sportiewe**. Die mense kan hulle eie name kies (soos in die voorbeeld) of name gebruik soos voorgestel deur akademici. Terwille van kwantitatiewe beoordeling is daar 'n lys van etikette saamgestel uit die werk van Satir (1967, 1972 soos aangehaal deur Hansen & L'Abate, 1982: 71)).

   Kyk na Tabel 3.1 wat ek aan u uitgedeel het met die opskrif **Etikette.** (Lees die lys eers volledig saam deur en verduidelik waar nodig.) Selekteer nou vir elke gesinslid een etiket. U hoef slegs die nommer van die etiket langs die naam neer te skryf. As dit vir u onmoontlik is om 'n etiket toe te ken, merk net 'n vraagteken langs die na(a)m(e).

Die lys van etikette (Tabel 3.1) sien soos volg daar uit:

FIGUUR 3.1: VOORBEELD VAN KYKGEDRAG



**Tabel 3.1:**

I. **Instemmende houding/Ja-broer:**
Ook genoem die "goeie". Die persoon kom baie afhanklik voor, is 'n swak tipe persoon, klouerig en stem saam met alles.

II. **Beskuldigende:**
Verskil van mening; blameer; kritiseer. Die persoon se gedrag is soms gewelddadig, vyandig, neulerig, agterdogtig en foutvinderig.

III. **Uiters verstandige:**
Die persoon erken geen gevoelens nie, tree soos 'n komper op of intellektualiseer en is uiters onbuigsaam. Hy/sy is baie beginselvas, objektief en obsessief.

IV. **Irrelevante/Alleenpersoon:**
Die persoon is nie-verwant of betrokke by enigiets. Hy/sy is onseker, wisselvallig en doelloos. Sy/haar gedrag is soms ontoepaslik.

V. **Die kongruente:**
Die persoon neem ander in ag. Hy/sy doen en voel **presies** soos wat hy/sy sê, met ander woorde dit is 'n eerbare en geloofwaardige persoon.

(In die literatuur is daar ander voorbeelde van gesinsetikettering, byvoorbeeld die inisieerder, volgeling, buitestaander, opponeerder, die paaier, blameerder, rasionele en aandagafleier (Kantor & Lehr, 1978: 177-204; en Satir, soos aangehaal deur Levant, 1984: 31 - Vgl. 2.10)).

(Laat ongeveer vyf minute hiervoor toe).

10. Skryf langs nommer 4 of u iets nuuts van u gesin geleer het en wat dit is.

11. Neem nou Tabel 3.2 met die opskrif **Gevoelskaart**. U gaan nou aan elke gesinslid 'n emosie toeken. Skryf die emosie langs die etiket (en langs die persoon se naam) wat u so pas gedoen het. U mag slegs uit **een** kategorie 'n emosie selekteer, maar indien u baie onseker is mag u vir daardie gesinslid 'n emosie uit elke kategorie selekteer. Indien u dit onmoontlik vind om 'n emosie te identifiseer, maak dan net 'n vraagteken langs die perso(o)n(e) se naam.

(Wanneer 'n individu vir homself of 'n ander gesinslid emosies uit beide kategorieë selekteer, staan dit as 'n ambivalente emosie bekend. Die lys emosies is saamgestel uit die werk van Schlosberg (1941, 1952 en 1954 soos aangehaal deur Jordaan, Jordaan & Nieuwoudt, 1975: 478 asook die skrywer se eie insette) (Vgl. 2.10).

Die gevoelskaart (Tabel 3.2) sien soos volg daar uit:

**Tabel 3.2:**

I. **Welsynsemosies:**

| | | |
|---|---|---|
| Ontspanne | Warm | Gewillig |
| Kalm | "Sexy" | Vertroos |
| Stralend | Opgewonde | Veilig |
| Sterk | Teer | Verbeeldingryk |
| Gelukkig | Vreedsaam | Naby-jou |
| Besig | Selfversekerd | Vreugdevol |
| Tevrede | Belangstellend | Bly |
| Liefderik | Aangetrokkenheid | Affeksie |
| Borrelend | Ambisieus | |

II. **Noodemosies:**

| | | |
|---|---|---|
| Knorrig | Alleen/Eensaam | Skuldig |
| Hartseer | Onbeholpe | Gefrustreerd |
| Angsvallig | Vasgekeer | Jammer |
| Moeg | Afgehaal | Onbevoeg |
| Senuagtig | Belaglik | Rebels |
| Beskaamd | Skaam | Deurmekaar |
| Verveeld | Seergemaak | Lusteloos |
| Teleurgesteld | Vrees | Rusteloos |
| Woedend | Depressief | Aggressief |

(Laat ongeveer vyf minute hiervoor toe).

12. Skryf langs nommer 5 neer of u iets nuuts van u gesin geleer het en wat dit is.

13. Skryf langs nommer 6 wat was die aard van u belewing tydens die toets, met ander woorde hoe was dit vir u om die toets af te neem? Noem een van die volgende drie alternatiewe:
    - Maklik
    - Redelik
    - Baie/Moeilik

    As u wil kan u redes noem vir bogenoemde antwoord. (Laat ongeveer een minuut hiervoor toe.)

14. Skryf vervolgens by nommer 7 of u tydens die toets min, redelik of baie ervaringe (herinneringe/ emosies/ leerervaringe) gehad het? Noem een van die volgende drie alternatiewe:
    - Min
    - Redelik
    - Baie

    As u wil kan u op u antwoord uitbrei of dit verder omskryf. (Laat ongeveer een minuut hiervoor toe.)

Ons is nou klaar met hierdie toets. Indien u 'n behoefte het om nog iets mee te deel, kan u dit agterop u skets onderaan byvoeg of dit persoonlik aan my kom meedeel.

Vir die doel van hierdie studie het die nasien en interpretasie onafhanklik van die toetspersone plaasgevind en sodoende was die mootlike terapeutiese waarde wat so 'n proses inhou vir die toetsling as sodanig verlore. Daar is wel aan die persone genoem dat hulle welkom is om met die skrywer in aanraking te kom vir terugvoering van die toets, asook die ander toetse wat afgeneem is. Die nasien- en interpretasieprosedure wat hiernaas volg is dus gebaseer op 'n statistiese interpretasie eerder as op 'n kliniese en kwalitatiewe beoordeling. Daar word wel in 2.10 aandag aan die rasionaal en interpretasie van die velde geskenk.

**3.3.1.4 Nasien en interpretasie van die GGBT**

Soos reeds genoem word die interpretasie van die GGBT in hierdie studie begrond op 'n nasiensisteem om sodoende kwantitatiewe empiriese resultate te verkry wat noodsaaklik is in die validering van 'n toets. (Vgl. 2.2.2.1, 2.2.2.2.2 en 4.1.) Daar is ook twee ander benaderings wat gevolg kan word, veral waar die situasie hom leen tot terapeutiese moontlikhede: Die persoon kan aan die hand van instruksies wat aan hom gegee word sy eie skets interpreteer sonder dat die terapeut die skets sien, of die terapeut bestudeer die skets/e saam met die perso(o)n(e) en hulle interpreteer die skets saam aan die hand van bepaalde instruksies.

Die nasienprosedure van die GGBT is op die volgende faktore gebaseer:

- die loodsstudie wat Venter gedurende 1984 onderneem het (vgl. 3.3.1.1);

- kliniese ervaring wat Venter (1988: 271) met die tegniek opgedoen het;
- die rasionaal van GGBT (vgl. 2.10 en 3.3.1.1) en empiriese studies in verband met gesinsbeelding (Andolfi, 1979: 83-85);
- faktore wat geld by die interpretasie van tematiese tekentegnieke. (Vgl. Albee & Hamilin, 1950: 363-365; Bennett, 1964: 285-286; Hulse, 1952: 66-79; Reznikoff & Reznikoff, 1956: 162-164; Vorsatz, 1963: 1-27, 36-54, 82-100; Helberg, 1963: 24-44; Van Zyl, 1975: 1-45; Huysamen, 1967: 3-98; Ogdon, 1979: 65-102; en 2.10.)

Al 18 velde is op 'n ordinale skaal geplaas om sodoende die statistiese verwerking te vergemaklik (vgl. 4.2). So byvoorbeeld sal 'n veld met 'n punteskaal van een tot vier soos volg geïnterpreteer word: 'n Telling van vier word toegeken wanneer die bepaalde respons die mees tipiese respons op daardie veld is; 'n telling van een word toegeken wanneer die bepaalde respons die minste tipiese respons op daardie veld is. 'n Hoë telling (byvoorbeeld 4) verteenwoordig dus nie noodwendig 'n "gesonde" of "nie-patologiese" respons nie, maar eerder 'n mees tipiese respons. Dieselfde geld 'n lae telling (byvoorbeeld 1). Die mees en mins tipiese respons is bepaal en begrond op resultate wat die loodsstudie van Venter opgelewer het. Sodanige verskaling vergemaklik dus die toepaslikheid van gemiddeldes, standaardafwykings en korrelasies.


Die 18 velde se puntetoekenning word vervolgens bespreek:

**1. Plasing van gesin op papier (PLA):**

Dit gaan hier oor die spesifieke plek waar die beelding op die bladsy voorkom. (Vgl. 2.10.3.1.) Hierdie veld word deur middel van 'n masker nagesien. Die masker word op 'n A4-grootte transparantvel (vgl. Figuur 3.2) geteken en die beoordeling sien

# FIGUUR 3.2: PLASING VAN GESIN (PLA)

BO




ONDER

soos volg daar uit:

- Middel van die bladsy (4)
- Boaan die bladsy (3)
- Onderaan die bladsy (2)
- Ander (1)

'n Blok van 10cm x 10cm word as "Middel" gebruik. "Bo" en "Onder" word gebruik afhangende of die skets bo of onder die horisontale lyn is wat die bladsy verdeel. "Ander" beteken wanneer die skets so geplaas is dat dit nie by een van die ander drie kategorieë inpas nie. Die grootste gedeelte van 'n skets (ten minste 75% van die sirkels) moet óf "Bo" óf "Middel" óf "Onder" wees om in so 'n kategorie te kan wees ('n sirkel moet meer as die helfte van sy grootte deur die middelste horisontale lyn of die middelste blok verdeel word om in 'n ander kategorie te val). Die transparant word oor die protokol geplaas en sodoende word die plasing van die skets vasgestel.


**2. Ruimte op papier (RUIM):**

Dit gaan hier om te bepaal watter ruimte die totale skets op die papier beslaan. (Vgl. 2.10.1.5.) Hierdie veld word deur middel van 'n masker nagesien. (Vgl. Figuur 3.3.) Die masker word op 'n A4-grootte transparantvel geteken en die beoordeling geskied as volg:

- 7cm x 7cm (4)
- 10cm x 10cm (3)
- 5cm x 5cm (2)
- groter as 10cm x 10cm (1)

Plaas net die masker oor die protokol en stel vas of al die sirkels binne die betrokke blokgrootte val.

# FIGUUR 3.3: RUIMTE OP PAPIER (RUIM)



**3. Lynkwaliteit (LYN):**

Hier word bepaal van watter lynkwaliteit die skets is. (Vgl. 2.10.3.4.) Omdat elke individu 'n HB-potlood ontvang, kan hierdie veld redelik maklik en objektief nagesien word. Die beoordeling is soos volg:

- Gemiddelde potlooddruk (3)
- Opmerklike harde potlooddruk (2)
- Opmerklike sagte potlooddruk (1)

**4. Uitvee (UIT):**

Hier word vasgestel hoeveel sirkel/s daar uitgevee is. (Vgl. 2.10.2.8.) Die gedeeltelike uitvee van 'n sirkel word geïgnoreer. Alhoewel daar nie in die onderhawige studie klem gelê is op die uitvee van iets anders as 'n sirkel nie, sou dit wel van diagnostiese waarde kan wees. Die bepunting is:

- Uitvee van twee of meer sirkels (3)
- Uitvee van slegs een sirkel (2)
- Geen opsigtelike uitvee met redelike inspeksie (1)

**5. Patroon/Gestalt (GES):**

Hier word vasgestel op watter verskillende horisontale of sirkulêre vlak/ke die sirkels geplaas is. Daar kan verskillende kombinasies voorkom en selfs patrone wat op geen beduidende vlak geplaas is nie. (Vgl. 2.10.1.3.)

Hierdie kombinasies is:

- Al die sirkels (met ander woorde die hele skets) is saamgekoek.

Daar moet minder as 'n spasie van 'n sirkelgrootte tussen die sirkels wees. 'n Sirkelgrootte kan bepaal word as die grootte van die kleinste sirkel in die bepaalde voorstelling. (Vgl. Figuur 3.4 - A.) (6)

- Die groepering van sirkels moet op een van die volgende horisontale vlakke lê. (Vgl. Figuur 3.4 - B.):

--------------------
--------------------
--------------------

of:

--------------------

of:

--------------------
--------------------

(In die onderste ry moet daar ten minste twee sirkels wees). (5)


- Ander: met ander woorde 'n voorstelling wat nie by een van die ander kategorieë kan inpas nie. (Vgl. Figuur 3.4 - C.) (4)

- Die sirkels kom in 'n sirkelvorm voor met een sirkel in die middel. Hierdie sirkel moet die persoon self aandui. (Vgl.Figuur 3.4 - D.) (3)


- Die sirkels kom in 'n sirkelvorm voor en daar moet ten minste 'n sirkelgrootte in die middel oop wees. (Vgl. Figuur 3.4 - E.) (2)

# FIGUUR 3.4: PATROON/GESTALT (GES)

A



# FIGUUR 3.4: PATROON/GESTALT (GES)



- Die sirkels kom in sirkelvorm voor en nie "Ek" (vgl. 3.3.1.3 vir die gebruik van "Ek") in die middel nie, met ander woorde iemand anders. (Vgl. Figuur 3.4 - F.) (1)

**6. Volgorde (VOL):**

Hierdie veld gee 'n aanduiding van wie eerste, tweede, ensovoorts geteken word. (Vgl. 2.10.2.3.) Omdat daar tydens die afneem van hierdie toets slegs 1 gesinslid teenwoordig was, maak die skrywer die aanname dat "Ek" (naamlik die toetsling) en ma en pa die hooffigure by nasien uitmaak. In die onderstaande gedeelte sal soms verwys word na 'n posisie as "nie goed nie" dit wil sê die sirkel is nie in 'n volgorde geplaas soos wat 'n persoon sou hipotetiseer as die korrekte of geskikste nie.

Hierdie veld word soos volg beoordeel:

- Pa eerste en Ma tweede en "Ek" nie goed nie (met ander woorde nié laaste nie, maar nié volgens ouderdom nie). (9)
- "Ek" eerste. (8)
- Pa eerste en Ma tweede en "Ek" goed (met ander woorde volgens ouderdom). (7)
- "Ek" laaste (nie volgens geboorte nie). (6)
- Ander (5)
- Ma eerste en Pa tweede (of nie goed nie) en "Ek" goed. (4)
- Ma eerste en Pa tweede (of nie goed nie) en "Ek" nie goed nie (met ander woorde nié laaste nie, maar nié volgens ouderdom nie). (3)
- Pa eerste en Ma nie goed nie en "Ek" goed. (2)
- Broer en/of Suster eerste en Ouma en/of Oupa tweede of omgekeerd. (1)

Indien Pa of Ma "nie goed" is nie, beteken dit dat hulle nie tweede geteken is nie, maar wel enige ander posisie beklee.

**7. Huwelikskoalisie (HUW):**

Hier word veral na die verhouding en hiërargie van die ma en pa se sirkels gekyk. (Vgl. 2.10.1.1.) Indien een of albei van die ouers nie meer fisies teenwoordig is nie (hetsy deur dood, egskeiding, vervreemding), kan die terapeut self besluit of hy/sy die veld wil gebruik. In laasgenoemde geval kan een van die kinders of 'n ouma of oupa die afwesige ouer/s se plek vul wat dan diagnostiese en terapeutiese moontlikhede inhou. (Vgl. Figuur 3.5.)

In meegaande figure (Vgl. Figuur 3.5 - A, B, en C) is daar nie 'n kind tussen Ma en Pa se sirkels nie en in figure B en C moet die ouers se sirkels totaal op hul eie staan met die kinders se sirkels duidelik eenkant. Pa en Ma se sirkels kan ook in verskillende kombinasies voorkom asook op verskillende horisontale vlakke lê:


- (Vgl. Figuur 3.5 - A.) (4)
- (Vgl. Figuur 3.5 - B.) (3)
- (Vgl. Figuur 3.5 - C.) (2)
- By enige een van bogenoemde is daar definitief 'n kind tussen Ma en Pa se sirkels. (Vgl. Figuur 3.5 - D.) (1)

Ma en Pa se sirkels hoef nie in hierdie (bogenoemde) volgorde te wees nie, byvoorbeeld Figuur 3.5 - C kan lyk soos Figuur 3.5 -E.

**8. Kindersubsisteem (KIN):**

Daar word gefokus op die verhouding wat daar moontlik tussen die kinders bestaan, met ander woorde die groepering van sodanige

## FIGUUR 3.5: HUWELIKSKOALISIE (HUW)



subsisteem. (Vgl. 2.10.2.6.)

Die beoordeling is soos volg:

- Saamgekoek, (met ander woorde minder as 'n sirkelgrootte tussenin). (4)
- Groepies kinders, maar "Ek" nié alleen nie (daar moet 'n sirkelgrootte tussen groepies wees). (3)
- Alle kinders los, (met ander woorde ten minste een sirkelgrootte tussen almal). (2)
- Groepies kinders, maar "Ek" alleen (ten minste 'n sirkelgrootte tussen groepies). (1)

'n Sirkelgrootte verteenwoordig die kleinste sirkel wat in die bepaalde beelding gebruik is. Indien daar net een kind in die gesin is, kan dit volgens die laaste kategorie, naamlik (1) nagesien word.

**9. Etikettering (ET):**

Hier word beoordeel hoe die gesinslede geëtiketteer is. (Vgl. 2.10.3.2.) Van die vyf kategorieë wat daar bestaan (vgl. 3.3.1.3), is slegs kategorie V (Die kongruente) 'n positiewe etiket. Dié veld word dan met 'n + (positief: vir kategorie V) of met 'n - (negatief: vir die ander vier kategorieë) nagesien.

Die beoordeling is soos volg:

- Pa + en Ma - of Pa - en Ma + en "Ek" -. (8)
- Pa + en Ma - of Pa - en Ma + en "Ek" +. (7)
- Pa en Ma + en "Ek" + (die res is dus -). (6)
- Pa en Ma + en "Ek" -. (5)
- Almal + (een of twee kan - wees, maar dit moet 'n broer en/of suster wees). (4)

- Pa en Ma - en "Ek" +. (3)
- Almal - (een of twee kan + wees, maar dit moet 'n broer en/of suster wees). (2)
- Weet nie. Die persoon kan dus gladnie 'n etiket/te aan die gesinslede toeken nie (moet dit definitief skryf of 'n sterk indruk skep dat hy/sy nie weet nie). (1)

**10. Emosie (EMO):**

Die emosie wat by elke gesinslid teenwoordig is word beoordeel op hierdie veld. (Vgl. 2.10.2.7.) Indien daar 'n emosie vanuit die Welsynsemosies geselekteer word, word 'n + (positief) toegeken omdat almal positiewe gevoelens reflekteer. Daar word 'n - (negatief) toegeken vir 'n Noodemosie. Wanneer die respondent 'n + en 'n - aan een of meer lid toeken, word dit as 'n - nagesien omdat dit dan 'n ambivalente emosie impliseer. (vgl. 3.3.1.3.). Die beoordeling sien soos volg daarna uit:

- Pa + en Ma - of Pa - en Ma + en "Ek" +. (8)
- Almal +. (7)
- Pa en Ma + en "Ek" + (die res is dus -). (6)
- Pa + en Ma - of Pa - en Ma + en "Ek" -. (5)
- Pa en Ma + en "Ek" -. (4)
- Pa en Ma - en "Ek" +. (3)
- Weet nie. Die persoon kan dus gladnie ('n) emosie/s aan die gesinslede toeken nie (moet dit definitief skryf of 'n sterk indruk skep dat hy/sy nie weet nie). (2)
- Almal - (een of twee kan + wees, maar dit moet slegs 'n broer en/of suster wees). (1)

**11. Horisontale gedrag (HOR):**

Hierdie veld evalueer die horisontale posisies wat persone inneem. (Vgl. 2.10.3.3.) Hardloop, staan en loop word as

vertikale posisies beskou en word dus met 'n + nagesien. Lê, sit en kniel word as horisontale posisies beskou en impliseer 'n negatiewe liggaamsposisie. Laasgenoemde word dus met 'n - nagesien (vgl. 3.3.1.3). Die beoordeling van hierdie veld sien soos volg daar uit:

- Almal + (met ander woorde hardloop, staan of loop; een of twee kan - wees, maar dit moet 'n broer en/of suster wees). (8)
- Pa + en Ma - of Pa - en Ma + en "Ek" +. (7)
- Pa en Ma + en "Ek" -. (6)
- Pa + en Ma - of Pa - en Ma + en "Ek" -. (5)
- Pa en Ma + en "Ek" + (ander is dus -). (4)
- Almal - (met ander woorde lê, sit en kniel; een of twee kan + wees, maar dit moet 'n broer en/of suster wees). (3)
- Pa en Ma - en "Ek" +. (2)
- "Ek" is die uitsondering (met ander woorde die ander is die teenoorgestelde). (1)

## 12. Kykgedrag (KYK):


Kykgedrag bedoel die nie-verbale kommunikasieproses wat tussen gesinslede plaasvind. (Vgl. 2.10.2.1.) Goeie kykgedrag (dit wil sê 'n tweerigtingpyl - vgl. Figuur 3.6) beteken dat twee of meer persone vir mekaar kyk. Swak kykgedrag (dit wil sê 'n eenrigtingpyl of geen pyl - vgl. Figuur 3.6) beteken dat twee of meer persone nie vir mekaar kyk nie of totaal wegkyk. Hierdie veld word so beoordeel:

- Ouers goed en kinders swak. (Vgl. Figuur 3.6 - A.) (5)

- Almal goed. (Vgl. Figuur 3.6 - B.) (4)

- Ouers swak en kinders swak. (Vgl. Figuur 3.6 - C.) (3)

# FIGUUR 3.6: KYKGEDRAG (KYK)



- "Ek" kyk nie. (Vgl. Figuur 3.6 - D.) (2)

- Ouers swak en kinders goed. (Vgl. Figuur 3.6 - E.) (1)

**13. Belewing (BEL):**

Die toetsling moet aandui wat die kwaliteit van sy belewinge is tydens die toets. (Vgl. 2.10.3.5 en 3.3.1.3.) Die veld word soos volg bepunt:

- Redelik. (3)
- Moeilik. (2)
- Maklik. (1)

**14. Ervaring (ER):**

Elke toetsling word die geleentheid gegun om sy ervaringe/herinnering/emosies gedurende die toets verder te omskryf (Vgl. 3.3.1.3). Dit gaan hier dus nie net om die keuse van min, redelik, of baie nie, maar wel die inhoud wat die persoon aan hierdie keuse toedig. (Vgl. 2.10.3.5.) Die veld word soos volg bepunt:

- Min ervaring (respondent moet seker hiervan wees). (3)
- Redelike ervaring. (2)
- Baie ervaring (respondent moet seker hiervan wees). (1)

**15. Naaste (NA):**

Hier word bepaal wie die naaste aan "Ek" geteken is. (Vgl. 2.10.1.4.) 'n Liniaal is hier nodig om 'n akkurate meting te maak. Die beoordeling is soos volg:

- Broer en/of Suster is naaste. (9)

- Ma is naaste. (8)
- Pa is naaste. (7)
- Pa en Ma is naaste (met ander woorde ewe naby). (6)
- Almal is ewe naby (hier moet ál die sirkels aan mekaar raak, oorvleuel of presiés ewe vêr van mekaar lê). (5)

| | | |
|---|---|---|
| - Ma en Broer is ewe naby. | (Die ander moet verder | (4) |
| - Ma en Suster is ewe naby. | as 1 cm van "Ek" af | (3) |
| - Pa en Broer is ewe naby. | wees - dit geld slegs | (2) |
| - Pa en Suster is ewe naby. | vir 4, 3, 2, en 1). | (1) |

**16. Hiërargie (HIER):**

Hier moet bepaal word of die ouers in die boonste vlak of vlakke geplaas is of nie. (Vgl. 2.10.1.2.) Die veld word soos volg bepunt:


- Nee (met ander woorde geen duidelike hiërargie nie, of die kinders neem die boonste vlak/ke in). (Vgl. Figuur 3.7 - A.) (2)
- Ja (met ander woorde wel 'n duidelike hiërargie). (Vgl. Figuur 3.7 - B.) (1)

**17. Grootte (GRO):**

Hier moet met die blote oog geskat word wie se sirkel die grootste is. (Vgl. 2.10.2.4.) Die puntetoekenning is soos volg:

- Pa die grootste. (6)
- Pa en Ma die grootste. (5)
- Almal dieselfde (meer as 50% van die sirkels moet dieselfde grootte wees). (4)
- Broer en/of Suster die grootste. (3)
- "Ek" die grootste. (2)
- Ma die grootste. (1)

# FIGUUR 3.7: HIëRARGIE (HIER)



**18. Risiko (RIS):**

Vanweë die aard van hierdie studie is die kliniese (met ander woorde kwalitatiewe) beoordeling van genoemde veld subjektief van aard (vanweë die onbeskikbaarheid van 'n betekenisvolle afsnypunt tussen "gesond" en "ongesond"). Met 'n kombinasie van ervaring en insig kan die toetsafnemer wel nou reeds na die nasien van die toets sekere afleidings begin maak.

In hierdie stadium (met ander woorde met slegs statistiese data beskikbaar - vgl. 4.2.1 en 4.3 vir statistiese resultate van RIS) sien die veld soos volg daar uit: Hier word 'n bepaling gemaak of die protokol 'n risikogesin (met ander woorde 'n "ongesonde" gesin) voorstel of nie. Patologie word hier slegs begrond en beoordeel na aanleiding van "lae" tellings behaal op die 17 velde en die toetsafnemer se oordeel aangaande die algemene kwaliteit van die protokol.

- Nee, dit is nie 'n risikogesin nie. (3)
- Ja, dit is 'n risikogesin. (2)
- Onseker of dit 'n risikogesin is. (1)


(Vgl. 2.10.2.2.)

Met toekomstige navorsing sal 'n meer kwalitatiewe interpretasie asook 'n geldige afsnypunt bepaal word.


'n Protokol waar 'n telling van 3 is (nie 'n risikogesin nie - met ander woorde moontlik 'n ideale gesinsbeelding), kan soos in Figuur 3.8 (A) daar uitsien. Alle ander velde word ook volgens die mees tipiese response nagesien. Die velde sal dus almal 'n hoë telling behaal. (Vgl. 3.3.1.4.)

'n Protokol waar 'n telling van 2 is (wel 'n risikogesin - met ander woorde moontlik 'n swak gesinsbeelding), kan soos in Figuur 3.8 (B) daar uitsien. Alle ander velde word ook volgens

# FIGUUR 3.8: IDEALE GRAFIESE GESINSBEELDING




# SWAK GRAFIESE GESINSBEELDING



die mins tipiese response nagesien. Die velde sal dus almal lae tellings behaal. (Vgl. 3.3.1.4.)

Geldigheids- en betroubaarheidsdata van hierdie instrument sal in hoofstuk 4 bespreek word.

### 3.3.2 Die "Family Assessment Device" (FAD)

#### 3.3.2.1 Rasionaal van die vraelys

Die FAD is deur Epstein & Bishop (1983: 171-180) ontwerp om gesinsfunksionering te evalueer. Die gesinsfunksionering word op sewe verskillende dimensies, soos beskryf word in die McMaster Model van Epstein & Bishop geëvalueer. Dit het geblyk dat hierdie velde (vgl. 3.3.2.2) van gesinsfunksionering uiters belangrike dimensies is, na aanleiding van navorsing gedoen deur Epstein et al. tydens die ontwikkeling van die skaal. Die vraelys verskaf inligting oor die verskillende dimensies van die gesinsisteem as geheel, soos gesien deur die lede van die gesin (Epstein et al., 1983: 171).

Epstein et al. (1983: 171) meld dat die doel van die vraelys is om probleemareas in gesinne te identifiseer. Die vraelys evalueer strukturele en organisatoriese eienskappe en ook transaksionele patrone van 'n gesin met die doel om te onderskei tussen funksionele en disfunksionele gesinne.

In die onderhawige studie word 'n Afrikaans vertaalde weergawe van die FAD gebruik soos vertaal deur die departement Psigologie - PU vir CHO.

#### 3.3.2.2 Beskrywing van die vraelys

Die FAD bestaan uit sewe skale, naamlik:

- Probleemoplossing
- Kommunikasie
- Rolle
- Affektiewe responsiwiteit
- Affektiewe betrokkenheid
- Gedragskontrole
- Algemene funksionering

Die rasionaal van die sewe skale kan as volg opgesom word:

- **Probleemoplossing:**
  Dit word gesien as die gesin se vermoë om probleme op te los tot 'n vlak waar effektiewe gesinsfunksionering onderhou word. 'n Probleem word gesien as 'n kwessie wat die integriteit en funksionele kapasiteit van die gesin bedreig (Vgl. 2.8.2.) (Epstein et al., 1981: 455).

- **Kommunikasie:**
  Dit word gesien as die wederkerige uitruiling van inligting in die gesin. Daar word vier tipes kommunikasiestyle geïdentifiseer, naamlik duidelike, gemaskeerde, direkte, en indirekte kommunikasie (vgl. 2.8.2 en 2.10.) (Epstein et al., 1981: 458).

- **Rolle:**
  Rolle is die herhalende patrone van gedrag waardeur individue gesinstake uitvoer (vgl. 2.8.2 en 2.10.) (Epstein et al., 1981: 460).

- **Affektiewe responsiwiteit:**
  Dit word gesien as die vermoë van die gesin om in 'n wye spektrum emosies te respondeer met die toepaslike kwaliteit en kwantiteit van gevoelens. Hier is welsyns- en noodemosies ter sprake (vgl. 3.3.1.3.) (Epstein et al., 1981: 463).

- **Affektiewe betrokkenheid:**
  Die dimensie van affektiewe betrokkenheid is die graad van belangstelling wat die gesin as geheel toon in, en erkenning van die aktiwiteite en belange van, individuele gesinslede.

  Die fokus is hoeveel, en op watter manier gesinslede belangstelling toon en emosioneel by mekaar betrokke raak (vgl. 3.3.3.1.) (Epstein et al., 1981: 464).

- **Gedragskontrole:**
  Gedragskontrole is die model wat 'n gesin gebruik om gedrag in drie tipes situasies te hanteer, naamlik: situasies wat fisies gevaarlik is (byvoorbeeld 'n kind wat met vuurhoutjies speel); situasies wat die daarstelling en bevrediging van psigobiologiese behoeftes beteken (byvoorbeeld eet, slaap, seks, ensovoorts), en situasies wat sosialiseringsgedrag op 'n interpersoonlike vlak betrek (Epstein et al., 1981: 466).

- **Algemene funksionering:**
  Dit beoordeel bogenoemde ses dimensies in terme van algemene gesondheid of patologie van die gesin.

Dit is 'n pen-en-papier-vraelys wat deur al die gesinslede bo die ouderdom van twaalf jaar voltooi kan word. Die vraelysitems word nie hier weergegee nie, maar hierdie items kan gevind word in die artikel van Epstein et al. (1983: 172-179).

Elke gesinslid beoordeel sy siening van hoe goed 'n item sy gesin beskryf deur 'n keuse te doen tussen vier alternatiewe response.

Om die FAD na te sien, kry die response die volgende kodes:

stem sterk saam (SS) = 1
stem saam (S) = 2
verskil (V) = 3
verskil sterk (VS) = 4

Die tellings kan wissel van 1.00 (gesonde funksionering) tot 4.00 (patologiese funksionering) (Epstein et al., 1983: 172-179).

### 3.3.2.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys

#### 3.3.2.3.1 Betroubaarheid

Sekere studies in Suid-Afrika (Grobler, 1988: 178 en Zeelie, 1989: 163) het gunstige betroubaarheidsdata vir die FAD getoon en word ook in Tabel 3.3 hieronder weergegee:

**Tabel 3.3:**
Cronbach alpha-betroubaarheidskoëffisiënte vir die FAD (Epstein et al., 1983: 176; Grobler, 1988: 178; Zeelie, 1989: 163).

| | Epstein et al. | Grobler | Zeelie Groep 1 | Zeelie Groep 2 |
|---|---|---|---|---|
| Probleemoplossing | .74 | .61 | .71 | .58 |
| Kommunikasie | .75 | .72 | .72 | .76 |
| Rolle | .72 | .84 | .65 | .61 |
| Affektiewe responsiwiteit | .83 | .68 | .57 | .60 |
| Affektiewe betrokkenheid | .78 | .61 | .49 | .58 |
| Gedragskontrole | .72 | .51 | .45 | .33 |
| Algemene funksionering | .92 | .78 | .84 | .80 |

Volgens Epstein et al., (1983: 174) is die FAD se ontwikkeling gebaseer op 'n steekproef van 503 individue, waarvan 294 uit 'n groep van 112 gesinne kom. Hierdie groep sluit vier gesinne in waarvan die kinders in 'n psigiatriese daghospitaal is, ses gesinne waarvan pasiënte in 'n koronêre rehabilitasie-eenheid is

en nege gesinne van studente wat 'n gevorderde psigologiekursus volg. Die res van die gesinne het almal lede bevat wat in psigiatriese hospitale is. Die hele steekproef sluit 209 studente in wat 'n inleidende kursus in die psigologie gevolg het. Pearson produkmomentkorrelasies is tussen die sewe FAD-skale uitgevoer (N = 503) (Vgl. Epstein et al., 1983: 175.)

Gedurende die itemseleksieproses met die ses dimensies van die McMaster Model is 'n aanvanklike Cronbach alpha-betroubaarheid van tussen .83 en .90 verkry. Daar was egter 'n hoë aanduiding van interkorrelasie. Daarvolgens is 'n addisionle dimensie geskep, naamlik algemene funksionering, wat 12 items ondervang het.

Parsiële korrelasie tussen die dimensieskale nader nul wanneer Algemene funksionering konstant gehou word. Die variansie wat gedeel word tussen die dimensieskale word verantwoord deur die variansie wat elkeen deel met die Algemene funksioneringskaal (Vgl. Epstein et al., 1983: 176).

Die betroubaarheidskoëffisiënte gevind in studies in Suid-Afrika (Vgl. Tabel 3.1 - Grobler, 1988: 178; Zeelie, 1989: 163), bewys die toepaslikheid van die FAD in Suid-Afrikaanse omstandighede.

#### 3.3.2.3.2 Geldigheid

Daar bestaan twee bevindings wat daarop dui dat die FAD geldigheid besit. Eerstens, deur gebruik te maak van data van die steekproef, is die FAD-response van individue uit gesinne met sielkundige probleme vergelyk met individue uit gesinne wat geen sielkundige probleme toon nie. Data van slegs een individu uit so 'n gesin is in die analise ingesluit. Die hipotese was dat die eerste stel FAD-response minder gesonde gesinsfunksionering sou reflekteer.

Individuele FAD-tellings vir 218 nie-kliniese en 98 kliniese gesinne is gebruik in 'n diskriminantontleding om te voorspel of die gesin uit die kliniese of nie-kliniese groep kom. 76% van die nie-kliniese groep en 64% van die kliniese groep is korrek voorspel. In die geheel was die resultaat statisties hoogs beduidend ($p < 0.001$ - F-ratio's het almal 1 en 314 grade van vryheid). Die gemiddeldes en standaardafwykings van die sewe FAD-skale vir elke groep word voorgestel in Epstein et al. (1983: 176). In elke geval was die gemiddeld van die nie-kliniese groep laer (gesonder) as die van die kliniese groep. Samevallende geldigheid is met behulp van regressievergelykings bepaal. Die FAD het 28% ($r = 0.53$) van die variansie op die Locke Wallace Marital Satisfaction Skaal vir 'n groep proefpersone korrek voorspel (Epstein et al., 1983: 177).

#### 3.3.2.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys

Die toepaslikheid van die FAD in hierdie studie kan kortliks as volg opgesom word:

- Die benadering tot die gesin as 'n eenheid of sisteem, is 'n belangrike kenmerk van die instrument. Die GGBT (Grafiese Gesinsbeeldingstoets) beskou die gesin as 'n sistemiese eenheid en daar word ook na meer as een dimensie van gesinsfunksionering gekyk. (Vgl. 2.8; 2.9 en 2.10.) Dit is noodsaaklik om multidimensioneel na die gesin te kyk omdat dit 'n voller begrip van die komplekse aard van die gesin gee.
- Van die dimensies van die Circumplex Model (Vgl. 2.8.2.2) word ook deur die FAD getoets, naamlik grense wat aansluiting vind by die affektiewe betrokkenheidsdimensie, onderhandeling wat aansluiting vind by probleemoplossing, kommuniksaie, rolle en kontrole.
- Die FAD is 'n kwantifiseerbare instrument en dus statisties vergelykbaar met die GGBT.

- Gunstige resultate van Suid-Afrikaanse studies vertoon die toepaslikheid van die FAD in Suid-Afrikaanse omstandighede - Vgl. 3.3.2.3.
- Die FAD is kort en vinnig om af te neem, en bied 'n ryk bron van diagnostiese inligting.

(Epstein et al.,1983: 172-179; en Epstein & Bishop, 1981: 447, 448 en 467) (vgl. 2.8.2).

### 3.3.3 Die Gesin-van-oorsprong Skaal (GVOS)

#### 3.3.3.1 Rasionaal van die vraelys

Die ondersoeker het alle inligting oor die GVOS verkry uit 'n enkele artikel van Hovestadt et al. (1985: 287-297), wat ook hierdie vraelys in 1980 ontwikkel het.

Die GVOS fokus op outonomie en intimiteit as twee essensiële en ineengeskakelde konsepte in die lewe van 'n gesonde gesin. (Vgl. 2.8.2.) Volgens die GVOS-paradigma ontwikkel die gesonde gesin outonomiteit deur helderheid van uitdrukking, persoonlike verantwoordelikheid, respek vir ander gesinslede en oopheid vir ander in die gesin en ook deur openlik met skeiding en verlies om te gaan.

Net so ontwikkel die gesonde gesin intimiteit deur die uitdrukking van gevoelens toe te laat, 'n warm huislike atmosfeer te skep, konflik te hanteer sonder onnodige spanning, sensitiwiteit onder gesinslede aan te moedig en in die inherente goedheid van die menslike natuur te glo.

#### 3.3.3.2 Beskrywing van die vraelys

Die GVOS is dus saamgestel uit 'n seleksie van sleutelkonstrukte van beide die outonome en intimiteitkonsep. Die instrument

gee egter 'n totaaltelling wat die graad van waargenome gesondheid in die gesin-van-oorsprong aandui (Hovestadt et al., 1985: 290).

Die GVOS is ontwikkel om individue te meet of te klassifiseer in ooreenstemming met die vlakke van waargenome gesondheid in die gesin-van-oorsprong. Die GVOS meet eenvoudig die individu se eie persepsie van sy ondervindings met sy gesin-van-oorsprong en is gebaseer op die algemene aanname dat waargenome realiteit, realiteit is. Die GVOS is ontwikkel om persone te help om meer bewus te word van hul eie persepsie van die vlak van gesondheid in die gesin waarin hulle die meeste van hul kinderjare deurgebring het (Hovestadt et al., 1985: 290).

Die finaal vertaalde skaal, net soos die oorspronklike 1980-uitgawe, bestaan uit 40 items op 'n vyf-punt-Likert-tipe skaal. Vir elke item ontvang die gesondste respons 'n telling van 5, en die ongesondste respons 'n telling van 1. Die hoogste moontlike telling is dus 200, en die laagste moontlike telling 40. Die toetsmateriaal van die GVOS bestaan uit 'n selfantwoord vraelys met vyf responsalternatiewe. Die vraelys bied ruimte vir die keuses (Hovestadt et al., 1985: 191).

Uit die aard van die saak is Suid-Afrikaanse norme nie beskikbaar nie. Daar is besluit om statistiese gemiddeldes as afsnypunt tussen gesond en ongesond op die totaaltelling en outonomie- en intimiteitskaal te bereken.

Die "nuwe" afsnypunte (wat as routellings beskou word) sien as volg daar uit:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| - | Totaaltelling : | Gesond | tussen | 121 - 198 |
| | | Ongesond | tussen | 63 - 120 |
| - | Outonomieskaal : | Gesond | tussen | 60 - 100 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Ongesond | tussen | 20 - 59.5 |
| - Intimiteitskaal: | Gesond | tussen | 61 - 100 |
| | Ongesond | tussen | 20 - 60.5 |

**3.3.3.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys**

In Oktober 1980 het 278 voorgraadse en gegradueerde studente aan die East Texas State University die GVOS voltooi. Van hierdie was 39 swartes en 239 blankes en almal Amerikaanse burgers. Die GVOS onderskei tussen die individue [$F$ (1.276) = 0.33, $p > .05$].

Die boonste derde van die respondente het tussen 160-198 op die skaal behaal. Die middelste derde van die respondente tussen 135-159, en die onderste derde het tussen 63 en 134 behaal. In 'n vergelyking van die tellings tussen die twee rassegroepe was die gemiddelde van die totale tellings nie beduidend verskillend nie. Die gemiddelde telling vir swartes was 147.0 en 141.1 vir blankes.

**3.3.3.3.1 Betroubaarheid**

'n Toets-hertoets-betroubaarheidskoëffisiënt van 0.97 ($p < 0.001$) is verkry oor 'n tydsverloop van twee weke op 41 gegradueerde psigologiestudente. Toets-hertoets-koëffisiënte vir die 20 items van die outonomiekonsep het gevarieer van 0.39 tot 0.88 met 'n mediaan van 0.77; toets-hertoets-koëffisiënte vir die 20 items van die intimiteitkonsep het gevarieer van 0.46 tot 0.87 met 'n mediaan van 0.73.

In 'n onafhanklike studie van 116 ongegradueerde studente is 'n Cronbach Alpha van 0.75 en 'n gestandaardiseerde Item Alpha van 0.97 verkry (Hovestadt et al., 1985: 293).

Venter (1988: 420) het in sy studie Cronbach Alphas van

onderskeidelik 0.97 op die outonomie en 0.92 op die intimiteitskaal behaal. Dit toon ook die toepaslikheid van die GVOS in 'n Suid-Afrikaanse situasie.

**3.3.3.3.2 Geldigheid**

Die GVOS se geldigheid word deur talle voorbeelde gestaaf. Hovestadt et al. (1985: 290) haal Holter aan wat die waargenome gesondheid in die gesin-van-oorsprong ondersoek het, soos gemeet deur die GVOS in 25 manlike lede van nie-alkohol= probleemhuwelike. 'n Alkoholprobleemhuwelik was een waarin die alkoholgebruik van die man geïdentifiseer is as 'n belangrike faktor in die huweliksprobleme.

'n Beduidende verskil [$t\ (48) = 3.20$, $p < 0.01$] in die waargenome gesondheid van die gesin-van-oorsprong is uitgewys tussen mans in nie-alkoholprobleemhuwelike ($\bar{x} = 140.24$) en mans in alkoholprobleemhuwelike ($\bar{x} = 119.76$) (Hovestadt et al., 1985: 293).

**3.3.3.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys**

Dit is dan juis om redes genoem in 3.3.3.2 dat die GGBT ooreenstemming met die GVOS toon. Die steekproef bestaan uit individue wat tydens die afneem van die GGBT ongeveer 18 jaar lank in hul kerngesin (gesin-van-oorsprong) gefunksioneer het, en dus nog 'n helder persepsie het van gesinsbelewinge.

Dit kan gehipotetiseer word dat sekere velde van die GGBT moontlik van die outonomie- en intimiteitkonstrukte insluit, byvoorbeeld Huwelikskoalisie (Vgl. 2.10.1.1), Hiërargie (Vgl. 2.10.1.2), Patroon/Gestalt (Vgl. 2.10.1.3), Naaste (Vgl. 2.10.1.4), Ruimte op papier (Vgl. 2.10.1.5), Kykgedrag (Vgl. 2.10.2.1), en Kindersubsisteem (Vgl. 2.10.2.6) (Vgl. 3.3.1.4.)

Gunstige betroubaarheidsdata van studies in Suid-Afrika (vgl. Venter, 1988: 420) toon die toepaslikheid van die GVOS in Suid-Afrikaanse omstandighede.

Die GVOS is statisties maklik kwantifiseerbaar en is vinnig en eenvoudig om af te neem.

### 3.3.4 Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF)

#### 3.3.4.1 Rasionaal van die vraelys

Die Aanpassingsvraelys (NBAV) is in 1951 deur die destydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplige Navorsing (tans die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing - RGN) vrygestel, en in 1967 hersien na die PHSF. Die finale vorm is deur Fouché & Grobbelaar van die RGN in 1969 toegepas vir normberekening (Fouché & Grobbelaar, 1971: 4).

Die doel van die PHSF-verhoudingevraelys is om deur middel van 11 komponente die persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge van hoërskoolleerlinge, studente en volwassenes te meet, ten einde hulle mate van aanpassing te bepaal.

Hier gaan dit nie om die meting van persoonlikheidstrekke as sodanig nie, maar eerder om die uiting en dinamiek daarvan in die persoon se strewe na harmonie binne die self en tussen die self en die omgewing.

Die aanleer van 'n individu se verhoudingslewe (persoonlik, huislik, sosiaal en formeel) begin in die gesin en kring wyer uit na makrosisteme (byvoorbeeld die omgewing) (Fouché & Grobbelaar, 1971: 4).

### 3.3.4.2 Beskrywing van die vraelys

Die komponente van die PHSF-verhoudingevraelys, soos beskryf deur Fouché & Grobbelaar (1971: 5-8), is as volg:

- **Selfvertroue:**
  Hierdie veld meet die mate waarin die persoon vertroue het in sy werklike of vermeende vermoë om suksesvol te wees.

- **Eiewaarde:**
  Die innerlike waardeskatting wat berus op evaluering en aanvaarding van werklike of vermeende persoonlikheidseienskappe, vermoëns en gebreke.

- **Selfbeheer:**
  Die mate waarin 'n persoon daarin slaag om sy emosies en drange volgens sy beginsels en oordeel te beheer of te kanaliseer.

- **Senuweeagtigheid:**
  'n Hoë telling in hierdie komponent dui op 'n afwesigheid van simptome van senuweeagtigheid soos geopenbaar deur angsvallige, doellose, herhalende gedrag.

- **Gesondheid:**
  'n Hoë telling in hierdie komponent dui op 'n afwesigheid van beheptheid met die fisiese toestand.

- **Gesinsinvloede:**
  Dit is die mate waarin die persoon as afhanklike in 'n gesin beïnvloed word deur faktore soos sy posisie in die gesin, gesinsamehorigheid, verhouding tussen die ouers en sosio-ekonomiese toestande.

- **Persoonlike vryheid:**
  Dit is die mate waarin die persoon voel dat hy nie deur sy ouers ingeperk is nie.

- **Sosialiteit - G:**
  Dit dui op die mate waarin 'n persoon 'n behoefte het en spontaan deelneem aan sosiale groepsverkeer (ekstrovert), teenoor die mate waarin 'n persoon afkerig is van sosiale groepsverkeer (introvert).

- **Sosialiteit - S:**
  Die mate waarin die persoon 'n behoefte het om sosiaal te verkeer met 'n spesifieke persoon van die teenoorgestelde geslag.

- **Morele Inslag:**
  Die mate waarin 'n persoon voel dat sy gedrag ooreenstem met die aanvaarde norme van die samelewing.

- **Formele verhoudinge:**
  Dit is die mate waarin 'n persoon op skool, kollege, universiteit of in die beroep suksesvol is in sy formele verhoudinge tot medeleerlinge/medestudente/kollegas, asook gesagsfigure en meerderes binne die leersituasie/werk.

- **Gewenstheidskaal:**
  Dit is 'n geldigheidskaal wat 'n aanduiding gee van die eerlikheid waarmee die persoon die vraelys ingevul het. Die vrae is van so 'n aard dat slegs uitsonderlike persone met reg gunstige antwoorde daarop kan verskaf.

Die persoon dui op 'n vierpuntskaal aan hoe dikwels hy sekere verhoudinge of situasies ervaar, deur die volgende simbole op

die antwoordblad te merk:

A: Amper Altyd/Altyd
D: Dikwels
S: Soms
N: Byna Nooit/Nooit
(Fouché & Grobbelaar, 1971: 4-8).

**3.3.4.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys**

**3.3.4.3.1 Betroubaarheid**

Die halfverdelingsbetroubaarheidskoëffisiënt bereken vir elke skaal op die PHSF varieer van 0.63 (Selfbeheer) tot 0.94 (Sosialiteit - S). Die gemiddelde betroubaarheidskoëffisiënt is 0.79 (Fouché & Grobbelaar, 1971: 22).

**3.3.4.3.2 Geldigheid**

- Konstrukgeldigheid:

  Die PHSF is toegepas op leerlinge in twee skole vir gedragsafwykendes. Hierdie resultate is met dié van die Standerd 10-normgroep vergelyk. Die verskille tussen gemiddeldes (Z-waardes) word in die handleiding van die PHSF (Tabel 5.3) deur Fouché & Grobbelaar (1971: 26) uiteengesit.

  Uit Tabel 5.3 (handleiding van PHSF, p.26) blyk dat die PHSF betreklik konsekwent diskrimineer tussen die normgroep en die groep afwykende seuns en dogters. Die afwykende leerlinge se gemiddeldes op die meeste van die komponente is beduidend laer (1%-vlak) as dié van die normgroep. Die gedragsafwykende groep toon dus deurgaans 'n swakker aanpassing. By die Gewenstheidskaal was hulle egter effens

eerliker as die normgroep. Geen beduidende verskil (5%-peil) is egter gevind in die geval van Eiewaarde by die meisies en Sosialiteit - S by die seuns nie (Fouché & Grobbelaar , 1971: 30).

#### 3.3.4.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys

Een van die belangrikste psigiese entiteite buite die self is die gesin. Die PHSF akkommodeer hierdie entiteit wat ook die toepaslikheid daarvan in hierdie studie beklemtoon.

As 'n Suid-Afrikaans gestandaardiseerde vraelys bied die PHSF toepaslike norms wat dit direk toepasbaar maak in hierdie valideringstudie (in die ander meetinstrumente word routellings gebruik - vgl. 3.3).

Die moontlikheid bestaan wel dat veral die twee velde van die PHSF wat handel oor die gesinsverhoudinge (naamlik Gesinsinvloede en Persoonlike vryheid - vgl. 3.3.4.2) moontlik deur die GGBT hanteer word byvoorbeeld: Huwelikskoalisie (vgl. 2.10.1.1), Hiërargie (vgl. 2.10.1.2), Patroon/Gestalt (vgl. 2.10.1.3), Naaste (vgl. 2.10.1.4), Ruimte op papier (vgl. 2.10.1.5), Kykgedrag (vgl. 2.10.2.1), Volgorde (vgl. 2.10.2.3), Grootte (vgl. 2.10.2.4), Kindersubsisteem (vgl. 2.10.2.6), Plasing van gesin op papier (vgl. 2.10.3.1), en Etikettering (vgl. 2.10.3.2).

### 3.3.5 Die Persoonlike Oriëntasievraelys (POI)

#### 3.3.5.1 Rasionaal van die vraelys

Die POI is deur Shostrom (1963, 1974) ontwerp vir die meting van terapeutiese groei (Shostrom, 1974: 29).

Die skale van die POI is saamgestel uit die belangrikste eienskappe van selfaktualisering vanuit die humanisties-eksistensiële teorieë van Maslow, Rogers, Perls, Ellis, Shostrom, May, Riesman, Glazer & Denny (Shostrom & Knapp, 1966: 193, Knapp 1976).

Die POI is saamgestel vir die meting van waardes en gedrag wat van groot waarde in die ontwikkeling van die selfgeaktualiseerde persoon sou wees. Selfaktualisering word hierin omskryf as die mate waarin eie talente en vermoëns in 'n groter mate gebruik word as by die gemiddelde persoon, die mate waarin die persoon in die hede leef, eerder as in die verlede of toekoms, relatief outonoom funksioneer en 'n welwillender lewensuitkyk op die menslike natuur as die gemiddelde persoon het. Uit die POI-tellings kan die respondent se vlak van positiewe geestesgesondheid dus geëvalueer word met die oog op voorligting of terapie (Shostrom 1963, 1964, 1976, Knapp 1976: 2).

Die vraelys is in 'n Afrikaans-vertaalde vorm toegepas (vgl. Du Plessis, 1982: 188). Alhoewel die POI nie Suid-Afrikaans gestandaardiseerd is nie, vind Du Plessis (1982: 319) die vraelys onder Suid-Afrikaanse omstandighede (dit is 'n studentepopulasie) bruikbaar, die Amerikaanse oorsprong ten spyt.

### 3.3.5.2 Beskrywing van die vraelys

Die vraelysmateriaal van die POI bestaan uit 'n vraeboekie, antwoordvel, stel maskers en profielbladsy.

Die vraeboekie bevat 150 gepaarde, tweekeusige, teenoorgestelde positiewe en negatiewe stellings (A en B), as pole van 'n kontinuum (Knapp 1976: 2-3). Die aparte antwoordvel bevat ruimte vir die 150 vrae en 'n A- en B-alternatief by elk. Daar

is 12 maskers (een vir elke skaal). Die getal vrae per skaal wissel van 9 tot 127. Die profielbladsy dui die respondent se vlak van selfaktualisering aan met positiewe eienskappe bo en negatiewe eienskappe onderaan die skaal.

Die POI bestaan uit 12 skale - twee hoof- en tien subskale (Knapp 1976: 2-7, Shostrom 1974: 33-35). Die hoofskale is die tyd- en ondersteuningsratio's.

1. **Die tydratio.** Hierdie skaal meet die positiewe eienskap van tydsbevoegdheid in 'n hoë telling - dit wil sê 'n realiteitsgeoriënteerde bewustheid in die hede, waarin ervaringe uit die verlede en toekomsverwagtinge in 'n betekenisvolle kontinuïteit bestaan. Hierteenoor is die negatiewe eienskap tydsonbevoegdheid, naamlik 'n leef in die verlede, die ervaring van skuldgevoelens en spyt, of 'n leef in die toekoms met geïdealiseerde verwagtinge of vrese (soos weerspieël in 'n lae telling).

2. **Die ondersteuningsratio.** Hierdie skaal meet die positiewe eienskap van reaksie vanuit die self - in 'n hoë telling, teenoor die uiterlike of andergerigtheid - in 'n lae telling.

Daar is tien subskale wat twee-twee in vyf afdelings gegroepeer is, naamlik waardes, gevoelens, selfpersepsie, sinergistiese bewustheid en interpersoonlike sensitiwiteit.

**Waardes**

3. Selfaktualiseringswaarde. 'n Hoë telling dui daarop dat die respondent leef volgens die waardes wat eie aan selfaktualisering (baie breed gesien) is. 'n Lae telling dui aan dat hierdie waardes verwerp word.

4. **Eksistensialiteit.** Hierdie skaal meet die vermoë om in ooreenstemming met die eise van 'n situasie - dit wil sê eksistensieël - op te tree, sonder rigiede handhawing van beginsels.

**Gevoelens**

5. **Gevoelsreaksie.** Hierdie skaal meet die responsiwiteit ten opsigte van eie gevoelens en behoeftes.

6. **Spontaneïteit.** Hierdie skaal meet die vryheid om spontaan op te tree of om jouself te wees.

**Selfpersepsie**

7. **Selfagting.** Hierdie skaal meet die bevestiging van die self op grond van eie waarde of sterkte.

8. **Selfaanvaarding.** Hierdie skaal meet die bevestiging of aanvaarding van die self ten spyte van swakhede of tekortkominge. Dit is moeliker om selfaanvaarding as selfagting te bereik, maar selfaktualisering vereis beide.

**Sinergistiese bewustheid**

9. **Mensbeskouing ("nature of man").** 'n Hoë telling dui daarop dat die respondent die mens as goed sien en dat hy teenoorgesteldes soos goed-sleg, manlikheid-vroulikheid, selfsugtigheid-onselfsugtigheid kan oplos.

10. **Sinergie.** 'n Hoë telling dui op die vermoë om die teenoorgesteldes in die lewe as betekenisvol in verband te sien, dit wil sê te sien dat werk en speel, selfsug en

selfloosheid nie teenoorgesteldes hoef te wees nie.

**Interpersoonlike sensitiwiteit**

11. Aanvaarding van aggressie. Hierdie skaal meet die vermoë om die eie natuurlike aggressiwiteit te aanvaar in teenstelling met ontkenning, verdringing en 'n verdedigende houding ten opsigte van aggressie.

12. Kapasiteit vir intieme kontak. Hierdie skaal meet die vermoë om betekenisvolle, intieme verhoudings met ander mense te ontwikkel sonder verwagtinge en verpligtinge.

### 3.3.5.3 Psigometriese eienskappe van die vraelys

Hoewel geen Suid-Afrikaanse betroubaarheids- en geldigheidsondersoeke vir die POI opgespoor kon word nie, bied navorsing in die V.S.A. sterk positiewe bewys in hierdie verband. (Vgl. Shostrom 1964, 1976, Knapp 1976.)

#### 3.3.5.3.1 Betroubaarheid

Toets-hertoets-betroubaarheidsondersoeke ten opsigte van sensitiwiteitsopleiding vir skoolsielkundiges en vir studente, van Shostrom (1964) en Ilardi & May (1968, soos aangehaal deur Oakland et al., 1978: 80) toon die volgende betroubaarheidskoëffisiënte (N = 15 tot N = 75):

- vir die skoolsielkundiges 0.91 op tydsoriëntasie en 0.93 op na-binnegerigtheid;

- vir die studente van 0.52 vir aanvaarding van aggressie tot 0.82 vir eksistensialiteit;

- vir verpleegstudente van 0.40 vir sinergie tot 0.74 vir eksistensialiteit.

#### 3.3.5.3.2 Geldigheid

Navorsing (Shostrom, 1976: 36-42, Weinach & Knapp, 1976: 501-504 en Sanson-Fisher, 1978: 971-977, soos aangehaal deur Cilliers, 1984: 242-250) toon op duidelike bewyse vir konstrukgeldigheid; dit lê daarin dat die POI duidelik tussen selfgeaktualiseerde en nie-selfgeaktualiseerde persone in die terapeutiese situasie onderskei (Shostrom & Knapp 1966: 193-202). Martin et al. (1981: 199-202) rapporteer selfs hoër geldigheidsinterkorrelasies as in die handleiding van die POI (Knapp 1976).

In 'n Suid-Afrikaanse ondersoek oor angsvalligheid, meld Du Plessis (1982: 262-268) dat die POI beduidend tussen beangste en nie-beangste eerstejaardamestudente onderskei. Oakland et al. (1978: 82-83) meld dat die POI-konstrukgeldigheid besit in die humanisties georiënteerde, selfaktualiseringsterapieë en -opleiding. Laasgenoemde verwys veral na sensitiwiteitsopleiding en opleiding in empatie en egtheid.

Al 12 skale onderskei suksesvol tussen gehospitaliseerde en normale populasies, en tussen gehospitaliseerde en selfaktualiserende populasies. Al 12 skale onderskei verder op 'n beduidendheidsvlak van 0.01 tussen 'n groep kliënte wat pas met terapie begin het en 'n groep wat reeds gemiddeld 26.6 maande in terapie gevorder het (Shostrom, 1974).

#### 3.3.5.4 Motivering van die keuse en gebruik van die vraelys

Die POI is om die volgende redes by die toetsbattery ingesluit:

- Die voorgestelde GGBT wil nagaan wat die GGBT se potensiaal is om individuele kwaliteite van selfaktualisasie te meet (hier primêr in gesinsverband). Die nadruk val meer op die identifisering en verryking van lewenskwaliteit, dit wil sê die positiewe en hoopvolle in die menslike situasie, en minder op die patologiese of simptomatologiese. Aangesien die rasionaal van die POI-konstrukte juis in die groei- en opvoedkundige terapiemodel gefundeer is (vgl. Shostrom, 1974: 2), is dit 'n gepaste meetinstrument ten einde die toepaslikheid van die GGBT op aspekte van positiewe geestesgesondheid na te gaan;

- Om mekaar sensitief waar te neem en in sensitiewe interaksie (relasievorming) met mekaar te verkeer, is na die ondersoeker se mening een van die kritieke attribute van gesonde gesinsfunksionering. Met verwysing na sensitiewe relasievorming, meld Foulds (1969: 132-136, soos aangehaal deur Cilliers, 1984: 242) dat die vermoë om 'n ander mens se "binne-mens" sensitief en akkuraat waar te neem, grootliks korreleer met die POI se meting van selfaktualisering. Hierdie begrip (sensitiewe relasievorming) kan aldus outentiek, eg, sonder defensiwiteit, valsheid, maskeragtigheid of professionele aanstellerigheid gekommunikeer word (vergelyk ook Fisher & Knapp, 1977: 1069-1074). Die GGBT is juis 'n toets waar die persoon gedwing word om ander gesinslede as individue raak te sien.

- In die lig van die vele positiewe bewyse uit die literatuur van die POI se betroubaarheid, geldigheid (vgl. 3.3.5.3) en sensitiwiteit vir die meting van psigologiese groei en/of selfaktualisering, word die POI as 'n baie geskikte meetinstrument vir insluiting in hierdie toetsbattery beskou. Die POI was dan ook dié instrument wat die belangrikste bydrae tot die onderhawige studie gemaak het (vgl. 4.5).

## 3.4 Statistiese verwerking

'n Ewekansige steekproef, soos die geval in hierdie studie - vgl. 3.2.1, akkomodeer die gebruik van inferensiële statistiek. Vir hierdie doel, met ander woorde om te bepaal of die GGBT met dieselfde onderliggende konstruk(te) verband hou as die ander toegepaste meetinstrumente - vgl. 4.2.1, is produkmomentkorrelasies tussen velde uitgevoer en 'n faktorontleding op die korrelasiematriks uitgevoer. Aangesien die veranderlikes op intervalvlakmeting betrekking het, is Pearson produkmomentkorrelasies tussen veranderlikes bereken.

Verwantskappe (tussen GGBT, POI, GVOS, PHSF en FAD) is met behulp van produkmomentkorrelasies (Hays, 1963) en meervoudige regressieontleding (Draper & Smith, 1981) ondersoek.

### 3.4.1 Statistiese beduidendheidspeil en hipoteses

Die beduidendheidspeil word konvensioneel op 0.05 of 0.01 gestel. Hays (1963: 273) wys daarop dat hierdie beduidendheidspeil so streng gestel is omdat 'n tipe I-fout (die waarskynlikheid dat die nulhipotese verkeerdelik verwerp sal word) as ernstig beskou word. In die mediese wetenskappe byvoorbeeld, kan bogenoemde fout verrykende gevolge hê. Wanneer die tipe I-fout egter so beperk word deur 'n klein streng beduidendheidspeil te stel, word die kans om 'n tipe II-fout (die waarskynlikheid dat die nulhipotese verkeerdelik nie verwerp sal word nie) te begaan, vergroot.

In die onderhawige navorsing is die tipe II-foute egter net so belangrik as tipe I-foute. Winer (1971: 14) se mening in dié verband verdien ook melding:

> **"The frequent use of the .05 and .01 levels of significance is a matter of a convention having little scientific or**

> **logical basis. When the power of tests is likely to be low under these levels of importance and when type I and II errors are of approximately equal importance, the .30 and .20 levels of significance may be more appropriate than the .05 and .01 levels."**

In die onderhawige ondersoek sou dit beter wees om 'n 0.30- of 0.20-peil te gebruik. Aangesien hierdie ondersoek meer verkennend van aard is en 'n groot aantal statistiese tegnieke uitgevoer word, moet ook in gedagte gehou word dat die tipe I-foute akkumuleer met elke toets wat op dieselfde data uitgevoer word.

Gedagtig daaraan dat verskeie statistiese hipoteses op dieselfde data uitvoer word, is besluit om die volgende benadering te volg:

- 'n beduidendheidspeil van 0.01 vir elke individuele statistiese toets. Hier is veral die toetsing van die veelvuldige korrelasiestatistieke en regressiekoëffisiënte ter sake.
- 'n beduidendheidspeil van 0.20 vir die meervoudige regressieontledings met 'n enkele afhanklike veranderlike (GGBT) en al die veranderlikes behalwe die Grafiese Gesinsbeeldingsvelde, as voorspellers.
- Indien 'n meervoudige regressieontleding in die geheel beduidend is op die 0.20-peil, die toetsing van individuele voorspellers se bydrae in die vergelyking op die 0.01-peil (vgl. 4.2).

Ter samevatting gaan die meerdimensionele aard al dan nie van die GGBT ontleed word. Voorts sal bepaal word of die GGBT 'n onafhanklike bydrae tot die toetsarsenaal van die sielkundige lewer.

### 3.4.2 Navorsingsontwerp en statistiese prosedure

Die navorsingsontwerp moet as 'n korrelasionele tweegroep-ontwerp, dit wil sê as ex post facto-navorsing beskou word (Kerlinger, 1986: 347).

Die statistiese verwerking is deur middel van die rekenaar gedoen. Die PU vir CHO se Statistiese Konsultasiediens was betrokke by die uitvoering en verwerking van wetenskaplik en komplekse rekenaar- en statistiese metodiek.

Faktorontledings is uitgevoer met behulp van die statistiese program PROC FACTOR van die statistiese sagtewaresisteem SAS (SAS User's Guide, 1985).

Meervoudige regressieontledings is met behulp van die program PROC REG van die statistiese sagtewaresisteem SAS uitgevoer (SAS User's Guide, 1985).

Alle ander statistiese verwerkings is deur middel van die statistiese sagtewaresisteem SAS uitgevoer.

# HOOFSTUK 4

## 4. STATISTIESE RESULTATE

### 4.1 Inleiding

Die hoofdoel van hierdie ondersoek is die geldigheidsbepaling (in hierdie geval konstrukgeldigheid - vgl. 2.2.2 en 2.2.2.1) van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets as hulpmiddel by die evaluering van gesinsdinamika (vgl. 1).

Die konsep onderliggend aan die samestelling van die toets is reeds vroeër bespreek (vgl. 2.10 en 3.3.1.1.)

Aangesien die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) uit 18 verskillende velde bestaan (vgl. 2.10 en 3.3.1), ontstaan die vraag in watter mate hierdie velde met dieselfde onderliggende konstruk(te) verband hou. Vir hierdie doel is produkmomentkorrelasies tussen velde en 'n faktorontleding op die korrelasiematriks uitgevoer.

Die teoretiese aard van 'n konstruk kan in 'n mate afgelei word van die mate waarin dit met ander konstrukte korreleer al dan nie.

In hierdie ondersoek is dan 'n aantal gevestigde toetse soos die POI, FAD, FOS, en PHSF (vgl. 3.3.2, 3.3.3, 3.3.4, en 3.3.5) toegepas, saam met die GGBT, ten einde die verwantskappe te kan ondersoek. Hierdie verwantskappe is met behulp van produkmomentkorrelasies (Hays, 1963) en meervoudige regressieontleding (Draper & Smith, 1981) ondersoek.

## 4.2 Benadering tot statistiese toetsing van hipoteses

### 4.2.1 Produkmomentkorrelasies

Die gebruik van Pearson produkmomentkorrelasie-tegniek vir die bepaling van die verband tussen twee veranderlikes wat op intervalskale gemeet is, is redelik bekend (Hays, 1963). Minder algemeen is egter die gebruik van hierdie statistiek wanneer een van die veranderlikes of albei 'n digotomie is.

Ferguson (1981: 427-429) toon aan dat indien die een veranderlike 'n ware digotomie en die ander een 'n kontinue veranderlike (gemeet op 'n interval- of ratioskaal) is, verskaf Pearson produkmomentkorrelasie die punt-biseriale korrelasie. Indien die digotomie 'n onderliggend kontinue skaal veronderstel, word 'n biseriale korrelasie verkry.

Hays (1963: 604-605) toon verder aan dat in die geval waar albei veranderlikes digotomieë is en aanvaar word dat daar onderliggend aan die skale 'n kontinuum is, Pearson produkmomentkorrelasie gelyk is aan die Phi-koëffisiënt wat 'n indeks van verband is.

Aangesien die veranderlikes in die onderhawige ondersoek uit hoofsaaklik intervalgemete veranderlikes bestaan, is Pearson produkmomentkorrelasies tussen veranderlikes bereken.

### 4.2.2 Statistiese beduidendheidspeil

Die bespreking van die statistiese beduidendheidspeil en hipoteses is volledig onder punt 3.4.1 gedek.

## 4.3 Die gemiddeldes en standaardafwykings van die items van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets

Die gemiddeldes en standaardafwykings vir elkeen van die 18 velde van die GGBT word in Tabel 4.1 weergegee. By die interpretasie van die gemiddeldes van die velde moet in gedagte gehou word dat die respons/e op elke veld 'n ander punteskaal verteenwoordig (vgl. 3.3.1.4.)

So byvoorbeeld sal 'n veld met 'n punteskaal van een tot vier soos volg geïnterpreteer word: 'n telling van vier word toegeken wanneer die bepaalde respons die mees tipiese respons op daardie veld is. 'n Telling van een word toegeken wanneer die bepaalde respons die mins tipiese respons op daardie veld is. Met ander woorde 'n hoë telling (byvoorbeeld 4) verteenwoordig nie noodwendig 'n "gesonde" of "nie-patologiese" respons nie, maar eerder 'n mees tipiese respons. Dieselfde geld 'n lae telling (byvoorbeeld 1). Sodanige verskaling vergemaklik dus die toepaslikheid van gemiddeldes, standaardafwykings en korrelasies.

Tabel 4.1: Gemiddeldes ($\bar{x}$) en standaardafwykings (s) vir elkeen van die velde van die Grafiese Gesinsbeeldingingstoets (N = 89):

| VELD | $\bar{x}$ | s | VELD | $\bar{x}$ | s |
|---|---|---|---|---|---|
| PLA | 3.61 | 0.64 | ET | 6.24 | 1.68 |
| RUIM | 3.87 | 0.39 | EMO | 6.75 | 1.92 |
| LYN | 2.66 | 0.63 | HOR | 6.57 | 1.65 |
| UIT | 2.11 | 0.81 | KYK | 4.34 | 0.75 |
| GES | 5.57 | 0.79 | BEL | 2.28 | 0.70 |
| VOL | 8.40 | 1.24 | ER | 2.43 | 0.67 |
| HUW | 3.20 | 0.88 | NA | 7.84 | 1.71 |
| KIN | 3.17 | 0.79 | RIS | 2.77 | 0.51 |
| HIER | 1.52 | 0.50 | GRO | 5.15 | 1.38 |
| GGBTOT | 78.65 | 6.08 | | | |

**Sleutel:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| PLA | = Plasing van gesin op papier | ET | = Etikettering |
| RUIM | = Ruimte op papier | EMO | = Emosie |
| LYN | = Lynkwaliteit | HOR | = Horisontale gedrag |
| UIT | = Uitvee | KYK | = Kykgedrag |
| GES | = Patroon/Gestalt | BEL | = Belewing |
| VOL | = Volgorde | ER | = Ervaring |
| HUW | = Huwelikskoalisie | NA | = Naaste |
| KIN | = Kindersubsisteem | RIS | = Risiko |
| HIER | = Hiërargie | GRO | = Grootte |
| GGBTOT | = Grafiese Gesinsbeelding Totaal | | |

Hier kan net daarop gewys word dat die standaardafwykings van die velde wissel vanaf 0.39 tot 1.92.

As in gedagte gehou word dat die responsie-skaal van die velde uit verskillende punteskale saamgestel is, kan tenminste beweer word dat geeneen van die items as konstante optree nie en daarom nie in hierdie sin beperkings plaas op die vind van statistiese korrelasies nie (die korrelasie tussen 'n konstante en enige ander veranderlike is noodwendig nul).

## 4.4 Faktorontledingsresultate van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets

### 4.4.1 Faktore van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets

Die produkmomentkorrelasies (Hays, 1963) tussen al die velde van die GGBT word in Tabel 4.2 weergegee.

Tabel 4.2: Pearson produkmomentkorrelasies tussen die 18 velde van die GGBT:

| VELD | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | - | | | | | | | | |
| 2 | -0.19 | - | | | | | | | |
| 3 | -0.15 | -0.08 | - | | | | | | |
| 4 | 0.06 | -0.10 | -0.14 | - | | | | | |
| 5 | 0.21 | 0.19 | -0.15 | -0.03 | - | | | | |
| 6 | -0.02 | 0.06 | -0.01 | -0.06 | 0.01 | - | | | |
| 7 | 0.18 | 0.17 | -0.18 | -0.03 | 0.53 | -0.17 | - | | |
| 8 | 0.01 | 0.07 | 0.03 | -0.21 | -0.18 | 0.16 | -0.25 | - | |
| 9 | 0.33 | -0.07 | -0.03 | -0.09 | 0.20 | 0.11 | 0.21 | -0.06 | - |
| 10 | -0.05 | -0.03 | 0.01 | -0.03 | 0.12 | 0.19 | -0.01 | 0.11 | 0.11 |
| 11 | 0.01 | 0.09 | 0.22 | 0.07 | -0.09 | -0.05 | -0.04 | -0.09 | -0.06 |
| 12 | -0.07 | 0.26 | 0.18 | -0.23 | 0.21 | 0.38 | -0.01 | 0.14 | -0.01 |
| 13 | -0.01 | -0.04 | 0.26 | -0.09 | -0.19 | -0.10 | -0.22 | -0.05 | -0.05 |
| 14 | 0.15 | 0.08 | 0.03 | -0.13 | 0.16 | 0.11 | 0.08 | 0.04 | 0.13 |
| 15 | 0.07 | 0.31 | -0.01 | -0.03 | 0.15 | -0.13 | 0.20 | -0.10 | -0.04 |
| 16 | -0.07 | 0.16 | -0.11 | 0.08 | 0.26 | -0.04 | 0.60 | -0.10 | 0.10 |
| 17 | 0.08 | 0.42 | -0.06 | -0.18 | 0.45 | 0.41 | 0.23 | 0.07 | 0.25 |
| 18 | 0.05 | 0.02 | 0.07 | -0.17 | 0.08 | 0.11 | -0.08 | 0.14 | -0.01 |
| 19 | 0.24 | 0.28 | 0.15 | -0.04 | 0.41 | 0.26 | 0.26 | 0.10 | 0.35 |

Tabel 4.2 (Vervolg):

| VELD | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | | |
| 10 | - | | | | | | | | | |
| 11 | 0.08 | - | | | | | | | | |
| 12 | 0.31 | 0.13 | - | | | | | | | |
| 13 | 0.13 | 0.26 | 0.11 | - | | | | | | |
| 14 | -0.01 | 0.09 | 0.26 | 0.07 | - | | | | | |
| 15 | 0.11 | 0.08 | -0.01 | 0.05 | 0.07 | - | | | | |
| 16 | 0.10 | -0.08 | 0.08 | -0.04 | -0.15 | 0.22 | - | | | |
| 17 | 0.29 | 0.10 | 0.52 | -0.07 | 0.19 | 0.31 | 0.20 | - | | |
| 18 | -0.01 | 0.10 | 0.13 | -0.02 | 0.18 | -0.03 | -0.17 | 0.22 | - | |
| 19 | 0.54 | 0.42 | 0.48 | 0.21 | 0.33 | 0.43 | 0.24 | 0.65 | 0.32 | - |

**Sleutel:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| PLA | (1) | = Plasing | ET | (9) | = Etikettering |
| RUIM | (2) | = Ruimte op papier | EMO | (10) | = Emosie |
| LYN | (3) | = Lynkwaliteit | HOR | (11) | = Horisontale gedrag |
| UIT | (4) | = Uitvee | KYK | (12) | = Kykgedrag |
| GES | (5) | = Patroon/Gestalt | BEL | (13) | = Belewing |
| VOL | (6) | = Volgorde | ER | (14) | = Ervaring |
| HUW | (7) | = Huwelikskoalisie | NA | (15) | = Naaste |
| KIN | (8) | = Kindersubsisteem | RIS | (17) | = Risiko |
| HIER | (16) | = Hiërargie | GRO | (18) | = Grootte |
| GGBTOT | (19) | = Grafiese Gesinsbeelding Totaal | | | |

In Tabel 4.2 vertoon die volgende velde 'n onderlinge verband met mekaar (velde met 'n korrelasie > 0.4 word as beduidend beskou) en hierdie verband is moontlik aanduidend van die bestaan van gemeenskaplike konstrukte: Huwelikskoalisie (7) met Patroon/Gestalt (5); Hiërargie (16) met Huwelikskoalisie (7); Risiko (17) met Ruimte op papier (2), Patroon/Gestalt (5), Volgorde (6) en Kykgedrag (12); en Grafiese Gesinsbeelding Totaal (19) met Patroon/Gestalt (5), Emosie (10), Horisontale gedrag (11), Kykgedrag (12), Naaste (15) en Risiko (17). Dit wil voorkom asof verbandhoudende velde se rasionaal (vgl. 2.10) in 'n mindere of meerdere mate ooreenstem en dat sommige velde wat met mekaar verband hou ook onder dieselfde faktorladings groepeer (vgl. Tabel 4.6.)


'n Hoofas-faktorontleding is vervolgens op hierdie korrelasiematriks (korrelasies tussen velde in Tabel 4.2) uitgevoer met behulp van die statistiese program PROC FACTOR van die statistiese sagtewaresisteem SAS (SAS User's Guide: 1985).

Faktorontleding is 'n tegniek wat 'n groot aantal veranderlikes reduseer na 'n kleiner aantal onderliggende dimensies (Kerlinger, 1986: 569). Laasgenoemde gedagte word ook deur Huysamen (1967) onderstreep: **"The basic assumption of this**

> **method is that the intercorrelations between a number of variables can be accounted for by a small number of common 'factors'** (p. 13).

Indien faktore in die plek van die oorspronklike items gebruik gaan word, moet die navorser weet in watter mate elke faktor die informasie in terme van die oorspronklike veranderlikes (items) vervang (ondervang) en hierdie inligting word verkry deur die eiewaardes te bestudeer. Ten einde die getal faktore wat onttrek behoort te word, te kan bepaal, is die eiewaardes bestudeer wat geassosieer word met elke moontlike faktor wat onttrek sou kon word. Hierdie eiewaardes word hieronder grafies in Figuur 4.1 voorgestel terwyl die eiewaardes ook in Tabel 4.3 weergegee word. Elke eiewaarde gee 'n aanduiding van die relatiewe variansie in die oorspronklike korrelasiematriks wat deur die ooreenstemmende faktor verklaar word (Mulaik, 1972).

Figuur 4.1: Plot van eiewaardes van 18 faktore: Hoofas-faktorontleding (N = 89):



Uit Figuur 4.1 hierbo blyk dat die grafiek na die vyfde en sesde faktor afplat. Aan die hand van Cattell se "scree"-toets (Cattell, 1949) blyk daarom dat vyf of ses faktore onttrek behoort te word. Uit die inligting oor eiewaardes in Tabel 4.3 is dit ook duidelik dat ses faktore eiewaardes groter as 1.0 het, sodat volgens die Kaiser-Guttman kriterium (Mulaik, 1972) ses faktore onttrek behoort te word.

Tabel 4.3: Eiewaardes van die korrelasiematriks:

Totaal = 18 Gemiddeld = 1

| FAKTORE | EIEWAARDES | FAKTORE | EIEWAARDES | FAKTORE | EIEWAARDES |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2.925221 | 8 | 0.876151 | 15 | 0.397344 |
| 2 | 2.330567 | 9 | 0.803786 | 16 | 0.364457 |
| 3 | 1.648862 | 10 | 0.771993 | 17 | 0.228350 |
| 4 | 1.486981 | 11 | 0.703793 | 18 | 0.207806 |
| 5 | 1.262553 | 12 | 0.665334 | | |
| 6 | 1.097899 | 13 | 0.648066 | | |
| 7 | 0.997093 | 14 | 0.583746 | | |

Ses faktore is onttrek en die faktorpatroon is aan die hand van die varimax kriterium (Mulaik, 1972) geroteer, ten einde maksimum interpreteerbaarheid te probeer verkry. Hierdie faktoroplossing word in Tabel 4.4 en 4.5 gerapporteer.

Tabel 4.4: Ortogonale transformasiematriks:

| FAKTORE | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0.75938 | 0.56577 | -0.12044 | 0.22910 | 0.15912 | -0.10453 |
| 2 | -0.45125 | 0.53941 | 0.41775 | 0.42517 | -0.25309 | -0.29337 |
| 3 | 0.39357 | -0.07881 | 0.57567 | -0.28725 | -0.62333 | 0.19089 |
| 4 | 0.10310 | -0.27500 | 0.60537 | 0.39045 | 0.56391 | 0.27718 |
| 5 | -0.19027 | 0.50334 | 0.22409 | -0.67355 | 0.39978 | 0.21621 |
| 6 | -0.13408 | 0.23184 | -0.25079 | 0.27949 | -0.21041 | 0.86197 |

Tabel 4.5: Geroteerde faktorpatroon:

| VELD | FAKTOR 1 | FAKTOR 2 | FAKTOR 3 | FAKTOR 4 | FAKTOR 5 | FAKTOR 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| HUW | *0.78852 | -0.10843 | -0.17427 | -0.14296 | 0.28032 | -0.02698 |
| HIER | *0.63948 | 0.10905 | -0.05779 | -0.50646 | 0.03650 | -0.05129 |
| GES | *0.63131 | 0.17797 | -0.23363 | 0.15705 | 0.28852 | 0.02589 |
| NA | *0.57462 | -0.02302 | 0.15258 | 0.11227 | -0.21222 | 0.13778 |
| VOL | -0.22783 | *0.73447 | -0.23138 | 0.11190 | 0.02325 | -0.03333 |
| KYK | 0.16111 | *0.70414 | 0.19683 | 0.20284 | -0.10550 | -0.18698 |
| RIS | 0.48325 | *0.66958 | -0.08149 | 0.30844 | 0.01294 | -0.05486 |
| EMO | 0.03672 | *0.65160 | 0.22577 | -0.25894 | 0.13785 | 0.04512 |
| BEL | -0.06810 | 0.01988 | *0.76750 | -0.02763 | 0.02073 | 0.03656 |
| LYN | -0.11644 | 0.01548 | *0.65987 | 0.02696 | -0.04820 | -0.22567 |
| HOR | 0.06126 | 0.09884 | *0.54766 | 0.27685 | -0.12792 | 0.44194 |
| ER | 0.12238 | 0.08264 | 0.10543 | *0.63031 | 0.19979 | -0.05393 |
| GRO | -0.05857 | 0.08813 | -0.02193 | *0.62228 | -0.02063 | -0.14698 |
| ET | 0.14370 | 0.16632 | -0.01797 | 0.01075 | *0.72712 | -0.10235 |
| PLA | 0.06494 | 0.08773 | -0.09361 | 0.31356 | *0.67087 | 0.18162 |
| RUIM | 0.51439 | 0.19529 | -0.08830 | 0.22385 | *-0.53422 | -0.05502 |
| UIT | -0.11919 | -0.02835 | -0.21159 | -0.19948 | -0.03013 | *0.80367 |
| KIN | -0.28618 | 0.22960 | -0.11763 | 0.12271 | -0.15388 | *-0.50302 |

**Sleutel:**

PLA = Plasing van gesin op papier
RUIM = Ruimte op papier
LYN = Lynkwaliteit
UIT = Uitvee
GES = Patroon/Gestalt
VOL = Volgorde
HUW = Huwelikskoalisie
KIN = Kindersubsisteem
HIER = Hiërargie
ET = Etikettering
EMO = Emosie
HOR = Horisontale gedrag
KYK = Kykgedrag
BEL = Belewing
ER = Ervaring
NA = Naaste
RIS = Risiko
GRO = Grootte
* = ladings wat beduidend hoog laai op elke faktor.

Variansie verklaar deur elke faktor:

| FAKTOR 1 | FAKTOR 2 | FAKTOR 3 | FAKTOR 4 | FAKTOR 5 | FAKTOR 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.498092 | 2.116047 | 1.672970 | 1.596116 | 1.587232 | 1.281625 |

'n Inspeksie van die ladings in hierdie matriks (Tabel 4.5) het getoon dat sinvolle interpretasies hoogstens vir die eerste drie faktore gegee kan word. Die rede hiervoor is dat slegs die eerste drie faktore beduidend hoë ladings asook die beste verklaarde variansie bied. Die faktorontleding is daarom herhaal, maar slegs drie faktore is onttrek. Hierdie driefaktor-oplossing is weereens aan die hand van die varimax kriterium geroteer vir maksimum interpreteerbaarheid en die oplossing word hieronder in Tabel 4.6 weergegee:

Tabel 4.6: Hoofas-faktoroplossing vir drie faktore (N = 89):

| VELD | FAKTORE 1 | 2 | 3 | KOMMUNALITEIT* |
|---|---|---|---|---|
| HUW | # 0.72 | -0.14 | 0.41 | 0.71 |
| HIER | # 0.69 | -0.17 | 0.10 | 0.52 |
| GES | # 0.58 | 0.22 | 0.44 | 0.58 |
| NA | # 0.58 | -0.01 | -0.18 | 0.36 |
| RUIM | # 0.53 | 0.24 | -0.23 | 0.40 |
| KYK | 0.23 | # 0.72 | -0.22 | 0.62 |
| RIS | 0.52 | # 0.69 | 0.10 | 0.76 |
| VOL | -0.13 | # 0.62 | 0.12 | 0.41 |
| GRO | -0.15 | # 0.45 | 0.04 | 0.23 |
| ER | 0.02 | # 0.45 | 0.12 | 0.21 |
| KIN | -0.31 | # 0.39 | -0.04 | 0.25 |
| EMO | 0.18 | # 0.37 | -0.13 | 0.19 |
| UIT | 0.02 | #-0.42 | 0.08 | 0.18 |
| PLA | -0.04 | 0.09 | # 0.55 | 0.32 |
| ET | 0.08 | 0.23 | # 0.52 | 0.33 |
| HOR | 0.12 | 0.11 | #-0.47 | 0.25 |
| LYN | -0.12 | 0.15 | #-0.51 | 0.30 |
| BEL | -0.03 | 0.05 | #-0.55 | 0.30 |

**Sleutel:**

PLA = Plasing van gesin op papier

RUIM = Ruimte op papier

LYN = Lynkwaliteit

UIT = Uitvee

GES = Patroon/Gestalt

VOL = Volgorde

ET = Etikettering

EMO = Emosie

HOR = Horisontale gedrag

KYK = Kykgedrag

BEL = Belewing

ER = Ervaring

| | | | |
|---|---|---|---|
| HUW | = Huwelikskoalisie | NA | = Naaste |
| KIN | = Kindersubsisteem | RIS | = Risiko |
| HIER | = Hiërargie | GRO | = Grootte |

* = dui die hoeveelheid variansie aan van die veld wat deur die drie faktore verklaar word

\# = ladings wat beduidend hoog laai op elke faktor

By die interpretasie van die faktoroplossings hierbo is besluit om faktorladings (hierdie faktorladings kan beskou word as korrelasies tussen die oorspronklike 18 velde en die verkreë drie faktore) groter as 0.30 as betekenisvolle (die waarde van 0.30 is gekies omdat hoe verder die ladings van 0 afwyk, dit wil sê hoe nader aan -1 of +1, hoe betekenisvoller is 'n lading) aanduidings te neem dat 'n bepaalde veld moontlik deel kan uitmaak van die definisie van 'n faktor (Hays, 1963: 273).

Waar 'n veld op meer as een faktor laai (met ander woorde die veld het 'n lading groter as 0.30 op meer as een faktor) sal so 'n veld beskou word slegs ten opsigte van daardie faktor waarop dit die hoogste lading toon (Winer, 1971: 14). Die algemene benadering is om te soek na dít wat gemeenskaplik is tussen ál die velde wat op 'n bepaalde faktor betekenisvol laai en so die karakter van die hipotetiese faktor of dimensie af te lei. Hierdie hipotetiese dimensie of faktor onderlê dan as 't ware die velde wat daarop laai.

Voorts word 'n kort beskrywing van elke faktor gegee, soos verkry in Tabel 4.6, in terme van die velde wat daarop laai:

**Faktor 1: "Struktuur":**

Faktor 1 (vgl. Tabel 4.6) word saamgestel uit die velde Huwelikskoalisie (HUW), Hiërargie (HIER), Patroon/Gestalt (GES),

Naaste (NA) en Ruimte op papier (RUIM). Die rede vir hierdie naamgewing is dat 'n bestudering van die rasionaal van die velde (vgl. 2.10.1) aantoon dat dié velde moontlik op die struktuur van die gesin dui.

Met struktuur van 'n gesinsisteem word bedoel die ordening of rangskikking van die subsisteme in 'n bepaalde ruimte vir 'n gegewe tydsmoment. Die struktuur verander met verloop van tyd, alhoewel die tempo van verandering kan verskil (Schoeman et al., 1983: 11).

Elke veld se bydrae tot die struktuur van die gesin is reeds volledig bespreek (vgl. 2.10.1.1, 2.10.1.2, 2.10.1.3, 2.10.1.4 en 2.10.1.5).

**Faktor 2: "Intra-psigiese belewinge":**

Faktor 2 (vgl. Tabel 4.6) word saamgestel uit die velde Kykgedrag (KYK), Risiko (RIS), Volgorde (VOL), Grootte (GRO), Ervaring (ER), Kindersubsisteem (KIN), Emosie (EMO) en Uitvee (UIT). Die rede vir hierdie naamgewing is dat 'n bestudering van die rasionaal van die velde (vgl. 2.10.2) aantoon dat dié velde moontlik dui op die intra-psigiese belewinge van die gesin.

Intra-psigiese belewinge gaan oor die emosionele interaksie wat in die sisteem voorkom, waar die gesinsisteem homself "oor" of "hoër" plaas tot beter gewaarwordinge - volgens Palazzoli et al. (1978: 5) een van die onderskeidende kenmerke van die sisteembenadering. Hierdie faktor is ineengeweef en onlosmaaklik van die ander twee faktore, maar word vir die doeleindes van hierdie studie apart bespreek.

Elke veld se bydrae tot die Intra-psigiese belewinge van die

gesin is reeds volledig bespreek (vgl. 2.10.2.1, 2.10.2.2, 2.10.2.3, 2.10.2.4, 2.10.2.5, 2.10.2.6, 2.10.2.7 en 2.10.2.8).

**Faktor 3: "Proses":**

Faktor 3 (vgl. Tabel 4.6) word saamgestel uit die velde Plasing van gesin op papier (PLA), Etikettering (ET), Horisontale gedrag (HOR), Lynkwaliteit (LYN) en Belewing (BEL). Die rede vir hierdie naamgewing is daarin geleë dat 'n bestudering van die rasionaal van die velde (vgl. 2.10.3), aantoon dat dié velde moontlik dui op die prosesmatigheid van die gesin. Met proses word bedoel alle verandering van die gesinsisteem wat oor 'n tydperk plaasvind (Schoeman et al., 1983: 11).

Elke veld se bydrae tot die prosesmatigheid van die gesin is reeds volledig bespreek (vgl. 2.10.3.1, 2.10.3.2, 2.10.3.3, 2.10.3.4 en 2.10.3.5).

Daar is besluit om in hierdie studie te aanvaar dat die GGBT meer-dimensioneel kan wees, en wel waarskynlik drie-dimensioneel. (Vgl. 4.4.1 en 4.6.) Nogtans is dit belangrik om daarop te let dat die grootste kommunaliteite (vgl. Tabel 4.6) voorkom by die velde wat hoog op faktor 1 laai. Voorts is drie nuwe veranderlikes geskep deur die gemiddelde telling vir elke proefpersoon oor al die velde wat op 'n bepaalde faktor laai te verkry en dit met elkeen van die drie faktore hierbo te doen.

'n Vierde veranderlike as die gemiddelde van hierdie drie nuutgeskepte veranderlikes, is ook geskep en staan voortaan bekend as GGBTOT. Hierdie GGBTOT-veranderlike dien as 'n soort enkele beste telling vir die Grafiese Gesinsbeeldingstoets in die geheel. 'n Tweedeorde-faktorontleding kan ook so 'n faktor opgelewer het (die korrelasies tussen hierdie vier nuwe veranderlikes word in Tabel 4.7 weergegee).

Tabel 4.7: Produkmomentkorrelasie tussen faktore van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (N = 89):

| DIMENSIE | STRUKTUUR | INTRA-PSIGIESE BELEWINGE | PROSES | GGBTOT |
|---|---|---|---|---|
| STRUKTUUR | ------- | | | |
| INTRA-PSI= GIESE BELE= WING | 0.049 (0.650) | ------- | | |
| PROSES | 0.125 (0.242) | -0.005 (0.964) | ------ | |
| GGBTOT | 0.656 (0.001)* | 0.499 (0.001)* | 0.664 (0.001)* | ------ |

* $p < 0.01$ = statistiese beduidendheid ($H_o$: populasiekorrelasie = 0.0)

Uit die tabel hierbo is, soos verwag kan word (aangesien die varimax rotasie wat uitgevoer is 'n ortogonale rotasie van die faktoroplossing is), die drie sub-dimensies statisties onafhanklik van mekaar.

## 4.5 Die verband tussen die faktore van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets en die ander vraelyste

Vervolgens is die korrelasies tussen al die veranderlikes in die ondersoek asook die vier nuwe veranderlikes (in Tabel 4.7 hierbo) bereken en word in Tabel 4.8 weergee. Die gemiddeldes en standaardafwykings word in Tabel 4.9 weergegee.

Aangesien die navorser spesifiek belangstel in die verband tussen die faktore van die GGBT en al die ander toetse in die ondersoek, met ander woorde 'n sekere subversameling van korrelasies uit Tabel 4.7, is besluit om al daardie korrelasies met 'n p-waarde (beduidendheid onder die nulhipotese) kleiner as 0.10 in Tabel 4.8 hieronder te rapporteer. Die p-waardes is op die redelike streng peil van 0.10 beoordeel, aangesien hier 'n groot getal statistiese toepassings is en daar aansienlike opeenhoping van die tipe I-foute plaasvind. (Vgl. 3.4.1.)

Tabel 4.8: Produkmomentkorrelasie tussen faktore van die GGBT met ander toetse in die ondersoek (slegs korrelasies met 'n p-waarde < 0.10 word gegee) (N = 89):

| TOETS | GRAFIESE GESINSBEELDINGSTOETS | | | |
|---|---|---|---|---|
| | STRUKTUUR | INTRA-PSIGIESE BELEWINGE | PROSES | GGBTOT |
| **POI** | | | | |
| TC | | 0.189 (0.076) | | |
| I | -0.203 (0.057) | | | -0.234 (0.028) |
| EX | | -0.247 (0.020) | | -0.257 (0.015) |
| A | -0.186 (0.081) | | | -0.194 (0.069) |
| C | -0.251 (0.044) | -0.205 (0.055) | | -0.251 (0.018) |
| **FAD** | | | | |
| KOPL | | -0.201 (0.059) | | |
| KOMM | 0.205 (0.054) | | -0.256 (0.015) | |
| AR | | | -0.262 (0.013) | -0.195 (0.067) |
| ALG | | -0.200 (0.061) | -0.285 (0.007)* | -0.312 (0.003)* |
| **PHSF** | | | | |
| SELFV | | | | -0.193 (0.078) |
| GESIN | | 0.225 (0.040) | | 0.270 (0.013) |
| FOR | | 0.229 (0.037) | | |

* $p < 0.01$ = statistiese beduidendheid ($H_o$: populasiekorrelasie = 0.0)

Uit Tabel 4.8 hierbo het die faktore van die GGBT soos volg met die velde van die ander vraelyste gekorreleer (die onderskeie velde se afkortings asook die benaderde p-waarde verskyn tussen hakies):

**Sleutel:**

POI = PERSONAL ORIENTATION INVENTORY
FAD = FAMILY ADJUSTMENT DEVICE
PHSF = PERSOONLIKE, HUISLIKE, SOSIALE EN FORMELE VERHOUDINGEVRAELYS

- "Struktuur" hou verband met:
  1. POI - Kapasiteit vir intieme kontak (C) (0.05)
     - Ondersteuningsratio (I) (0.06)
     - Aanvaarding van aggressie (A) (0.09)
  2. FAD - Kommunikasie (KOMM) (0.06)

- "Intra-psigiese belewinge" hou verband met:
  1. POI - Eksistensialiteit (EX) (0.02)
     - Kapasiteit vir intieme kontak (C) (0.06)
     - Tydratio (TC) (0.08)
  2. FAD - Probleemoplossing (KOPL) (0.06)
     - Algemene funksionering (ALG) (0.07)
  3. PHSF - Gesinsinvloede (GESIN) (0.04)
     - Formele verhoudinge (FOR) (0.04)

- "Proses" hou verband met:
  1. FAD - Algemene funksionering (ALG) (0.01)
     - Kommunikasie (KOMM) (0.02)
     - Affektiewe responsiwiteit (AR) (0.02)

- GGBTOT hou verband met:
  1. POI - Eksistentialiteit (EX) (0.02)
     - Kapasiteit vir intieme kontak (C) (0.02)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | - | Ondersteuningsratio (I) | (0.03) |
| | | - | Aanvaarding van aggressie (A) | (0.07) |
| 2. | FAD | - | Algemene funksionering (ALG) | (0.01) |
| | | - | Affektiewe responsiwiteit (AR) | (0.07) |
| 3. | PHSF | - | Gesinsinvloede (GESIN) | (0.02) |
| | | - | Selfvertroue (SELFV) | (0.08) |

Uit voorgaande blyk dat die POI (wat nie 'n gesinsvraelys is nie) net met faktor "Proses" nie 'n verband het nie. Met die ander vraelyste (wat per definisie meer as die POI by die GGBT aansluiting vind) is dit slegs die Gesin-van-oorsprong Skaal wat in sy geheel nie 'n verband met die GGBT vertoon nie. Ofskoon die faktor "Proses" nie met die POI verband hou nie, het dit egter van die beste p-waardes in die hele matriks met die FAD vertoon.

Redes vir bogenoemde (asook opsomming hiernaas) is dat die betrokke subtoetse van die vraelyste en die faktore van die GGBT soortgelyke konstrukte meet en dat die rasionaal in sekere gevalle ooreenstem (vgl. 2.10, 3.3.2.2, 3.3.4.2, 3.3.5.2 en 4.4.1).

Opsommend het die volgende subtoetse in Tabel 4.8 die sterkste verband met die GGBT getoon: Daar is een subtoets van die FAD, naamlik Algemene funksionering (ALG), wat op die 0.01-peil beduidend met die faktor "Proses" en GGBTOT verband hou. Daar is nogtans 'n paar toetse wat net buite die 0.01-peil van beduidendheid val, maar op die 0.02-peil beduidend met die Grafiese Gesinsbeeldingstoets verband hou. So hou Eksistensialiteit (EX) van die POI verband met "Intra-psigiese belewinge" en GGBTOT, Kapasiteit vir intieme kontak (C) van die POI met GGBTOT, Kommunikasie (KOMM) van die FAD met "Proses", Affektiewe responsiwiteit (AR) van die FAD met "Proses", en Gesinsinvloede (GESIN) van die PHSF met GGBTOT.

Tabel 4.9: Gemiddeldes ($\bar{x}$) en standaardafwykings (s) op alle toetse en nuutgeskepte veranderlikes (vgl. Tabel 4.6):

| TOETS | $\bar{x}$ | s | TOETS | $\bar{x}$ | s | TOETS | $\bar{x}$ | s |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| POI: | | | FAD: | | | EIE | 6.36 | 1.58 |
| TC | 15.11 | 2.50 | KOPL | 1.74 | 0.53 | SELFB | 6.08 | 1.61 |
| I | 73.85 | 7.71 | KOMM | 1.92 | 0.48 | SENU | 6.19 | 1.53 |
| SAV | 19.81 | 2.55 | ROL | 1.87 | 0.38 | GES2 | 5.88 | 1.53 |
| EX | 14.85 | 4.03 | AR | 1.88 | 0.70 | GESIN | 6.32 | 1.53 |
| FR | 13.13 | 2.80 | AB | 2.00 | 0.48 | PERS | 5.86 | 1.69 |
| S | 11.04 | 2.20 | GEDR | 1.74 | 0.55 | S-G | 5.90 | 1.63 |
| SR | 12.08 | 1.94 | ALG | 1.58 | 0.52 | S-S | 4.20 | 1.35 |
| SA | 13.24 | 2.34 | GVOS: | | | MOR | 6.69 | 1.61 |
| NC | 11.24 | 1.54 | OUT | 62.83 | 4.15 | FOR | 7.11 | 1.62 |
| SY | 6.28 | 1.30 | INT | 59.38 | 3.92 | GEW | 3.87 | 1.79 |
| A | 14.10 | 2.80 | TOT | 122.20 | 6.68 | SELFV | 6.62 | 1.75 |
| C | 15.57 | 3.18 | PHSF: | | | TOT | 71.15 | 9.51 |

Tabel 4.9 (Vervolg):

| VERANDERLIKE | $\bar{x}$ | s |
|---|---|---|
| FAKTOR 1 | 4.40 | 0.58 |
| FAKTOR 2 | 4.40 | 0.49 |
| FAKTOR 3 | 3.07 | 0.62 |
| GGBTOT | 3.96 | 0.34 |

**Sleutel:**

TC = Tydratio

I = Ondersteuningsratio

SY = Sinergie

EX = Eksistensialiteit

FR = Gevoelsreaksie

S = Spontaneïteit

SR = Selfagting

NC = Mensbeskouing

SA = Selfaanvaarding

KOPL = Probleemoplossing

KOMM = Kommunikasie

ROL = Rolle

AR = Affektiewe responsiwiteit

AB = Affektiewe betrokkenheid

GEDR = Gedragskontrole

ALG = Algemene funksionering

| | | | |
|---|---|---|---|
| SAV | = Selfaktualiseringswaarde | OUT | = Outonomie |
| A | = Aanvaarding van aggressie | INT | = Intimiteit |
| C | = Kapasiteit vir intieme kontak | TOT | = Totaal |


| | | | |
|---|---|---|---|
| SELFB | = Selfbeheer | SELFV | = Selfvertroue |
| SENU | = Senuweeagtigheid | EIE | = Eiewaarde |
| GES2 | = Gesondheid | MOR | = Morele inslag |
| GESIN | = Gesinsinvloede | FOR | = Formele verhoudinge |
| PERS | = Persoonlike vryheid | GEW | = Gewenstheidskaal |
| S-G | = Sosialiteit - G | TOT | = Totaal |
| S-S | = Sosialiteit - S | | |

Daar is besluit om 'n verdere faktorontleding tussen die velde van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets en die velde van al die ander vraelyste uit te voer. Die motivering hiervoor is dat die verkreë kommunaliteite (vgl. Tabel 4.8) soms redelik laag is, en na verwagting behoort hierdie stap 'n bydrae te lewer tot aanvaarbaarder kommunaliteite. Hierdie stap kan ook bydra tot verhoogde konstrukgeldigheid indien laasgenoemde realiseer. Terwille van bondigheid sal slegs die nodigste inligting gerapporteer word.

Uit Figuur 4.2 hieronder blyk dat die grafiek na die 16e en 17e faktor afplat. Aan die hand van Cattell se "scree"-toets (Cattell, 1949) blyk dit daarom dat 16 of 17 faktore onttrek behoort te word.

Uit die eiewaardes in Tabel 4.10 is dit ook duidelik dat sewentien faktore eiewaardes groter as 1.0 het, sodat volgens die Kaiser-Guttman kriterium (Mulaik, 1972) sewentien faktore onttrek behoort te word.

Figuur 4.2: Plot van eiewaardes van 51 faktore: Hoofas-faktorontleding (N = 89):


Eiewaardes
0 1 2 3 4 5 6
0
5
10
15
20
25
30
35
40
45
50
Faktore

Tabel 4.10: Eiewaardes van die korrelasiematriks:

Totaal = 51, Gemiddeld = 1

| FAKTORE | EIEWAARDES | FAKTORE | EIEWAARDES | FAKTORE | EIEWAARDES |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 5.989683 | 8 | 1.846283 | 15 | 1.100335 |
| 2 | 5.655019 | 9 | 1.630763 | 16 | 1.030072 |
| 3 | 3.400899 | 10 | 1.592067 | 17 | 1.011512 |
| 4 | 3.084998 | 11 | 1.443521 | | |
| 5 | 2.646299 | 12 | 1.295544 | | |
| 6 | 2.333037 | 13 | 1.221261 | | |
| 7 | 1.979736 | 14 | 1.177550 | | |

Sewentien faktore is onttrek en die faktorpatroon is aan die hand van die varimax kriterium (Mulaik, 1972) geroteer, ten einde maksimum interpreteerbaarheid te probeer verkry. Hierdie faktoroplossing word in Tabel 4.11 en 4.12 gerapporteer.

Tabel 4.11: Ortogonale transformasiematriks:

| FAKTORE | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0.61 | -0.21 | 0.35 | 0.42 | -0.01 | -0.04 | 0.39 | 0.11 | 0.21 |
| 2 | 0.56 | 0.56 | -0.43 | -0.15 | -0.12 | -0.18 | 0.06 | -0.13 | -0.14 |
| 3 | 0.19 | 0.10 | 0.05 | -0.14 | 0.57 | 0.54 | 0.03 | -0.29 | -0.09 |
| 4 | -0.30 | 0.63 | 0.46 | 0.33 | 0.16 | -0.19 | 0.03 | -0.17 | -0.00 |
| 5 | 0.01 | 0.29 | -0.02 | 0.19 | -0.44 | 0.51 | -0.21 | 0.17 | 0.17 |
| 6 | -0.13 | 0.11 | -0.38 | 0.31 | 0.44 | 0.10 | 0.27 | 0.53 | 0.12 |
| 7 | -0.11 | -0.05 | 0.07 | -0.47 | -0.09 | -0.10 | 0.36 | 0.17 | -0.01 |
| 8 | -0.34 | 0.02 | -0.17 | 0.05 | -0.11 | 0.09 | 0.65 | -0.34 | -0.07 |
| 9 | 0.01 | 0.00 | 0.16 | -0.04 | -0.07 | 0.42 | -0.08 | 0.09 | -0.32 |
| 10 | -0.07 | 0.07 | 0.15 | -0.10 | -0.17 | -0.01 | 0.02 | -0.03 | 0.57 |
| 11 | 0.08 | 0.19 | 0.07 | -0.28 | -0.13 | 0.16 | 0.33 | 0.06 | 0.15 |
| 12 | -0.07 | -0.16 | -0.40 | 0.16 | 0.07 | 0.09 | -0.12 | -0.40 | 0.41 |
| 13 | -0.16 | 0.13 | -0.13 | -0.06 | -0.10 | 0.15 | 0.03 | 0.41 | 0.08 |
| 14 | 0.00 | -0.03 | 0.18 | -0.12 | 0.08 | 0.04 | 0.05 | 0.12 | -0.23 |
| 15 | -0.08 | 0.09 | -0.15 | 0.26 | -0.17 | -0.17 | 0.04 | 0.00 | -0.27 |
| 16 | 0.01 | -0.05 | -0.12 | 0.08 | 0.10 | -0.24 | -0.12 | 0.17 | -0.15 |
| 17 | 0.02 | 0.20 | 0.07 | -0.33 | 0.34 | -0.20 | -0.15 | 0.13 | 0.34 |

Tabel 4.11 (Vervolg):

| FAKTORE | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 0.14 | 0.15 | -0.11 | -0.05 | -0.01 | 0.11 | 0.09 | -0.03 |
| 2 | 0.09 | 0.01 | -0.03 | 0.13 | -0.11 | 0.03 | -0.20 | -0.01 |
| 3 | 0.17 | 0.07 | 0.24 | -0.20 | 0.32 | 0.03 | -0.03 | 0.05 |
| 4 | 0.07 | 0.13 | 0.11 | 0.05 | -0.17 | -0.04 | 0.03 | -0.18 |
| 5 | -0.30 | 0.29 | 0.11 | -0.12 | 0.04 | 0.27 | 0.07 | 0.22 |
| 6 | -0.16 | -0.15 | 0.13 | 0.29 | -0.07 | -0.00 | -0.06 | 0.07 |
| 7 | 0.12 | 0.37 | 0.45 | 0.24 | -0.03 | 0.36 | 0.15 | -0.13 |
| 8 | 0.01 | 0.01 | -0.32 | -0.22 | -0.09 | 0.19 | -0.12 | 0.29 |
| 9 | 0.42 | -0.20 | -0.22 | 0.39 | -0.43 | 0.05 | 0.23 | 0.15 |
| 10 | 0.37 | -0.22 | 0.17 | 0.23 | 0.17 | -0.16 | -0.35 | 0.41 |
| 11 | -0.23 | -0.16 | 0.05 | -0.13 | -0.07 | -0.63 | 0.45 | -0.04 |
| 12 | 0.15 | 0.42 | -0.05 | 0.25 | -0.19 | -0.17 | 0.25 | -0.17 |
| 13 | 0.50 | 0.16 | -0.28 | -0.34 | 0.13 | -0.11 | -0.17 | -0.44 |
| 14 | -0.19 | 0.56 | -0.31 | 0.33 | 0.16 | -0.38 | -0.32 | 0.21 |
| 15 | 0.24 | -0.01 | 0.00 | 0.18 | 0.66 | -0.04 | 0.46 | 0.16 |
| 16 | 0.27 | 0.28 | 0.28 | -0.44 | -0.32 | -0.21 | 0.11 | 0.51 |
| 17 | -0.05 | 0.05 | -0.50 | -0.06 | 0.06 | 0.31 | 0.35 | 0.25 |

Tabel 4.12: Geroteerde faktorpatroon (slegs faktore met variansie > 2 word weergegee):

| VELD | FAKTORE 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | KOMMU= NALI= TEIT * |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| I | 0.86 | | | | | | | | 0.95 |
| C | 0.81 | | | | | | | | 0.84 |
| A | 0.80 | | | | | | | | 0.75 |
| FR | 0.80 | | | | | | | | 0.78 |
| S | 0.70 | | | | | | | | 0.71 |
| EX | 0.67 | | | | | | | | 0.88 |
| ALG | | 0.84 | | | | | | | 0.80 |
| KOMM | | 0.76 | | | | | | | 0.68 |
| AR | | 0.76 | | | | | | | 0.80 |
| KOPL | | 0.70 | | | | | | | 0.76 |
| PLA | | -0.54 | | | | | | | 0.83 |
| SELFB | | | 0.77 | | | | | | 0.74 |
| SENU | | | 0.75 | | | | | | 0.76 |
| GESIN | | | 0.50 | | | | | | 0.71 |
| GES2 | | | 0.46 | | | | | | 0.74 |
| GEW | | | -0.76 | | | | | | 0.74 |

Tabel 4.12 (Vervolg):

| VELD | FAKTORE 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | KOMMU= NALI= TEIT * |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SELFV | | | | 0.78 | | | | | 0.78 |
| EIE | | | | 0.73 | | | | | 0.75 |
| S-G | | | | 0.55 | | | | | 0.68 |
| S-S | | | | 0.48 | | | | | 0.63 |
| FOR | | | | 0.47 | | | | | 0.78 |
| HUW | | | | | 0.85 | | | | 0.81 |
| HIER | | | | | 0.76 | | | | 0.78 |
| GES | | | | | 0.56 | | | | 0.75 |
| ET | | | | | 0.42 | | | | 0.72 |
| VOL | | | | | | 0.74 | | | 0.73 |
| KYK | | | | | | 0.73 | | | 0.79 |
| RIS | | | | | | 0.67 | | | 0.80 |
| EMO | | | | | | 0.53 | | | 0.76 |
| NC | | | | | | | 0.76 | | 0.75 |
| SAV | | | | | | | 0.72 | | 0.79 |
| SY | | | | | | | 0.68 | | 0.76 |
| PERS | | | | | | | 0.54 | | 0.68 |
| OUT | | | | | | | | 0.79 | 0.75 |
| INT | | | | | | | | 0.63 | 0.81 |
| GEDR | | | | | | | | -0.37 | 0.67 |

**Sleutel:**

**GRAFIESE GESINSBEELDINGSTOETS:**

PLA = Plasing van gesin op papier

RIS = Risiko

HIER = Hiërargie

GES = Patroon/Gestalt

HUW = Huwelikskoalisie

ET = Etikettering

EMO = Emosie

KYK = Kykgedrag

VOL = Volgorde

**PERSONAL ORIENTATION INVENTORY:**

I = Ondersteuningsratio

SAV = Selfaktualiseringswaarde

EX = Eksistensialiteit

FR = Gevoelsreaksie

C = Kapasiteit vir intieme kontak

S = Spontaneïteit

NC = Mensbeskouing

SY = Sinergie

A = Aanvaarding van aggressie

**FAMILY ADJUSTMENT DEVICE:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| AR | = Affektiewe responsiwiteit | KOMM | = Kommunikasie |
| KOPL | = Probleemoplossing | GEDR | = Gedragskontrole |
| ALG | = Algemene funksionering | | |

**GESIN-VAN-OORSPRONG SKAAL:**

OUT = Outonomie

INT = Intimiteit

**PERSOONLIKE, HUISLIKE, SOSIALE EN FORMELE VERHOUDINGEVRAELYS:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| SELFV | = Selfvertroue | GES2 | = Gesondheid |
| EIE | = Eiewaarde | GESIN | = Gesinsinvloede |
| SELFB | = Selfbeheer | PERS | = Persoonlike vryheid |
| SENU | = Senuweeagtigheid | FOR | = Formele verhoudinge |
| S-G | = Sosialiteit - G | GEW | = Gewenstheidskaal |
| S-S | = Sosialiteit - S | | |

* = dui die hoeveelheid variansie aan van die veld wat deur die faktore verklaar word.

Variansie verklaar deur elke faktor:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| FAKTOR 1 | FAKTOR 2 | FAKTOR 3 | FAKTOR 4 | FAKTOR 5 | FAKTOR 6 |
| 4.729478 | 3.722639 | 3.230222 | 2.721201 | 2.533819 | 2.511931 |
| FAKTOR 7 | FAKTOR 8 | FAKTOR 9 | FAKTOR 10 | FAKTOR 11 | FAKTOR 12 |
| 2.483080 | 2.042760 | 1.729663 | 1.703121 | 1.644007 | 1.638233 |
| FAKTOR 13 | FAKTOR 14 | FAKTOR 15 | FAKTOR 16 | FAKTOR 17 | |
| 1.627508 | 1.574977 | 1.574270 | 1.533085 | 1.438585 | |

By die interpretasie van die faktorpatroon hierbo lewer die POI die grootste bydrae tot die totale variansie wat verklaar word. Verder is daar geen noemenswaardige resultate nie, maar daar kan egter verwys word op die klein bydrae van die FAD en moontlik die PHSF tot die totale faktorpatroon. Dit blyk dus dat die Grafiese Gesinsbeeldingstoets nie goed beskryf word deur die 17 faktore nie, wat moontlik beteken dat die GGBT nuwe of andersoortige konstrukte meet.

Dit wil dus voorkom dat die Grafiese Gesinsbeeldingstoets nie net meerdimensioneel is nie maar ook oor die algemeen onafhanklik is van die ander persoonlikheidstoetse in hierdie ondersoek. Indien die konstrukgeldigheid van die GGBT aanvaar word, en in die verband sal verdere navorsing beslis nodig wees, blyk dit dat die toets 'n redelik unieke byvoeging tot die bestaande repertoire van die sielkundige kan wees.

Voorts is besluit om die verband tussen die Grafiese Gesinsbeeldingstoets en die ander sielkundige toetse in die ondersoek met behulp van meervoudige regressieontleding te ondersoek. Soos reeds onder punt 3.4.1 gemotiveer, word 'n ietwat minder streng beduidendheidspeil van 0.20 vir die globale toets van die regressievergelyking se voorspellingswaarde gebruik.

Die regressieontledingsresultate met "Struktuur", "Intra-psigiese belewinge", "Proses" en GGBTOT om die beurt as afhanklike veranderlikes, word in Tabel 4.13 hieronder gerapporteer.

## 4.6 Meervoudige regressieontleding: Grafiese Gesinsbeeldingstoets as afhanklike veranderlike

Die vraag ontstaan of al die ander toetse in die ondersoek saam 'n beduidende voorspelling (of verband) van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets gee.

'n Meervoudige regressieontleding is derhalwe met behulp van die program PROC REG van die statistiese sagtewaresisteem SAS (SAS User's Guide, 1985) uitgevoer met elkeen van die drie faktore en GGBTOT van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets as afhanklike veranderlikes. Die resultate word hierna in Tabel 4.13 opgesom.

Tabel 4.13: Meervoudige regressieontledingsresultate met die faktore van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets as afhanklike faktore (N = 89)

| TOETS | Grafiese Gesinsbeeldingstoets: afhanklike verandelikes: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | STRUKTUUR | | INTRA-PSIGIESE BELEWINGE | | PROSES | | GGBTOT | |
| | koëf | #p-waarde | koëf | p-waarde | koëf | p-waarde | koëf | p-waarde |
| KONST | 4.20 | 0.05 | 4.20 | 0.02 | 6.60 | 0.00 | 4.99 | 0.00 |
| POI: | | | | | | | | |
| TC | 0.02 | 0.64 | 0.10 | 0.00 | -0.07 | 0.08 | 0.01 | 0.55 |
| I | -0.10 | 0.02 | 0.05 | 0.18 | -0.05 | 0.24 | -0.03 | 0.18 |
| SAV | 0.13 | 0.01 | -0.05 | 0.25 | 0.10 | 0.04 | 0.06 | 0.03 |
| EX | 0.01 | 0.84 | -0.10 | 0.01 | 0.05 | 0.27 | -0.01 | 0.59 |
| FR | 0.09 | 0.07 | -0.02 | 0.66 | 0.00 | 0.95 | 0.02 | 0.41 |
| S | 0.03 | 0.50 | 0.00 | 0.97 | 0.00 | 0.96 | 0.01 | 0.68 |
| SR | -0.02 | 0.67 | -0.03 | 0.51 | -0.07 | 0.19 | -0.04 | 0.20 |
| SA | 0.10 | 0.05 | -0.09 | 0.04 | 0.07 | 0.21 | 0.03 | 0.41 |
| NC | -0.03 | 0.65 | -0.03 | 0.54 | 0.11 | 0.11 | 0.02 | 0.69 |
| SY | 0.02 | 0.81 | 0.12 | 0.06 | -0.09 | 0.28 | 0.02 | 0.71 |
| A | -0.01 | 0.77 | -0.01 | 0.83 | 0.05 | 0.16 | 0.01 | 0.58 |
| C | 0.03 | 0.54 | -0.01 | 0.87 | 0.02 | 0.75 | 0.01 | 0.66 |
| FAD: | | | | | | | | |
| KOPL | -0.06 | 0.74 | -0.18 | 0.25 | -0.02 | 0.91 | -0.09 | 0.44 |
| KOMM | 0.45 | 0.01 | 0.15 | 0.33 | -0.26 | 0.17 | 0.11 | 0.31 |
| ROL | 0.38 | 0.07 | -0.09 | 0.60 | -0.04 | 0.87 | 0.08 | 0.52 |
| AR | -0.10 | 0.51 | 0.24 | 0.08 | -0.12 | 0.47 | 0.01 | 0.96 |
| AB | 0.02 | 0.91 | 0.04 | 0.76 | 0.14 | 0.39 | 0.07 | 0.49 |
| GEDR | -0.03 | 0.84 | -0.13 | 0.29 | -0.10 | 0.51 | -0.09 | 0.32 |
| ALG | -0.14 | 0.57 | -0.09 | 0.68 | -0.23 | 0.39 | -0.15 | 0.32 |
| GVOS: | | | | | | | | |
| OUT | 0.01 | 0.80 | 0.02 | 0.36 | -0.00 | 0.87 | 0.01 | 0.64 |
| INT | 0.00 | 0.85 | -0.02 | 0.29 | -0.04 | 0.09 | -0.02 | 0.17 |
| PHSF: | | | | | | | | |
| SELFV | -0.05 | 0.34 | 0.00 | 0.94 | -0.09 | 0.12 | -0.05 | 0.16 |
| EIE | 0.07 | 0.23 | -0.06 | 0.25 | 0.08 | 0.20 | 0.03 | 0.39 |
| SELFB | 0.03 | 0.56 | -0.06 | 0.20 | -0.01 | 0.90 | -0.01 | 0.72 |
| SENU | -0.01 | 0.82 | 0.07 | 0.18 | -0.02 | 0.73 | 0.01 | 0.77 |
| GES2 | 0.00 | 0.99 | -0.05 | 0.37 | 0.13 | 0.04 | 0.03 | 0.43 |
| GESIN | 0.11 | 0.12 | 0.05 | 0.44 | 0.03 | 0.71 | 0.06 | 0.16 |
| PERS | -0.07 | 0.18 | -0.06 | 0.17 | -0.07 | 0.23 | -0.07 | 0.04 |
| S-G | 0.01 | 0.79 | -0.00 | 0.97 | -0.05 | 0.39 | -0.01 | 0.70 |
| S-S | 0.07 | 0.29 | -0.03 | 0.66 | -0.01 | 0.91 | 0.01 | 0.76 |
| MOR | -0.06 | 0.25 | -0.02 | 0.62 | 0.05 | 0.43 | -0.01 | 0.69 |
| FOR | -0.05 | 0.47 | 0.03 | 0.58 | 0.01 | 0.86 | -0.00 | 0.98 |
| GEW | -0.05 | 0.34 | 0.02 | 0.71 | 0.03 | 0.55 | 0.00 | 0.99 |

Tabel 4.13 (Vervolg):

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| $R^2$ | 0.47 | 0.46 | 0.44 | 0.44 |
| Aangepaste $R^2$* | 0.12 | 0.10 | 0.08 | 0.07 |
| F-waarde** | 1.34 | 1.23 | 1.21 | 1.20 |
| P-waarde** | 0.17 | 0.22 | 0.27 | 0.28 |

**Sleutel:**

**POI = PERSONAL ORIENTATION INVENTORY**

TC = Tydratio

I = Ondersteuningsratio

SAV = Selfaktualiseringswaarde

EX = Eksistensialiteit

FR = Gevoelsreaksie

S = Spontaneïteit

C = Kapasiteit vir intieme kontak

SR = Selfagting

SA = Selfaanvaarding

NC = Mensbeskouing

SY = Sinergie

A = Aanvaarding van aggressie

**FAD = FAMILY ADJUSTMENT DEVICE**

AR = Affektiewe responsiwiteit

AB = Affektiewe betrokkenheid

KOPL = Probleemoplossing

ALG = Algemene funksionering

KOMM = Kommunikasie

ROL = Rolle

GEDR = Gedragskontrole

**GVOS = GESIN-VAN-OORSPRONG SKAAL**

OUT = Outonomie

INT = Intimiteit

**PHSF = PERSOONLIKE, HUISLIKE, SOSIALE EN FORMELE VERHOUDINGE= VRAELYS**

SELFV = Selfvertroue

EIE = Eiewaarde

SELFB = Selfbeheer

SENU = Senuweeagtigheid

S-G = Sosialiteit - G

S-S = Sosialiteit - S

GES2 = Gesondheid

GESIN = Gesinsinvloede

PERS = Persoonlike vryheid

MOR = Morele inslag

FOR = Formele verhoudinge

GEW = Gewenstheidskaal

# = statistiese beduidendheid van die t-waarde vir die toets van $H_o$: populasieregressiekoëffisiënt = 0.0

(Die rekenaardrukstukke met die volledige resultate is op aanvraag beskikbaar.)

* = $R^2$ aangepas vir die getal onafhanklike veranderlikes in die vergelyking (Draper & Smith, 1981).

** = Hierdie f-waarde en geassosieerde p-waarde is vir die model as 'n geheel.

KONST = KONSTANTE ; koëf = koëffisiënt

Slegs die regressieontleding met die faktor "Struktuur" as afhanklike veranderlike lewer statisties beduidende resultate op die 0.20-peil (vgl. 3.1.4 vir motivering van hierdie peil). Dit lewer ook 22.09% gemeenskaplike variansie.

'n Inspeksie van die p-waardes van die onafhanklike veranderlikes in hierdie regressievergelyking vir "Struktuur" dui daarop dat slegs die subtoetse Selfaktualiseringswaarde (SAV) van die POI en Kommunikasie (KOMM) van die FAD 'n unieke bydrae op die 0.01-peil tot die totale voorspelling lewer.

Een ander veranderlike bereik op die 0.02-peil beduidendheid, naamlik Ondersteuningsratio (I) van die POI. Op die 0.05-peil is een ander veranderlike beduidend, naamlik Selfaanvaarding (SA) van die POI.

Hoewel die regressievergelyking vir "Intra-psigiese belewinge" nie in die geheel beduidend op die 0.20-peil is nie, is dit tog opmerklik dat Eksistensialiteit (EX) en Tydratio (TC) van die POI beduidend voorspel op die 0.01-peil. Een ander veranderlike, naamlik Selfaanvaarding (SA) van die POI lewer 'n beduidende bydrae op die 0.04-peil.

Die regressieontleding met die faktore "Proses" en GGBTOT het subtoetse wat op die 0.04- en 0.05-peil beduidende bydraes lewer (vgl. Tabel 4.13).

Dit is opmerklik dat veral die POI 'n belangrike bydrae in hierdie regressieontleding en dus ook in hierdie navorsing lewer. Die bydrae wat die POI en van die ander toetse (byvoorbeeld die FAD en PHSF) lewer, is toe te skryf aan gemeenskaplike konstrukte en ook dat daar kenmerkende ooreenkomste in die rasionaal tussen genoemde toetse en velde van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets bestaan (vgl. 2.10, 3.3.1, 3.3.2, 3.3.3, 3.3.4, en 3.3.5).

## 4.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die meerdimensionele aard al dan nie van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets ondersoek met behulp van faktorontleding en meervoudige regressieontleding.

Daar is grond gevind vir 'n gevolgtrekking dat die Grafiese Gesinsbeeldingstoets wel onderliggend meerdimesioneel is en drie faktore is geïdentifiseer, naamlik: "Struktuur", "Intra-psigiese belewinge", en "Proses".

Die verband tussen hierdie drie faktore en die ander toetse in die ondersoek is daarna met behulp van Pearson produkmomentkorrelasies en meervoudige regressieontleding ondersoek.

In die algemeen is die Grafiese Gesinsbeeldingstoets statisties onafhanklik van die ander toetse bevind wat daarop kan dui dat die toets 'n onafhanklike bydrae tot die toetsarsenaal van die sielkundige kan maak.

Enkele uitsonderinge is die faktor "Struktuur" se verband met: Selfaktualiseringswaarde (SAV - POI); Kommunikasie (KOMM - FAD); Ondersteuningsratio (I - POI); Selfaanvaarding (SA - POI).

Die faktor "Intra-psigiese belewinge" se verband met: Eksistensialiteit (EX - POI); Tydratio (TC - POI); Selfaanvaarding (SA - POI).

Die faktor "Proses" hou verband met: Algemene funksionering (ALG - FAD); Kommunikasie (KOMM - FAD); Affektiewe responsiwiteit (AR - FAD); Selfaktualiseringswaarde (SAV - POI); Gesondheid (GES2 - PHSF).

Die faktor GGBTOT hou verband met: Algemene funksionering (ALG - FAD); Eksistensialiteit (EX - POI); Kapasiteit vir intieme kontak (C - POI); Gesinsinvloede (GESIN - PHSF); Persoonlike vryheid (PERS - PHSF); Selfaktualiseringswaarde (SAV - POI).

Slegs die faktor "Struktuur" lewer statisties beduidende resultate op die 0.20-peil. Dit lewer ook 22% gemeenskaplike variansie, wat dus amper 'n kwart van die totale variansie is. Die ander faktore is nie in die geheel beduidend op die 0.20-peil nie, maar sekere veranderlikes lewer bydraes op die 0.01-, 0.04- en 0.05-peil. Die POI lewer 'n belangrike bydrae in die regressieontleding.

# HOOFSTUK 5

## 5. SLOTOPMERKING EN AANBEVELINGS

### 5.1 Slotopmerkings

Die doel van hierdie studie was die geldigheidsbepaling van die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) as hulpmiddel by die evaluering van gesinne se gesinsdinamika.

Vanuit die literatuur het dit duidelik geblyk dat 'n projektiewe tegniek 'n baie nuttige meetinstrument is om individuele sowel as gesinsfunksionering van die mens te meet. Afgesien van die feit dat daar baie besware geopper word teen die gebruik van 'n projektiewe tegniek, omdat dit nie altyd voldoen aan die nodige betroubaarheid en geldigheid nie, bly dit nog altyd bruikbaar en besit dit ook groot diagnostiese waarde.

Vir die ontleding van die GGBT is daar ook 'n nasiensisteem ontwikkel om die verskillende velde te kodeer. Dit blyk dat die 18 velde van die GGBT in 'n mindere of meerdere mate ondersteun word uit die gesinsterapieliteratuur en inligting aangaande die interpretasie van tekeninge. Daar is ook aangetoon dat die GGBT ondersoekend van aard is ten opsigte van teoretiese konsepte en dimensies relevant in die behandelingsproses (byvoorbeeld gesinskohesie en -aanpasbaarheid, koalisies, dominansie, ensovoorts).

Die toetsgegewens toon aan dat die GGBT meerdimensioneel van aard is, met ander woorde dit meet verskillende konstrukte soos "Proses", "Struktuur" en "Intra-psigiese belewinge." Die faktor "Struktuur" is in die geheel op die 0.20-peil beduidend. Die POI het die grootste beduidende bydrae gelewer, terwyl die FAD ook in 'n mindere mate 'n bydrae gelewer het.

Die GGBT behoort dus in 'n sekere mate 'n geldige meting te kan maak van huweliks- en/of gesinsfunksionering. 'n Afleiding waartoe geraak kan word vanuit bogenoemde is dat die GGBT in 'n meerdere mate andersoortige konstrukte as die ander meetinstrumente meet. Die geldigheid van die GGBT kan deur verdere navorsing verhoog word, soos hieronder aanbeveel word.

## 5.2 Aanbevelings

Hierdie studie is ontwerp om te dien as voorloper van voortgesette navorsing by die meting of identifisering van die gesinsdinamika van gesinne. Tydens die ondersoek het daar duidelike leemtes na vore gekom wat vermeld behoort te word:

* Sommige toetsinstruksies kan meer akkommoderend wees, met ander woorde dit behoort vir die toetsling meer alternatiewe te bied. Laasgenoemde aspek kom veral voor by die velde Etikettering en Emosie.

* Die nasiensisteem van die GGBT skep ruimte vir verwarring veral omdat sekere velde hulle kan leen tot subjektiewe interpretasies, byvoorbeeld die velde Risiko, Lynkwaliteit, Uitvee, Patroon/Gestalt, Huwelikskoalisie, Kindersubsisteem, Hiërargie en Grootte.

* Die keuse van "Ander" by die nasien van sommige velde moet afgeskaal word omdat dit tydens die kwantifisering van die data van weinig diagnostiese waarde is.

Verdere navorsing ten opsigte van die volgende aspekte word aanbeveel:

1. Navorsing op groter steekproewe om die rol te bepaal wat geslag, ouderdom, opvoedkundige kwalifikasies en

sosio-ekonomiese omstandighede kan speel by die waarneming van die verskillende velde as moontlike veranderlikes wat weer 'n rol kan speel by die bepaling van die perso(o)n(e) se gesinsfunksionering.

2. 'n Kruiskulturele studie vir die ontleding van toetsbillikheid en -sydigheid (hierdie aspekte is ook belangrik met die oog op standaardisasie van die GGBT).

3. Die bepaling van die verband tussen nie-verbale gedrag van die gesinslede (byvoorbeeld gesigsuitdrukkings, liggaamshouding, oogkontak en stemtoon) en die velde van die GGBT (veral die velde Etikettering, Emosie, Horisontale gedrag, Kykgedrag, Belewing, Naaste en Grootte).

4. Die toevoeging van 'n negentiende veld, naamlik Kommunikasie (KOMM), moontlik gebaseer op die werk van Geddes & Medway (1977: 219-228), soos vroeër na verwys. (Vgl. 2.10.)

5. Die bepaling van interbeoordelaarbetroubaarheid van die GGBT.

6. Die bepaling van inhoudsgeldigheid van al die velde van die GGBT.

7. Die uitvoer van navorsing tussen die GGBT en ander projektiewe tegnieke (byvoorbeeld die TAT, en tematiese gesinstekeninge), in terme van inhoud en vorm.

8. Itemontleding van die konstrukte om die diskriminasiewaardes van elke konstruk te bepaal.

9. 'n Ondersoek na die diagnostiese en prosesimplikasies wanneer die gesin hulself grafies uitbeeld in terme van die

verlede of in konteks van die toekoms.

10. 'n Ondersoek na die rol van die "beeldhouer" ("sculptor") soos gekorreleer met ander erkende gesinsrolle (byvoorbeeld beskuldiger, ja-broer, heler, ensovoorts).

11. 'n Beoordeling van die gebruikswaarde van die GGBT met verskillende gesinstipes.

**OPSOMMING**

Die doel van hierdie studie is om die Grafiese Gesinsbeeldingstoets (GGBT) te valideer as hulpmiddel tydens die evaluering van gesinsdinamika. Die studie het gefokus op konstrukgeldigheid.

In die literatuurstudie word 'n oorsig gegee van die onderskeid tussen die begrippe en teorieë van: validering, gesinsbeelding, Grafiese Gesinsbeelding, projeksie en die psigies gesonde gesin. Daar word verwys na 'n beskrywing van die sisteembenadering en toepaslikheid van hierdie studie in so 'n benadering. Laastens is daar 'n bespreking van die rasionaal van die 18 velde van die GGBT.

In hoofstuk 3 is die eksperimentele ontwerp asook die ontwikkeling, ontwerp, rasionaal en toepassing van die GGBT bespreek. Die nasiensisteem van die GGBT is onder oënskou geneem. Die 18 velde van die GGBT is:

1. Plasing van gesin op papier
2. Ruimte op papier
3. Lynkwaliteit
4. Uitvee
5. Patroon/Gestalt
6. Volgorde
7. Huwelikskoalisie
8. Kindersubsisteem
9. Etikettering
10. Emosie
11. Horisontale gedrag
12. Kykgedrag
13. Belewing

14. Ervaring
15. Naaste
16. Hiërargie
17. Grootte
18. Risiko

Daar is verder aandag geskenk aan vier ander toetse, naamlik die Personal Orientation Inventory (POI), Family of Origin Scale (FOS), Family Assessment Device (FAD), en die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingevraelys (PHSF) se rasionaal, beskrywing, psigometriese eienskappe en motivering vir insluiting.

In Hoofstuk 4 word die statistiese resultate bespreek. Die toetsgegewens wat verkry is, is ontleed om die verband aan te toon tussen die GGBT en die ander toetse wat bespreek is. Faktorontleding is op die GGBT uitgevoer en het die groepering "Struktuur", "Intra-psigiese belewinge" en "Proses" uitgewys.

In die algemeen is die Grafiese Gesinsbeeldingstoets statisties onafhanklik van die ander toetse bevind, wat daarop kan dui dat die toets 'n onafhanklike bydrae tot die toetsarsenaal van die psigoloog kan maak. Dit blyk dat die GGBT oor 'n mate van geldigheid beskik, maar in hierdie verband sal meer navorsing noodsaaklik wees.

Uit beide die literatuur en die toetsresultate, wil dit voorkom asof die GGBT 'n baie bruikbare diagnostiese en terapeutiese hulpmiddel kan wees vir die psigoloog in sy hulpverleningsproses aan huwelike en/of gesinne.

Verdere navorsing word in die lig van hierdie studie gesuggereer.

## SUMMARY

The purpose of the study was to validate the Graphic Family Sculpting Test (GFST) to be used as an aid when evaluating family dynamics. The study focused on construct validity.

In the literature review, an attempt was made to give an overview of the distinction between the concepts and theories of validation, family sculpting, graphic family sculpting, projection and the psychologically healthy family. Reference to the systems approach, as well as the applicability of the present study to such an approach, is made. Finally, a discussion of the rationale of the 18 fields of the GFST is given.

The experimental design, the development, design, rationale and application, as well as the scoring procedure of the GFST is addressed in chapter 3. The 18 fields of the GFST are:

1. Placement of family on paper
2. Space on paper
3. Line quality
4. Erase
5. Pattern/Gestalt
6. Sequence
7. Marital coalition
8. Child sub-system
9. Labelling
10. Emotion
11. Horizontal behaviour
12. Looking behaviour
13. Experiential dimension

14. Experience/Emotional reaction
15. Closest
16. Hierarchy
17. Size
18. Risk

Further attention was given to four other tests' viz. the Personal Orientation Inventory (POI), Family of Origin Scale (FOS), Family Assessment Device (FAD), and the PHSF Relations Questionnaire (PHSF) rationale, description, psychometric attributes and motivation for inclusion.

In chapter 4, the statistical results are discussed. The test results obtained were examined in order to establish the relationship between the GFST and the other tests that were used. Factor analysis was conducted on the GFST, resulting in three factors, which were named: "Structure", "Intra-psychic experiences" and "Process".

Overall, the GFST was found to be statistically independent with respect to the other tests. This seems to suggest that the GFST could make a significant contribution to the test repertoire of the psychologist. It also suggests that the GFST exhibits a degree of validity, however more research is required in this regard.

In the literature as well as from the test results, it would appear that the GFST is a very useful diagnostic and therapeutic instrument for the psychologist in the helping process, with regard to marriages and/or families.

Further research is recommended in the context of this study.

**BRONNELYS**

ABT, L.E. & BELLAK, L., reds. 1950. Projective psychology: clinical approaches to the total personality. New York : Knopf.

ACKERMAN, N.W. 1966. Treating the troubled family. 2nd print. New York : Basic Books. 306p.

Ackerman, N.W., Beatman, F.L. & Sherman, S.N., reds. 1967. Expanding theory and practice in family therapy. 2nd print. New York : Family service association of America. 182p.

ADAMS, G.S. 1966. Measurement and evaluation in education. Psychology and guidance. New York : Holt, Rinehard & Winston.

ALBEE, C.W. & HAMILIN, R.M. 1950. Judgement of adjustment from drawings: the applicability of rating scale methods. Journal of clinical psychology, 6: 363-365.

ANASTASI, A. 1961. Psychological testing. 2nd ed. New York : Macmillan.

ANASTASI, A. 1976. Psychological testing. 4th ed. New York : Macmillan. 750p.

ANDERSON, H.H. & ANDERSON, G.L. 1951. An introduction to projective techniques. Englewood Cliffs: N.J. : Prentice-Hall.

ANDOLFI, M. 1979. Family therapy: an interactional approach. New York : Plenum Press.

APONTE, H.J. & VAN DEUSEN, J.M. 1981. Structural family therapy. (In Gurman, A.S. & Kniskern, D.P., reds. Handbook of family therapy. New York : Brunner. p. 314-443.)

ARGYLE, M. & DEAN, J. 1965. Eye-contact, distance and affiliation. Sociometry, 28: 289-304.

BARNHILL, L.R. 1979. Healthy family systems. Family coordinator, 28(1): 94-100.

BELL, J.E. 1948. Projective techniques: a dynamic approach to the study of the personality. New York : Longmans.

BENNET, V.D.C. 1964. Does size of figure drawing reflect selfconcept? Journal of consulting psychology, 28(3): 285-286.

BING, E. 1970. The conjoint family drawing. Family process, 9: 173-194.

BLATT, S.J. 1975. The validity of projective techniques and their research and clinical contribution. Journal of personality assessment, 39(4): 327-343.

BLOMMERS, P. & LINDQUEST, E.F. 1966. Elementary statistical methods in psychology and education. Boston : Miffin.

BODIN, A.M. 1981. The interactional view: family therapy approaches of the Mental Research Institute. (In Gurman, A.S. & Kniskern, D.P., reds. Handbook of family therapy. New York : Brunner. p. 267-309.)

BOWEN, M. 1966. The use of family theory in clinical practice. Comprehensive psychiatry, 7: 345-374.

BOWEN, M. 1967. Toward the differentiation of a self in one's own family. (In Framo, J.L., red. Family interaction. New York : Springer.)

BOWEN, M. 1976b. Principles and techniques of multiple family therapy. (In Guerin, P.J., red. Family therapy: theory and practice. New York : Gardner. p. 388-404.)

BROWN, F.G. 1976. Principles of educational and psychological testing. New York : Holt, Rinehart & Winston.

BUCKLEY, W. 1967. Sociology and modern systems theory. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice Hall.

BURNS, R.C. & KAUFMAN, S.H. 1970. Kinetic family drawings. New York : Brunner.

CAMPBELL, D. 1957. Factors relevant to the validity of experiments in social settings. Psychological bulletin, 54: 297-312.

CATTELL, R.B. 1949. rp and other coefficients of pattern similarity. Psychometrika, 14: 279-298.

CILLIERS, F.V.N. 1984. 'n Ontwikkelingsprogram vir sensitiewe relasievorming as bestuursdimensie. Potchefstroom. (Proefskrif (D. Phil.) - PU vir CHO.)

COMBRINK, J.C. 1975. Aspekte van ruimtelike gedrag by die mens, met besondere verwysing na persoonlike ruimte. Potchefstroom. (Proefskrif (D. Phil.) - PU vir CHO.)

CONSTANTINE, L. 1977. Notes on a verified system theory of human process. Paper presented at the University of Minnesota : Department of Family Social Science.

COOK, T.D. & CAMBELL, D.T. 1979. Quasi-experimentation: design and analysis issues for field settings. New York : McNally.

CRANE, D.R. & GRIFFEN, W. 1983. Personal space: an objective measure of marital quality. Journal of marital and family therapy, 9(3): 325-327.

CROMWELL, R.E. & KEENY, B.P. 1979. Diagnosing marital and family systems: a training model. Family coordinator, 28: 101-108.

CROMWELL, R.E. & KEENY, B.P. 1980. A systems approach to marital and family diagnosis. Journal of counselling and psychotherapy, 2: 69-78.

DE WET, C.F. 1985. Huweliksterapie met verwysing na gesinne van oorsprong. Potchefstroom. (Skripsie (MA) - PU vir CHO.)

DILEO, J.H. 1970. Young children and their drawings. New York : Brunner. 232p.

DOWNIE, N.M. 1967. Fundamentals of measurement: techniques and practices. London : Oxford University Press. 482p.

DRAPER, N.R., & Smith, H. 1981. Applied regression analysis. New York : Wiley.

DU PLESSIS, W.F. 1982. Beangste en nie-beangste eerstejaarstudente: 'n klinies-psigologiese verkenning. Potchefstroom. (Proefskrif (D. Phil.) - PU vir CHO.)

DUHL, F.J., KANTOR, D. & DUHL, B.S. 1974. Learning, space and action in family therapy: a primer of sculpture. (In Bloch, D.A., red. Techniques and family psychotherapy: a primer. New York : Grune & Stratton.)

ENTWISTLE, D.R. 1972. To dispel fantasies about fantasy-based measures of achievement motivation. Psychological bulletin, 77: 377-391.

EPSTEIN, N.B., BALDWIN, L.M. & BISHOP, D.S. 1983. The McMaster family assessment device. Journal of marital and family therapy, 9(2): 171-180.

EPSTEIN, N.B. & BISHOP, D.S. 1981. Problem-centered systems therapy of the family. (In Gurman, A.S. & Kniskern, D.P., reds. Handbook of family therapy. New York : Brunner. p. 444-479.)

ERASMUS, P.F. 1975. A survey of the literature on Bantu personality with particular reference to TAT investigations and investigations into depth perception: guidelines for a possible TAT test for the bantu. Pretoria. Human Science Research Council.

EVERETT, C.A. & SOLLEE, D. 1986. The adventures of family therapy. 44th Annual conference. Washington, D.C. : American association for marriage and family therapy. 104p.

FERGUSON, G.A. 1981. Statistical analysis in psychology and education. 5th ed. New York : McGraw-Hill. 483p.

FISHER, B.L., GIBLIN, P.R. & REGAS, S.J. 1983. Healthy family functioning/goals of family therapy II: an assessment of what therapists say and do. The American journal of family therapy, 11(4): 41-54.

FISHER, J. & KNAPP, R.R. 1977. The validity of the Personal Orientation Inventory for measuring the effects of training for therapeutic practice. Educational and psychological measurement, 37: 1069-1074.

FISHER, B.L. & SPRENKLE, D.H. 1978. Therapists perceptions of healthy family functioning. International journal of family counselling, 6(2): 9-18.

FOUCHé, F.A. & GROBBELAAR, P.E. 1971. Handleiding vir die PHSF-verhoudingevraelys. Pretoria. RGN.

FRAMO, J.L. 1976. Family of origin as a therapeutic resource for adults in marital and family therapy: you can and should go home again. Family process, 15: 193-210.

FRANK, L.K. 1948. Projective methods. Springfield, Ill. : Thomas.

FRENCH, J.W. & MICHAEL, W.B. 1966. The nature and meaning of validity and reliability. (In Grondlund, N.E., red. Readings in measurement and evaluation. New York : MacMillan.)

FREUD, S. 1958. (1911) Psychoanalytic notes on an autobiographical account of a case of paranoia (dementia paranoides). (In Stackey, J., red. The complete psychological works of Sigmund Freud, 12: 9-82, London : Hogarth.)

FREUD, S. 1924. (1895) The justification for detaching from neurasthenia a particular syndrome: the anxiety-neurosis. (In S. Freud, Collected papers, 1: 76-106, London : Hogarth.)

GEDDES, M. & MEDWAY, J. 1977. The symbolic drawing of the family life space. Family process, 16: 219-228.

GERBER, G.L. 1977. Family schemata in families of symptomatic and normal children. Journal of clinical psychology, 33(1): 43-47.

GIBRAN, K. 1968. The Prophet. New York : Knopf.

GLICK, I.D. & KESSLER, D.R. 1980. Marital and family therapy. New York : Grune & Stratton.

GROBLER, G.E. 1988. Gesinsdinamika van pastoriegesinne. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)

GUARDO, C.J. & MEISELS, M. 1971. Child-parent spatial patterns under praise and reproof. Developmental psychology, 5: 365.

GUION, R.M. 1965. Personnel testing. New York : McGraw-Hill.

GURMAN, A.S. 1978. Contemporary marital therapies: a critique and comparitive analysis of psychoanalitic, behavioral and systems theory approaches. (In Poalino, T.J. & Mc Crady, B.S., reds. Marriage and marital therapy: psychoanalitic, behavioral and systems theory perspectives. New York : Brunner. p. 445-566.)

GURMAN, A.S. 1980. Behavioral marriage therapy in the 1980's: The challange of integration. The American journal of family therapy, 8: 86-96.

GURMAN, A.S., red. 1982. Questions and answers in the practice of family therapy. New York : Brunner.

GURMAN, A.S. & KNISKERN, D.P. 1978. Research on marital and family therapy: progress, perspective and prospect. (In Bergin, A., & Garfield, S., reds. Handbook of psychotherapy and behavior change. 2nd ed. New York : Wiley.)

GURMAN, A.S. & KNISKERN, D.P., reds. 1981. Handbook of family therapy. New York : Brunner. 796p.

HALEY, J. 1962. Family experiments: a new type of experiment. Family process, 1: 265-293.

HALEY, J., red. 1971. Changing families: a family therapy reader. New York : Grune & Stratton.

HAMMER, E.F., red. 1958. The clinical application of projective drawings. Springfield Illinois : Thomas.

HANDLER, L. & REYHER, J. 1964. The effects of stress on the draw-a-person test. Journal of consulting psychology, 28(3): 259-264.

HANSEN, J.C. & L'ABATE, L. 1982. Approaches to family therapy. New York : Macmillan.

HARRIS, D.B. 1963. Children's drawings as measures of intellectual maturity: a revision and extention of the Goodenough draw-a-man test. New York : Harcourt & Brace. 367p.

HAYS, W.L. 1963. Statistics. New York : Holt, Rinehart & Winston. p. 273-604.

HEINICHEN, F.W.O. 1970. Die standaardisering van 'n groepsintelligensietoets vir Indiërleerlinge in die senior klasse van die hoërskool. Pretoria. (Proefskrif (D. Ed.) - UNISA.)

HELBERG, P.J. 1963. Die betekenis van projeksie en ekspressie in die psigologies-pedagogiese diagnostisering van kinders met gedragsafwykings met verwysing na die pedo-terapeutiese waarde. Pretoria. (Verhandeling (M. Ed.) - Universiteit van Pretoria.)

HIGGENS, J., PETERSON, J.C. & DOLBY, L.L. 1969. Social adjustment and family schema. Journal of abnormal psychology, 74(3): 296-299.

HOVESTADT, A.J., ANDERSON, W.T., PIERCY, F.P., COCHRAN, S.W. & FINE, M. 1985. A family-of-origin scale. Journal of marital and family therapy, 11(3): 287-297.

HULSE, W.C. 1952. Childhood conflict expressed through family drawings. Journal of projective techniques, 16: 66-79.

HUYSAMEN, G.K. 1967. A factor analytic study of children's human figure drawing scores. Port Elizabeth. (Verhandeling (MA) - Universiteit van Port Elizabeth.)

HUYSAMEN, G.K. 1978. Beginsels van sielkundige meting. Pretoria : Academia. 212p.

JACKSON, D.D. 1967. The individual and the larger contexts. Family process, 6: 139-154.

JACKSON, D.D. 1968. Family interaction, family homeostasis and some implications for conjoint family therapy. (In Jackson, D., red. Therapy, communication and change. Palo Alto : Science & Behavior Books.)

JORDAAN, W.J., JORDAAN, J.J. & NIEUWOUDT, J.M. 1975. Algemene sielkunde: 'n psigobiologiese benadering. Johannesburg : McGraw-Hill.

KANTOR, D. & LEHR, W. 1975. Inside the family. San Francisco : Jossey-Bass.

KANTOR, D. & LEHR, W. 1978. Inside the family: toward a theory of family process. San Francisco : Jossey-Bass.

KARPEL, M. 1976. Individuation: from fusion to dialogue. Family process, 15: 65-82.

KEENY, B.P. & CROMWELL, R.E. 1977. Toward systemic diagnosis. Family therapy, 4: 225-236.

KERLINGER, F.N. 1986. Foundations of behavioral research. 3rd ed. New York : Holt, Rinehart & Winston. 569p.

KERR, M.E. 1981. Family systems theory and therapy. (In Gurman, A.S., & Kniskern, D.P., reds. Handbook of family therapy. New York : Brunner. p. 226-266.)

KIEREN, D. & TALLMAN, I. 1971. Adaptability: a measure of spousel problem-solving. Technical report no. 1. Minneapolis : Family Study Centre.

KLEIMAN, J.I. 1981. Optimal and normal family functioning. The American journal of family therapy, 9(1): 37-44.

KLEIN, A. & ARNHEIM, R. 1953. Perceptual analysis of a Rorshach card. Journal of personality, 22: 60-70.

KNAPP, R.R. 1976. Handbook for the Personal Orientation Inventory. San Diego, Calif. : Edits.

KVEBAEK, D., CROMWELL, R. & FOURNIER, D. 1980. The Kvebaek family sculpture technique: a diagnostic and research tool in family therapy. Tennessee : Pilgramage.

KWAITKOWSKA, H.Y. 1967. Family art therapy. Family process, 6: 37-55.

LEDERER, W.J. & JACKSON, D.D. 1968. The mirages of marriage. New York : Norton.

LEEDY, P.D. 1980. Practical research: planning and design. 2nd ed. New York : MacMillan. 270p.

LEVANT, R.F. 1984. Family therapy: a comprehensive overview. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.

LEWIS, J., BEAVERS, W., GOSSET, J. & PHILLIPS, V. 1976. No single thread: psychological health in family systems. New York : Brunner.

LIDZ, T. 1963. The family and human adaptation. New York : International Universities Press.

LINDZEY, G. 1959. On the classification of projective techniques. Psychological bulletin, 49: 1-25.

LINDZEY, G. 1961. Projective techniques and cross-cultural research. New York : Appleton-Century-Crofts.

LUCHINS, A.S. 1950. The stimulus field in social psychology. Psychological review, 57: 27-30.

MAGNUSSEN, D. 1966. Test theory. Ontario : Mills.

MALETESHA, R.N. 1971. The relationship between motivation and attitude of modernization. Journal of psychology research, 15: 111-113.

MARTIN, J.D., BLAIR, G.E., RUDOLPH, L.B. & MELMAN, B.S. 1981. Intercorrelations among scale scores of the Personal Orientation Inventory for nursing students. Psychological reports, 48: 119-202.

MILLER, J.G. 1978. Living systems. New York : McGraw-Hill.

MINUCHIN, S. 1974. Families and family therapy. London : Tavistock. 268p.

MINUCHIN, S. & FISHMAN, H.C. 1981. Family therapy techniques. Cambridge : Harvard University Press.

MINUCHIN, S., MONTALVO, B., GUERNEY, B., ROSMAN, B. & SCHUMER, F. 1967. Families of the slums: an exploration of their structure and treatment. New York : Basic Books.

MULAIK, S. A. 1972. The foundations of factor analysis. New York : McGraw-Hill.

MURRAY, H.A. 1933. The effect of fear upon estimates of the maliciousness of other personalities. Journal of social psychology, 4: 310-339.

MURRAY, H.A. 1951. Foreword (In Anderson, H.H. & Anderson, G.L., reds. An introduction to projective techniques. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall. p. xi-xiv.)

MURSTEIN, B.I. 1963. Theory and research in projective techniques emphazing the TAT. New York : Wiley.

NEL, B.F. & ESTERHUYZEN, C.H. 1958. Die tekening van die menslike figuur as 'n projeksie tegniek. Opvoedkundige studies, 22.

OAKLAND, J.A., FREED, F., LOVEKIN, A., DAVIS, J.P. & CAMILLERI, R. 1978. A critique of Shostrom's Personal Orientation Inventory. Journal of humanistic psychology, 18(2): 75-85.

ODENDAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1984. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 3de hers. uitg. Johannesburg : Perskor.

OGDON, D.P. 1979. Psychodiagnostics and personality assessment: a handbook. 2nd ed. Los Angeles : Western Psychological Services.

OLSON, D.H. 1970. Marital and family therapy: integrative review and critique. Journal of marriage and the family, 32: 501-538.

OLSON, D.H. 1976. Bridging research, theory and application: the triple threat in science. (In Olson, D.H., red. Treating relationship. Lake Mills, Iowa : Graphic Press.)

OLSON, D.H., RUSSELL, C.S. & SPRENKLE, D.H. 1983. Circumplex model of marital and family systems: VI. Theoretical update. Family process, 22: 69-83.

OLSON, D.H., SPRENKLE, D.H. & RUSSELL, C.S. 1979. Circumplex model of marital and family systems: I. Cohesion and adaptability dimensions, family types, and clinical applications. Family process, 18: 3-28.

PALAZZOLI, M.S., BOSCOLO, L., CECCHIN, G. & PRATA, G. 1978. Paradox and counterparadox. New York : Aronson.

PAPP, P. 1976. Family choreography. (In Guerin, P., red. Family therapy: theory and practice. New York : Gardner Press.)

PAPP, P., SILVERSTEIN, O. & CARTER, E. 1973. Family sculpting in preventive work with "well families". Family process, 12(2): 197-212.

PELSER, A.J.K. 1958. Die psigodinamiese grondslag van projektiewe tegnieke met spesiale verwysing na die voorlopige opstelling van so 'n tegniek vir laerskool kinders. Pretoria. (Proefskrif (D. Ed.) - Universiteit van Pretoria.)

PINSOF, W.M. 1981. Family therapy process research. (In Gurman, A.S. & Kniskern, D.P., reds. Handbook of family therapy. New York : Brunner. p. 699-741.)

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1986. Psigologiewoordeboek. 2e uitg. Johannesburg : McGraw-Hill.

RABIN, A.I. 1981. Assessment with psychological techniques. New York : Springer.

RABIN, A.I. & HAWARTH, M.R. 1960. Projective techniques with children. New York : Grune & Stratton.

RAPAPORT, A. 1968. Foreword. (In Buckley, W. Modern systems research for the behavioral scientist. Chicago : Aldine. p. xii-xxii.)

RAPAPORT, A. 1969. Mathematical aspects of general systems analysis. (In Litterer, J.A. Organizations: systems, control and adaption. Vol. II. 2nd ed. New York : Wiley.)

RAPAPORT, D. 1946. Diagnostic psychological testing. Chicago, Illinois : Yearbook Publications.

RAPAPORT, D. 1952. Projective techniques and the theory of thinking. Journal of projective techniques, 16: 269-275.

RAY, J.J. 1973. Projective tests can be made reliable: measuring need for achievement. April 16, 101-109.

REZNIKOFF, M. & ALMA, N. 1958. An evaluation of human figure drawing indications of paranoid pathology. Journal of councelling psychology, 22: 395-397.

REZNIKOFF, M. & REZNIKOFF, H.R. 1956. The family drawing test: a comparitive study of children's drawings. Journal of clinical psychology, 12: 167-169.

ROSENGRIN, K.E., red. 1981. Advances in content analysis. London : Sage Publications.

RUBIN, J.A. & MAGNUSSEN, M.G. 1974. A family art evaluation. Family process, 23: 185-200.

SANSON-FISHER, B. 1978. A multi-dimentional scaling analysis of empathy. Journal of clinical psychology, 34: 971-977.

SARASON, S.B. 1960. Psychological problems in mental deficiency. New York : Harper.

SAS USER'S GUIDE. 1985. Statistics, version 5 edition. SAS Institute Inc., Cary, NC, USA.

SATIR, V. 1967. Conjoint family therapy. Palo Alto : Science & Behavior Books.

SCHACHTEL, E.G. 1966. Experiental foundations of the Rorschach test. London : Tavistock.

SCHOEMAN, W.J., NEL, Z. & WESSELS, S.J. 1983. Die algemene sisteemteorie en kubernetika. Bloemfontein : Departement Sielkunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

SEMEONOFF, B. 1976. Projective techniques. London : Wiley.

SHOSTROM, E.L. 1974. Manual for the Personal Orientation Inventory. San Diego, California : Educational & Industrial Testing Service. 35p.

SHOSTROM, E.L. & KNAPP, R.R. 1966. The relationship of a measure of self-actualization (POI) to a measure of pathology (MMPI) and to therapeutic growth. American journal of psychotherapy, 20: 193-202.

SIMON, R. 1972. Sculpting the family. Family process, 11: 49-57.

SMIT, G.J. 1983. Psigometrika. Pretoria : HAUM.

SPEER, D.C. 1970. Family systems: morphostasis and morphogenesis, or "Is homeostasis enough?" Family process, 9: 259-278.

SPIEGEL, J.P. 1957. The resolution of role conflict within the family. Psychiatry, 20: 1-16.

SPITZ, J.C. 1968. Statistiek voor psychologen, pedagogen, sociologen. 3e hers. druk. Amsterdam : Noord-Hollandsche Uitgevers.

STEINGLASS, P. 1978. The conceptualization of marriage from a systems theory perspective. (In Paolino, T.J. & McCrady, B.S., reds. Marriage and marital thearapy: psychoanalytic, behavioral and systems theory perspectives. New York : Brunner. p. 298-365.)

STIERLIN, H. 1974. Separating parents and adolescents. New York : Quadrangle.

SULLIVAN, H.S. 1953. The interpersonal theory of psychiatry. New York : Norton.

SUNDBERG, N.D. 1977. Assessment of persons. New Jersey : Prentice-Hall.

SUSSMANN, M. & ROBERTSON, D.U. 1986. The validity of validity: an analysis of validation study designs. Journal of applied psychology, 71(3): 461-468.

TOMAN, W. 1976. Family constellation: it's effects on personality and social behavior. 3rd ed. New York : Springer.

VAN LENNEP, D.J. 1948. Psychologie van projectie verschynselen. Utrecht : Nederlandse Stichting voor Psychotechniek.

VAN ZYL, E.M. 1975. 'n Vergelykende studie tussen emosioneelversteurde en goedaangepasde laerskool seuns, met behulp van mensfiguur- en huisgesintekeninge. Potchefstroom. (Skripsie (MA) - PU vir CHO.)

VEIEL, H. & COLES, E.M. 1982. Methodological ambiguities of the projective techniques: an overview and attempt to clarify. Perceptual and motor skills, 51: 443-450.

VENTER, C.A. 1979. Gesinsbeelding as tegniek in gesinsterapie. Potchefstroom. (Skripsie (MA) - PU vir CHO. 178p.)

VENTER, C.A. 1988. Die ontwerp en evaluering van 'n psigologiese voorhuwelikse verrykingsprogram. Potchefstroom. (Proefskrif (D. Phil.) - PU vir CHO. 554p.)

VON BERTALANFFY, L. 1972. The history and status of general systems theory. (In Klir, G.J. Trends in general systems theory. New York : Wiley. p. 21-41.)

VORSATZ, J.M.D. 1963. Die aanwending van beeldende ekspressie en beeldende projeksie as terapeutiese hulpmiddele by kinders. Pretoria. (Verhandeling (M. Ed.) - Universiteit van Pretoria.)

WARREN, H.C., red. 1933. Dictionary of psychology. London : Allan & Unwin.

WEIDER, A. & NOLLER, P.A. 1950. Objective studies of children's drawings of human figures I: sex awareness and socio-economic level. Journal of clinical psychology, 6: 319-324.

WEINSTEIN, L. 1968. The mother-child schema, anxiety, and academic achievement in elementary school boys. Child development, 39: 257-264.

WEINSTEIN, M.S. 1965. Social schemata of emotionally disturbed boys. Journal of abnormal and social psychology, 70: 457-461.

WERTHEIM, E.S. 1973. The science and typology of family systems II. Further theoretical and practical considerations. Family process, 14: 285-309.

WERTHEIMER, M. 1957. Perception and the Rorschach. Journal of projective techniques, 21: 209-216.

WHITE, A. 1944. Interpretations of imaginative productions. (In Hunt, J. McV., red. Personality and the behaviour disorders. Vol 1. New York : Ronald.)

WIENER, N. 1968. Cybernetics in history. (In Bucley, W. Systems research for the behavioral scientists. Chicago : Aldine.)

WINER, B.J. 1971. Statistical principles in experimental design. 2nd ed. Tokyo : McGraw-Hill.

WYNNE, L.C. 1965. Some indications and contra-indications for explanory family therapy. (In Boszormenyi-Nagy, I. & Framo, J.L., reds. Intensive family therapy. New York : Harper & Row.)

WYNNE, L.C., RYCHOFF, I.M., JAY, J. & HIRSCH, S.I. 1958. Pseudo-mutality in the family relations of schizophrenics. Psychiatry, 21: 205-220.

ZEELIE, S. 1989. Die gesinsdinamika van die werklose. Potchefstroom. (Skripsie (MA) - PU vir CHO. 200p.)

ZUBIN, J., ERON, L. & SCHUMER, F. 1965. An experimental approach to projective techniques. New York : Wiley.

ZUK, G. 1971. Family therapy: a triadic-based approach. New York : Behavioral Books.